

DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE
POTCHEFSTROOM-OOS, 1961 – 2011

Genadejare in aanbidding en bediening

Elize S van Eeden

Eerste uitgawe: 2013

Kopiereg © uitgewer: NG-gemeente Potchefstroom-Oos

Taalversorging: Dr Wena Coetzee

Senior Dosent: Skool vir Tale

NWU Vaaldriehoekkampus

(SAVI-LID)

Buitebladuitleg: Elize van Eeden en Yolandi Krone

(Spesiale dank aan Louis Gouws vir die lugfoto van die oostelike gedeelte van Potchefstroom, soos geneem in ca 2007). Die NG-gemeente Potchefstroom-Oos is duidelik sigbaar, sowel as 'n deel van die Gemeente se bedieningsarea.

Uitleg: Yolandi Krone en Elize van Eeden

+27 (0)82 553 6463

E-pos adres: yolandi.yevents@gmail.com

Drukkers: Bontshi Business Services Services (Pty) Ltd

Wierda Park, Centurion, Pretoria

+27 (012) 653 7263

ISBN: 9781868226450

Voorwoord

In u hand is die Handeling van God met die NG Gemeente Potchefstroom-Oos die afgelope vyf dekades. Dit was dekades van genade, van seën, versorging en groei. Sy liefde loop soos 'n goue draad deur ons kort geskiedenis!

Dit is die verhaal van leraars en lidmate, van 'n kerkraad en kategete, van vrouediens en sending wat die geleentheid aangegryp het om deel te wees van God se heil!

Dankie Elize - vir jou as oud lidmaat – se wandel deur ons geskiedenis. Die samewerking was 'n vreugde voorreg!

Dankie Essie vir jou uiters harde werk.

Ds Fanus Hansen
Vroeg-somer 2013

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
Voorwoord	
Van die skrywer	I
Publikasiekomitee	III
Huldeblyk Piet Nortje	IV
HOOFSTUK EEN	
Kerkwees in Mooiriviergebied voor 1960	
• Geestelike bearbeiding en uitbreiding in 18e eeuse Potchefstroom	1
• NG-gemeentegroei in breër verband	4
• Historiese oomblikke: NG-gemeente Potchefstroom-Oos	6
HOOFSTUK TWEE	
Mylpaaltye: Gemeente-afstigting kort voor Republiekwording	
• 6 Februarie 1961: <i>Ek kyk op na die berge, waar kom my hulp vandaan?</i>	7
• Beroep van 'n eerste predikant	12
• Kerkbestuur	14
HOOFSTUK DRIE	
'n Plek van aanbidding en bediening	
• Historiese oomblikke vir Potchefstroom-Oos	25
• Om die huis te bou	26
• Ander ontwikkelings en uitbreidings	29
◊ Orrel	30
◊ Gedenktuin	36
◊ Gemeentesentrum/Kersaal	37
◊ Ingangshek	42
• Bikers wat oorloop!	42
• Bykomstighede en simboliek in die kerk	43
HOOFSTUK VIER	
Predikante kom en gaan...	
• Die voorloperfase: Bouer ds AC Viljoen, 1961 – 1964	55
• Vanaf die boufase tot verdere afstigting: Ds BJ Schutte, 1964 – 1969	60
• 'n Periode van stabiliteit en geestelike groei: Ds GJ Labuschagne, 1969 – 1986	62
• 'n Medeleraar beroep– 'n anker in jeugaktiwiteite: Ds PDG Conradie, 1975 – 1987	65
• Uitnodiging vir 'n kapelaan: Ds Giepie Peens, 1981 – 1988	69
• Andermaal 'n derde leraar – 'n Driedubbele tou: Ds Wesley Lamprecht, 1987 – 2005	72
• 'n Sewende leraar in 27-jaar: Prediker Josef Brooks, 1988 – 1995	73

• Evangeliebediening van oral oor: Ds Gawie van der Merwe, 1990 – 2000	75
• 'n Leraar met 'n passie vir jongmense: Ds Chris Crause, 1996 – 2000	77
• 'n Nuwe herder vir 'n nuwe eeu: Ds Stefaan de Jager, 2001 – 2007	77
• Gemeenskapsdiens kry 'n toegewyde hupstoot: Ds Gerrie Lamprecht, 2004	80
• Met 'n daad-by-woord-leraar oppad na die halfeeu-merk: Ds Fanus Hansen 2008	80
• 'n Pastorie vir...	81

HOOFSTUK VYF

Bedienings in aksie, 1961 – 2011 (deel I)	85
• Fondsinsamelings-/sosiale, kultuur- en ander verryksaksies	86
◊ Van “Verkoping en Braaivleis” tot Basaar en Dankfees!	86
◊ Kultuuraksies	93
◊ Maak 'n las... 2009	91
◊ Spitbraai	91
◊ Winterfees/-mark 2011	92
◊ 2005-Reünie	96
◊ Die Vroue-bediening: Susters van weleer! – Staatmakers lewenslank	99
◊ Gemeenteverryking	104
• Gemeenskapsuitreike	107
◊ Armesorg/Diens van Barmhartigheid	107
◊ Hospitaalbediening	110
• Sendinguitreike	111
• Evangeliebediening	115
• Omgewingsverfraaiing as “bediening”	120
◊ Die Tuin van....	120

HOOFSTUK SES

Jeugaksies en -bediening, 1961 – 2011 (deel II)	
• Jeugaksies en -bediening	125
◊ Kinderkrans-, Sondagskool en Katkisasiedae	125
◊ KJV en BKJA	127
◊ “Konsertbediening” vir senior lidmate	134
◊ Die Kerk & Jeug in die 21e eeu	137

HOOFSTUK SEWE

2011- Feestelikhede en nuwe uitdagings	
◊ Soveel beplanning, soveel aksies!	143
◊ Die oomblik breek aan	144
◊ 'n Dankbare refleksie op die ankers van weleer in die ‘akker van God’	158

BORGE-ERKENNING

Van die skrywer

Sonder enige gedoente kruis my pad toe weer met my "ou" Gemeente. Dié gemeente wat ek vanaf 1986 leer ken het, en lief gekry het, kort na my huweliksbevestiging met Frans van Eeden, en my intrek in Burgerstraat 28. Met soveel ander eerstes en die nuwigheid van in Potchefstroom te wees, was ek as historikus-in-wording salig onbewus van NG-gemeente Potchefstroom-Oos se geskiedenis. Ek het toe nie geweet dat die gemeente al 'n kwart eeu oud was, en dat ds Awie Viljoen sowel as ds (later doktor) Ben Schutte vorige leraars was nie. Vir ons as nuwe intrekkeers het 1986 begin met tannie Kilian, ons bure oorkant die straat, en kort daarna 'n besoek deur ds Gert Labuschagne. In ons kortstondige bewus-wees van ds Gert, voordat hy later dié jaar oorlede is, het hy 'n blywende impak op my en Frans gemaak. Ds Gert was 'n man van integriteit (en altyd waardig met 'n pak klere aan). Ons het algaande geleer dat hy en ds Pieter Conradie al 'n aantal jare met die gemeente was, en dat hierdie ritme van samewerking vir bestendigheid, en kameraderie in die bediening gesorg het.

Ek en Frans was self nog in ons jongmensdae, daarom was dit lekker om te help om Bybelstudiegroepe te lei met jongmense by die koshuise bestaande uit leerlinge van die Hoër Tegiese Skool en van Ferdinand Postma Hoër. Bybelstudie was op 'n keer uit Prediker. Dit bly my by, want om 'n klomp jeugdiges vanuit die morbiede "alles-kom-tot-niks"-benadering van die Prediker-skrywer na die eintlike essensie van sy redenasie te lei, was 'n uitdaging. Die staptoere met Ds Pieter Conradie (as deel van die kampowerspan) wek ook aangename herinneringe. So intens onthou ek hoe jong Jan Heenop (kranige sportman toe en tot onlangs predikant) sy jonger boetie (wat tydens die kamp toe al ontydig aan sy eie kampkos gepeusel het en toe nie genoeg gehad het vir die eintlike etenstye nie), tipies in 'n boetie-teenoor-boetie-benadering driftig aangespreek het. Hy het sy driftigheid verder afgerond met die woorde: "en nou moet jy dan maar doodgaan op hierdie kamp, want niemand gaan vir jou kos gee nie, ook nie ek nie!". Gelukkig was daar genoeg van ons om die honger tiener iets in die hand te stop soos wat ons aanbeweeg het! Vir ons was 1986 en Potchefstroom 'n beginjaar: 'n eie selgroep vir werkende jongmense, en destyds bekend as die "matgemeente" (in ons sitkamer was nog geen stoel of bank nie – 'n pasgetroude se voorreg!). Ongeag, is daar volop gesels en "gekoffie" tot laataand.

Vir die gemeente Potchefstroom-Oos was ons beginjaar as lidmate egter 'n mengelmoesjaar: Enersyds 'n blye jaar met die kerksaal wat vir die eerste keer tydens 'n basaar gebruik is, maar andersyds ook 'n treurjaar met ds Labuschagne se afsterwe na byna 17 jaar se bediening in die gemeente. Ook was 1986 'n vernuwende jaar wat 'n nuwe fase vir die gemeente ingelui het. Ander predikante is in 'n kort periode na mekaar beroep. Soos wat een ingekom het, het 'n ander, soos ds Conradie en ds Giepie Peens, weer aangegaan. Opnuut moes dan weer beroep word. Ds Wesley Lamprecht en ds Josef Brooks het 'n tyd lank bestendigheid gebring, elk met 'n besondere innemende styl en energie waarop hulle die Woord bedien het en die Gemeente gedien het. Die eerste jaar in die Potchefstroom-Oos-gemeente het vir ons as lidmate uiteindelik agt jaar geword. Twee van drie bondeltjies pienkvoete is in die Gemeente gedoop, en wel deur ds Wesley. In my jammerklag destyds teenoor hom (op een van sy huisbesoeke aan ons) dat ek nou minder betrokke kan wees by kerkaktiwiteite oor ons klein uurwerkies, was sy antwoord doodluiters: "Alles het sy tyd. Beskou jou nouself as deel van die tuisgebedspan. Ek sê dit altyd vir ons senior lidmate as hulle dink dat hulle met aftrede of oor 'n sukkelende mobiliteit nou op geestelike verlof ook moet wees". Dit het my getroos!

Ondertussen het die jare gestap: Vir die Gemeente, vir die groter NG-Kerk en vir ons as gesin. Toe ek vir die eerste maal met ds Fanus kennis gemaak het, was dit in 2006 in 'n hospitaal in Walvisbaai, maande voor sy beroep na my "ou" gemeente. Daar het hy met soveel deernis my en my twee dogters vertroos na die motorongeluk waarin ons gesin van vyf was. In daardie stadium was nie ek of ds Fanus daarvan bewus dat NG-gemeente Potchefstroom-Oos toe reeds (sedert ons as gesin se vertrek na NG-gemeente Grimbeekpark en vanaf 1998 in Pretoria), afskeid moes neem van ds Josef, gevolg deur ds Chris Crause, ds Gawie van der Merwe en die langsdienende leraar ds Wesley Lamprecht nie. Ds Stefaan de

Jager en Gerrie Lamprecht was in hierdie oorgangstyd vir die Gemeente besondere steunpilare.

Predikante kom en gaan inderdaad (aldus ds Pieter Conradie), tog is die standvastigheid en bedrywigheid van die Gemeente blywend. Langsdiende leierskap in enige vorm en op enige terrein van gemeentelike bediening, beïndruk en is vir my en ander voorbeeldingswaardig. Ek dink hier aan voorvat-leiers soos Piet en Ralie Nortjé, Theuns en Femke Krüger, Hannes en Betsie Gelderblom, sowel as Arend en Johanna Müller. Dan is en was daar ook etlike ander wat vir soveel jare met 'n onmeetbare liefde en ywer ure se insette gelever het, of nog steeds maak. Ek delf weer terug en dink aan orrelis "prof Koornhof", "oom/prof Danie Crous" as waker van die gemeentefinansies asook die leierouderling, en die soveel vroue agter die waardige Marietjie Labuschagne. Latere predikantsvroue het onverpoosd gedien, en op alle fronte stilweg gehelp om die spreekwoordelike agterhoede te dek. In vele opsigte was dit die vroue wat veel meer openheid getoon het vir 'n blootstelling aan, en die akkommodering van, ander groepe en rasse se sienswyses. Dit was vir my goed om hierdie flinke hartklop van kerkwees in my "ou" gemeente – Potchefstroom-Oos – op soveel bedieningsvlakke in die skryf van die Gemeente se geskiedenis te kon meemaak. 'n Mens bly ook voortdurend daarvan bewus dat in alle kerklike aktiwiteite, geestelike groei tot geestelike volwassenheid sentraal is. Dit geld vir jare terug tot en met die feestelikhede van 2011 toe 50 jaar van gemeentewees herdenk is.

Inderdaad het tye na 'n halfeeue verander, asook die wyse waarop kerkrade dink, optree en gemeentes bestuur; die jeug doen; die gemeente meeloop en die leraars preek. Almal het saam met die tyd beweeg en ontwikkel. Die fokus het egter genadiglik nog nooit verander nie, en dit is om die Here van die Bybel te ken en te dien. Mag hierdie terugkyk oor 50 jaar u help onthou, u trots maak, u opnuut inspireer en u met insig en vreugde vorentoe laat kyk. Mag die seën van God in die volgende halfeeue met u as Gemeente wees, tot eer van Sy naam alleen!

My hartlike dank aan die Publikasiekomitee vir die besondere warmte, hulp en geduld met die samestelling, skryf en afronding van hierdie gedenkpublikasie. Alle menings uitgespreek is dié van die skrywer.

Prof. Elize S van Eeden

(Skrywer-samesteller)

Elize van Eeden (professor in Geskiedenis), is verbonde aan die Vaaldriehoekkampus van die Noordwes-Universiteit. Sy is die outeur/mede-outeur van meer as 65 geakkrediteerde artikels en 18 boekpublikasies. As bewese navorser en streekshistorikus doen Elize tans navorsing in streeksgerigte multidissiplinêr-gedrewe omgewingsprojekte waarin gemeenskapsgesondheid en -welstand ook beklemtoon word.



Elize is voorsitter van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Geskiedenisonderrig en is die redakteur van die wetenskaplike tydskrifte Yesterday&Today en New Country. Elize dien ook op ander nasionale en internasionale redaksies en bestuursliggame.

Publikasiekomitee



Agter: Ds Fanus Hansen, Tinus Jacobs. Voor: Tess Hansen, Johanna en Arend Müller, Mariëtte Jacobs en Essie Bester. Inlas: Hannes Lemmer

Geborg deur: Danie en Alice Fourie

Huldeblyk aan Piet Nortje

Dit is nie elke dag so dat 'n gemeente geken word aan een van sy ouderlinge nie, heel dikwels is 'n gemeente ds Jan se gemeente, ds Karel se kerk, maar in die NG-gemeente Potchefstroom-Oos het die kerkgeskiedenis dit anders bewys. Praat mens in die dorp oor Potchefstroom-Oos, dan is dit – Oom Piet Nortje se kerk!

Dit is daarom met vreugde dat hierdie feesblad aan hom opgedra word.

In Mei 1962 word Piet en Ragie Nortje lidmate van NG-gemeente Potchefstroom-Oos. In Augustus 1962 is hy vir die eerste keer as diaken verkies. Op 33 jarige ouderdom word hy ouderling en daarna – met uitsondering van kort tussenposes – dien hy op die kerkraad tot en met sy afsterwe op 28 Januarie 2011. In moeilike tye vat hy voor as Leierouderling (in 2001).



*Gebore: 17/05/1934
Oorlede: 18/01/2011*

Piet was betrokke by Potchefstroom Uitrek saam met ds Gawie van der Merwe en eerwaarde Dawid Leeuw. Hy dien op die Menslikehulpbronkommissie en het daar met soveel sorg uiters komplekse sake liefdevol hanteer. Piet het nooit geskroom om medelidmate, predikante en kerkraad in liefde tereg te wys nie, maar het ook altyd as 'n vredemaker hand gevat en 'n pad met hulle gestap. Sy opregte meelewing in tye van nood sal altyd onthou word.

Piet het tydens sy ampstermyn baie inisiatief aan die dag gelê en dan self gehelp om dit deur te voer – daarvan getuig die instapkoelkamer, die sentrumstoep wat toegemaak is, die gedenkmuur, die broodbome wat op die terrein geplant is en die terrein en geboue wat in die afgelope jare verfraai is, asook sy behoefte aan 'n terreinfees om fondse in te samel om die terrein op te knap. Reeds sedert 1964 staan hy aan die hoof van die vleisbewerking by die basaar, die gemeentefees en terreinfees en het altyd met trots vertel hoe hulle in die beginjare die vleis op 'n primitiewe manier moes bewerk.

Hierbenewens was hy ook die gemeente se skakelpersoon en ombudsman by Huis Anna Viljoen. Piet het ook gedien op die Huisbestuur. Sy liefde vir die gemeente, sy mense, sy kennis en insig het hy altyd tot voordeel van die lidmate en tehuusbewoners aangewend.

Piet Nortje se vol lewe het getuig van dankbaarheid teenoor die Here. Sy nederige opregte geaardheid sal ons altyd bybly. Vir sy gesin (en vir ons as gemeente) is Oom Piet 'n voorbeeld van iemand wie se lewe in die Here geanker was.

Ds Fanus Hansen



Kerkwees in Mooiriviergebied voor 1960

- **Geestelike bearbeiding en uitbreiding in 18e eeuse Potchefstroom**

'n Eerste fase van georganiseerde kerklewe in Potchefstroom dateer terug na die dae van Voortrekkervestiging in die gebied, naamlik 1838–1839. Vanuit 'n meer geestelik-toegeruste bediening in Pietermaritzburg, is sendelinge van die Londense Sendinggenootskap ingespan om ook die gemeenskap van Potchefstroom by te staan. Ondertussen was korrespondensie aan die gang tussen trekkerleier en generaal Andries Pretorius en ds GWA van der Lingen van die Paarl om aandag te gee aan versoeke vanuit Potchefstroom vir 'n eie leraar. Kerkwees in daardie jare onder die eerste blanke gemeenskappe in die gebied was hoofsaaklik binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk tradisie wat die eertyds Kaapse administrateur JA (Jan) van Riebeeck gevestig het. Weldra het handelaars en sendelinge gevolg, wat mettertyd veroorsaak het dat etlike ander kerkdenominasies tussen die 1840's en 1870's ook in die gebied gevestig is. Hieronder tel die Anglikaanse Kerk; die Rooms-Katolieke Kerk; die Metodiste Kerk en die Lutherse Kerk.

Op 23 Februarie 1842 is die eerste Kerkraad in die latere Zuid-Afrikaansche Republiek (die ZAR – ook genoem die 'ou Transvaal') in Potchefstroom aangestel. Die NG-gemeente Mooirivier (Potchefstroom) was dus die eerste kerklike gemeente oorkant die Vaalrivier. Dit is 'n gemeente wat in die pioniersgeskiedenis vir jare sonder enige gebou funksioneer het, en wat op 'n lukraak basis deur ds Daniël Lindley van die *American Board of Missions* bedien is. Soos wat 'n selfstandige bestuurstruktuur onder die Voortrekkers oorkant die Vaalrivier gevestig is, is wegbeweeg van die Kaapse Kerk as gesagstruktuur vir gemeenteaktiwiteite in Potchefstroom en die groter wyke in sy bestuursgebied. In 'n algemene kerkvergadering op 8 en 9 Augustus 1853 te Rustenburg is besluit dat:

*Geen ander Kerk zal in deze Republiek toegelaten worden dan de Nederduitsch Gereformeerde Kerk.
De Kerk in deze Republiek zal onafhankelijk zijn van die Kaapse Sinode.*

Genoegsame ondersteuning uit leierskringe lei tot die oprigting van die eerste NG-kerk in Potchefstroom in 1842, bekend as die Moedergemeente (reg oorkant die huidige stadsaal). Teen April 1851 is die gebou voltooi met geen skuld las nie, maar die preekstoel moes toe glo nog voltooi word. Die kerkgebou was klaar voordat die

eerste predikant, ds Dirk van der Hoff, op 17 Mei 1853 in Potchefstroom aangekom het.

Om die Here te dien in eina- en konfliktye

Die eerste NG-kerkgebou in Potchefstroom (geleë op die noordoostelike hoek van die plein) het sitplek gebied aan tussen 400–600 mense. Hierdie gebou wat op 19 April 1851 deur ds John Murray van Burgersdorp ingewy is, was net van die basiese voorsien. Die dak was van riete sonder 'n toring. Die vloer was heel waarskynlik van gestampde grond. Geen sitplekke of musiekbegeleiding om die lidmate "geestelik in te stel" het bestaan nie. Diegene wat wou sit, moes hulle eie stoele bring. Indien dit 'n aandbyeenkoms was, moes vetkerse as beligting dien. Hierdie gebou is veeldoelig ingespan. Gedurende weeksdae is die kerkgebou as 'n skool gebruik, en soms het die Volksraad van die ZAR ook raadsittings daarin gehou. Teen 1854 is besluit om 'n muur van sowat twee meter dik om die kerk te bou waarin skietgate was met twee skiethokke op van die muur se hoeke. Die bedoeling was dat dit as skans sou dien tydens noodgevalle.

Die kerkgebou van die Moedergemeente, op die hoek van die eertydse Kruger- en Potgieterstrate, opgerig in 1894 as tweede kerkgebou van die oudste NG-gemeente in die dorp



Bron: Potchefstroom Museum (ca 1904)

Toe 'n voltallige Volksraad en Kerksraadslede van die ZAR egter op 22 November 1853 besluit teen inlywing met die Kaapse Sinode en om die naam van die Kerk inlands te verander na die Nederduitsch Hervormde Kerk, was dit 'n waterskeiding tussen die "nie-inlywers" en die "inlywers". NG-gemeentes is in Potchefstroom gestig wat inlywing by die Kaapse Sinode aanvaar het. Ds F Lion Cachet van Utrecht word die eerste leraar vir die NG-lidmate na die skeuring tussen die "inlywers" en "nie-inlywers". Die "nie-inlywers" het as die Nederduitsch-Hervormde Kerk voortbestaan. Dit was dan die Nederduitsch-Hervormde kerkaktiwiteite wat gedurende die 1850s vinniger sou vorder om 'n volwaardige gebou in Potchefstroom gevestig te kry. Die

NH-Kerk het ook die Staatskerk geword. Godsdienstige verskille het in Februarie 1859 gelei tot die afstigting van nog 'n kerkgroep toe die Gereformeerde Kerk in Rustenburg tot stand gekom het. Hierdie groep, soos die Nederduitsch-Hervormde Kerk, het oor die jare heen 'n sterk ondersteuningsbasis in Potchefstroom opgebou.

Die eerste volwaardige NG-gemeente in Potchefstroom se terrein, op die hoek van die eertydse Potgieter (teen 2011 Nelson Mandela-rylaan) en Van Riebeeckstraat (teen 2011 Peter Mokaba-rylaan), is in 1866 gestig met ds JP Jooste wat in 1869 as leraar bevestig is. Sprake van kerkvereniging in 1885 was 'n kortstondige vyf jaar, hoewel die Verenigde Kerk (bekend as die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk) wel bly voortbestaan het met ds ML Fick as leidende figuur. Intussen is 'n NG-gemeente vir die swart woonbuurt, Ikageng, in 1897 begin kort voordat politieke en ekonomiese wedywing die ZAR en die republiek van die Vrystaat in 'n oorlog met Groot Brittanje gedwing het. Die effek van die Oorlog tussen 1899 – 1902 was op alle terreine van die samelewing voelbaar.



Die Vyfhoek Gedenk-tuin

Die terrein is bekend as die tweede konsentrasiekamp van Potchefstroom. Dit is geleë aan die bopunt van Burgerstraat. So-wat 1141 sterfgevalle het hier voorgekom. Twee monumente: 'n gedenknaald en 'n senotaaf, herinner aan die treurige verhaal. Aan die gedenknaald is twee graniëtablette as gedenkstone aangebring, een op 16 Desember 1918. Dit is onthul deur die weduwee van generaal JH de la Rey.

Dank aan Lennie Gouws, Miems Lamprecht en Dr Susan Bester vir die hulp met die visuele inhoud en fotos vir hierdie hoofstuk –EVE

Die Potchefstroomse konsentrasiekamp-kerkhof is naby die hedendaagse NG-gemeente Potchefstroom-Oos. Dit was die nuwe kampruimte na verskuiwing van die eerste kamp in Augustus–September 1901 vanaf die terrein waar vandag Potchefstroom High School for Boys tans staan. Daaroor skryf Prof Gert van den Bergh:

'n Area van ongeveer 15.5 hektaar is hiervoor gebruik. Die grense van die nuwe kamp word ongeveer afgebaken deur Holtzhausen, Landsberg, Buskus- en Ben Pienaarstrate. Soos met die eerste kamp, is die nuwe een in vier blokke verdeel deur twee lane van ongeveer 20 meter wyd wat in die middel van die kamp gekruis het. Op een hoek was die rantsoenpakkamer, die sopkombuis en 'n bakoond. Op 'n ander hoek was die apteker se tent en die inwonende geneesheer se kwartiere. Die kwartiere vir die matrones en hul personeel was op die hoek en vier groot skoolklaskamers op die vierde. Rondom die binnerand van die grens het 'n 30-meter-breed pad geloop. In elk van die blokke [is] 300 klokkente opgeslaan... In 1918 is 'n gedenknaald op die tweede kamp se begraafplaas opgerig... Die grafstone van die kerkhof is in 1963 verwyder toe die kerkhof in die Gedenk tuin omskep is...die monument onthul is... asook die senotaaf waarop die name van 967 kinders, 117 vroue en 57 mans wat in die kamp gesterf het, aangebring is.



Bron: Potchefstroom Museum



Verdere politieke tweespalt jare later in 1914 met die Rebelle-sage en meningsverskille oor die regering se optrede), suur ook deur na die onderskeie Kerkgenootskappe. Dit lei in 1917 tot die eerste afstigting van 'n NG-gemeente in Potchefstroom, genaamd Mooirivier. Aanvanklik het die verskillende gemeentes dieselfde bedieningsgebied gehad, maar sedert die laat vyftigerjare is 'n finale gebiedsverdeling gemaak en moes lidmate tot in die negentigerjare aan gemeentes behoort in die gebied waar hulle woon.

- **NG-gemeentegroei in breër verband**

Na NG-gemeente Mooirivier se stigting in 1917, het dit meer as dertig jaar geduur voordat nog NG-gemeente-afstigtings in Potchefstroom sou volg. Die eerste hiervan was NG-gemeente Potchefstroom-Noord in 1948. Hierop het NG-Potchefstroom-Suid in 1956, NG-Eerste Vesting in Junie 1957 en NG-Potchefstroom-Oos in Februarie 1961 gevolg. Kort hierna is NG-Potchefstroom-Vyfhoek en NG-Potchefstroom-Wes vanaf die gemeentes Mooirivier en Potchefstroom-Oos afgestig. Gedurende die sewentiger- en tagtigerjare is nog drie NG-gemeentes by die bestaande NG-Kerk-afstigtings in Potchefstroom gevoeg (naamlik Grimbeekpark in 1973; Miederpark in 1982 en PUK-Kandelaar in 1982).

Met 'n aansienlik groter en meer diverse bevolking in Potchefstroom as wat in 1840 en daarna die geval was, het etlike ander kerkgroepe veral na afloop van die Tweede Wêreldoorlog algaande in die gebied gevestig. Hieronder tel die Apostoliese Geloofsending; die Volle Evangeliekerk van God; die Humnos-gemeente; die Private Sendinggroep, Potchefstroom; die Christengemeente van Potchefstroom; die Sewendedag Adventistekerk; die Evangelies-Gereformeerde Kerk; die Pinkster Protestantekerk; Kerk van die Nasarener en die Afrikaanse Protestante Kerk. Teen 2007 het die dorp 'n bevolking van 128 357 gehad waarvan 69,6% swart was, 27% blank, 3% Kleurling en 4% Indiërs. Die totale bevolking is teen 2011 op 200 000 bereken. Vanuit hierdie demografiese realiteit, moes die NG-gemeente Potchefstroom-Oos 'n persentasie van die geestelike gemeenskap van Potchefstroom bedien.

Op Donderdag 2 Februarie 1961 is die NG-gemeente Potchefstroom-Oos gestig, gevolg deur 'n eerste erediens op Sondag 5 Februarie 1961 om 10:30 in die eetsaal van Uniehuis by die Hoër Tegniese Skool. Ds JI Kemp van die Moedergemeente Potchefstroom het die diens behartig. Die teksvers wat gebruik is, was Lukas 10:2 waarin na die groot oes en min arbeiders verwys is, en dat tot die Here gebid moet word vir meer arbeiders. Dieselfde aand preek ds AP Burger, ook van die Moedergemeente, met as teksverse Fillipense 2:2-11 waarin die Christelike lewenswandel en die waarde van eensgesindheid beklemtoon is. Die Gemeente vier op 12 Maart 1961 vir die eerste keer Nagmaal toe ds RM Britz van Hartbeesfontein die diens behartig.

In die dele wat volg, word hierdie historiese mylpaal in die NG-gemeentestigting, as deel van die ontwikkelingsgeskiedenis van die NG-Kerk in Suid-Afrika, toegelig.



Geborg deur: Arend, Johanna, Loedolff en Su-an Müller



Geborg deur: Roelf en Heleen van Rooyen

2

Mylpaalte: Gemeente-afstigting kort voor Republiekwording

In elke dekade is daar die eerstes, die bestes en daardie onvergeetlike mylpaalte. So 'n jaar was 1961: Die sogenaamde "onderstebo-jaar" omdat 'n omgedopte 61 ook na 19 kan lyk. Allermens was dit onderstebo in Potchefstroom. Op 2 Februarie 1961 is die NG-gemeente Potchefstroom-Oos afgestig, en kort daarna het Suid-Afrika die wêreldnuus gehaal toe die regering aankondig dat Suid-Afrika uit die Britse Gemenebes van Nasies tree om selfstandig te regeer en op 31 Mei 'n republiek te word. Soos dit soms die gewoonte was om terloops gebeure van die tyd tydens vergaderings, gesprekke en nuusbriewe te laat val, was hierdie verandering in die land se geskiedenis feitlik afwesig in die handel en wandel van die pas-gestigte gemeente: Almal betrokke was ernstig besig om te besin, te beplan en 'n geestelike huis te bou.

Vanaf Februarie 1961 tot 3 November 1963* het die gemeente van ruimtes in die Hoër Tegniese Skool Potchefstroom gebruik gemaak om die jong gemeente van minder as 600 lidmate geestelik te bedien:

- **Maandag, 6 Februarie 1961:** Ek kyk op na die berge, waar kom my hulp vandaan?

Ds (later doktor) Mieder Olivier




Ds/Dr Mieder Olivier behartig as adviseur die eerste kerkraadsvergadering, 6 Februarie 1961

Op Donderdag, 2 Februarie het Ds (later doktor) Mieder Olivier, 'n welbekende in NG-kringe in Suid-Afrika en predikant in Potchefstroom (Moedergemeente), leiding geneem in Potchefstroom-Oos se afstigtingsproses deur as konsulent voor te vat in die heel eerste kerkraadsvergadering van die NG-gemeente Potchefstroom-Oos. Hierop het gevolg 'n beplanningsvergadering op 6 Februarie.

Ds Olivier was vir 42 jaar 'n predikant en het onder meer in Potchefstroom en Delmas gemeentes gehad. In Potchefstroom was hy ook 'n stadsraadslid en 'n woonbuurt, Miederpark, is na hom vernoem. Benewens die bediening, het Olivier sy lewe aan die akademie gewy en in sy leeftyd ses grade cum laude geslaag. Ná sy doktorsgraad wat hy in die 1980's verwerf het, het hy 'n meestersgraad aan die Universiteit van Pretoria aangepak wat hy op 75-jarige ouderdom met lof verwerf het. Hy is in 2003 op 83-jarige ouderdom oorlede.

* Al is die kerkgebou op 26 Oktober 1963 ingewy, dui kerkraadsnotules aan dat HTS se Uniesaal amptelik tot 3 November benut is.

Kerkraadsvergadering, 6 Feb 1961



Daar was 14 ouderlinge en 12 diakens wat op 6 Februarie 1961 hul bereid verklaar het om die jong pasgestigte gemeente te bestuur. Almal moes toe nog in hulle ampte bevestig word, en vergaderings is die tweede Maandagaand van elke maand gehou. 'n Kommissie vir Algemene Doeleindes (KAD) was een van die eerste organisatoriese strukture wat gevestig is onder konsulent, ds Mieder Olivier, se leiding. Een van die eerste take van die nuwe kerkraad was om die gemeentewyke te bepaal en 'n predikant te beroep.

Tydens 'n gekombineerde kerkraadsvergadering op 20 Februarie 1961 is besluit dat die Gemeente Potchefstroom-Oos uit 18 wyke sal bestaan, waarop 'n bykomende vyf ouderlinge en nog twee diakens as kerkraadslede beroep is. Op dieself-

de vergadering is 'n predikant beroep. Uit 'n stewige groslys van 29 leraars van oral oor Suid-Afrika (feitlik een per kerkraadslid wat die vergadering bygewoon het), en na drie stemmings is 'n predikant van George met 'n volstreekte meerderheid verkies. Broeder G Strydom het destyds die eredienste in Februarie waargeneem, het as 'n besoekende leraar nie beskikbaar was nie. Ds Jan Calitz het daarna vir 'n tyd lank ingestaan voordat ds AC (Awie) Viljoen van die gemeente Klerksdorp-Noord die beroep aanvaar het. Teen Mei 1962 het die gemeente al sodanig gestruktureer en wyke verder onderverdeel dat 17 ouderlinge en 17 diakens as die Kerkraad gedien het.

...Ds. Jan JM Calitz, 'n emeritus-leraar, het aanvanklik baie kom preek ... Ek het die volste vertroue gehad om my seuntjie van twee en 'n half jaar kerk toe te neem al was hy geweldig woelig. Hy het soms die 10 sjelings wat ek as kerkgeld saamneem, geneem en buite die skoolsaal gaan speel. Genadiglik het ek dit darem weer in die hande gekry vir die kollektiebordjie ...

Herinneringe: Ina Hefer, 2011



Geborg deur: Marie van Deventer

In die daaropvolgende jare het die wyksindelings ook algaande verander om kleiner wyke te verteenwoordig. Dit was nie meer vreemd om byvoorbeeld te hoor van 'n wyk 6a, 6b, 6c of 8e nie. Die lidmaattal van die gemeente gedurende die sestigerjare is tussen 450 en 550 bestendig, waarna dit teen 1976 verdubbel het tot 1 375, en die getal kerkraadslede ook dienooreenkomstig aangepas is tot 30 ouderlinge en 31 diakens vir 30 wyke, en 411 besoekpunte. In die laat negentigerjare het die aantal wyke verder verdeel, onderverdeel en uitgebrei en toe al 49 getel.

GEMEENTE NUUSBRIEF

van die

**NEDERDUISE GEREFORMEERDE GEMEENTE
POTCHEFSTROOM-OOS**

No. 1

FEBRUARIE 1961

In hierdie eerste nuusbrieff van die gemeente wil ons u die seën van die Here toewens, as gemeente van onse Here Jesus Christus. Mag u in hierdie jaar versadig word met die goeie van Gods huis, en die Heiligheid van Sy paleis. Ps. 65:5.

Op aanbeveling van die K.A.D. het die Kerkraad besluit om die gemeente te verdeel in agtien wyke. Die plasing van die Kerkraad is soos volg :-

Wyk No.	Ouderling	Diaken	Beskrywing
1	F.H.Badenhorst	F.J.Dippenaar	Vyfhoek - Fochville spoorlyn tot teenaan Wyk 2
2	J.D.Verwey	C.A.Pyper	Vyfhoek Tegniese Skool tot halfpad na Inryteater by diaken Pyper se huis
3	C.F.W.Kossatz	O.J.Victor	Tegniese Skool - Gedeelte I
4	-	F.J.Burger	Tegniese Skool - Gedeelte II
5	G.P.Oosthuizen	F.J.Visser	Baillie Park Woongedeelte - noord van Burgerstraat
6	F.Jooste	J.A.de Beer	Baillie Park Woongedeelte - suid van Burgerstraat
7	-	J.M.Stiglingh	Vyfhoek - suid van Rocherstraat en Elandsheuwelpad
8	-	A.J.Botes	Vyfhoek - noord van Elandsheuwelpad, oos van pad voorby B.D.v.d.Westhuizen en wes van Loopspruit maar insluitend Heenop
9	P.G.de Beer	J.P.v.Brakel	Vyfhoek - noord van Rocherstr. oos van Johannesburg-pad, suid van Vyfhoeksuid-pad tot teen wyk 8
10	M.J.G.v.Wyngeardt	-	Vyfhoek - Johannesburg-pad en kaneel, noord van J.J.Coetzee
11	-	Joubert	Vyfhoek - Johannesburg-pad en kanaal, suid van J.J.Coetzee tot by pad na Vyfhoeksuid
12	P.J.Grobler	J.J.van Graan	Vyfhoeksuid
13	W.K.Oberholzer	A.G.Beetslaar	Turfvlei
14	G.F.du Toit	D.D.Hugo	Klipdrift Nr. 1
15	-	S.J.de Beer	Klipdrift Nr. 2
16	C.H.Badenhorst	Geen	Loopspruitskool
17	T.H.Kleynhans	P.le R.Rossouw	Klipdrift Nr. 3
18	C.J.du Plessis	W.J.Strydom	Cyferfontein
	O. Vermooten		Scriba

Gemeentegrensbepalings in die sestiger tot sewentigerjare was nog 'n ernstige saak. Met grensvasstellings was dit bykans onmoontlik vir lidmate om by 'n ander gemeente van keuse in te skakel. Gemeentes self het soos waghonde ernstig gewaak oor hulle eie gemeentegrense en -kudde. Waar daar verskille was, is dit tussen

kerkrade uitsorteer, en het dit dikwels maande tot jare geneem. Potchefstroom-Oos het ook as gemeente hierdie pad geloop met onder meer NG-gemeente Potchefstroom-Noord en Die Bult. Op 'n manier is die grensbeperkings destyds nie noodwendig as negatief beleef nie. 'n Grensgebondenheid het dikwels spontaan vir 'n hegte lojaliteit onder gemeentedelede gesorg. Die vervaging van grensbeperkings, veral teen die negentigerjare, het meer eise aan groterwordende gemeentes gestel om met hersiene strukture en bedieninge die pastorale aard en sosiale sensitiwiteit van vroeër jare te bly koester.

Demografiese profiel van die Potchefstroom-Oos NG-gemeente in die vroeë sestigs

Gedurende September – Oktober 1961 het die Gemeente Potchefstroom-Oos sy eerste sensus gehou. Uit die opname, is die volgende statistiek binne die eertyds-vasgestelde gemeentegrense aangeteken:

530 lidmate (waarvan 50% op hoewes woon, 17% in dorpswyke en 33% op plase). Voorts was 47% mans en 53% dames. Van die 530 lidmate was 60% eienaars, 26% huurders en 14% loseerders.

NG-gemeente Potchefstroom-Oos het verder bedien: Twee laerskole (Vyfhoek en Loopspruit) die Hoër Tegniese Skool, en die Genl Kock-skool (vir gedragsafwykende kinders). Vir 2½ jaar is gebruik gemaak van die Hoër Tegniese Skool se gasvryheid waar hulle een van hulle koshuise se eetsale aan die gemeente beskikbaar gestel het om eredienste te hou. Ds AC Viljoen rapporteer hieroor en sommer veel omvattend: Dit bring mee dat die koshuispersoneel en leerlinge ook baie opofferinge vir ons moet maak... Dit is jammer dat so baie kinders nog tevrede is met 'n std VIII [Graad 10]-sertifikaat en sommige wag net om 16 jaar te word sodat hulle die skool kan verlaat...

In die kerksensusgewens van 1961 is uitgewys dat daar 51 werkende jong mense in die gemeente is.

Sommige eerstes/andersoortiges vir Potchefstroom-Oos ...

Eerste **Nagmaalviering**: 12 Maart 1961.

Eerste **dopeling in Maart 1961**: Die dopelinge: Rianne Celliers; Emma Franziska Brits; Riana van Rooyen en Maretha Hermina Lyon.

Eerste **belydende lidmate** wat in Maart 1961 voorgestel is: Sarel Pienaar en Anna Badenhorst.

Stigting **Bond van Dienaresse**: 18 September 1961.

Eerste **gemeente-ouditeur**: OT Venter (tot mid-1964).

Eerste **skriba**: O Vermooten (en kort na hom FJ Visser).

Eerste **kassiere**: Mnr CFW Kossatz.

Eerste **permanente koster**: GP Oosthuizen.

Eerste **saakgelastigde**: Me A Prinsloo (vanaf Junie 1966 – 29 Feb 1980). Sy is ook kort na 1966 as skriba benoem.

Notulerende skriba: JP van Brakel (1961 – 1963).

Eerste **permanent-benoemde predikant** vanaf Julie 1961: Ds AC Viljoen.

Eerste **kersangdiens** in 1961 is vir 06:00 op Kersdag bepaal. Teen 1978 was dit darem vanaf 07:00.

Someraanddienste was op Sondag 19:30.

Eerste **koorafrigter**: Me. JMC (Joey) Joubert (1961 – 1962).

Eerste **orellis**: Mnr GW (Gawie) Koornhof (November 1963).

Eerste **dame as diaken/diakones**: Me M Hoon (neë Kruger) in Nov 1982 verkies.

Eerste **dame as koster**: Me V Knobel.



Vanessa Knobel

Eerste **dame as ouderling**: Dr Rina van Zyl en kort daarna Martie Swanevelder.

Belydende lidmate is aanvanklik op Saterdagagaande voorgestel.

Kerkraadsvergaderings in vroeg sestigs is nog gerieflik tot 10 Desember gehou.

Konsulentskapondersteuning: NG-gemeente Losberg (1962).

Sinodale verpligtinge teen 1962: R122,85.

Hoeksteeninskripsie met hoeksteenlegging, 1963 behartig: Ds AC Viljoen.

Tiendemaand-dankoffer: Vir die eerste keer ter sprake op die kerkraad in September 1980.

Die dra van 'n toga tydens eredienste deur die leraar vanaf die 19 Okt 1983-kerkraadsvergadering as opsioneel aangedui.

Beroep van 'n eerste predikant



Byna ses maande sou verloop voordat die kerkraad 'n leraar na die Gemeente beroep kon kry. 'n Onsuksesvolle beroep van 'n eerste leraar, het 'n kerkraadsvergadering op 27 Maart nodig gemaak. Ds Ben Schutte van Vryburg (wat later die tweede leraar van die NG-gemeente Potchefstroom-Oos sou word), is beroep uit 'n groslys van 21 predikante, maar ook hy bedank die beroeping. Vir 'n derde maal, op 1 Mei 1961, moes 'n predikant verkies word.

Predikante

NG-gemeente Potchefstroom-Oos

Ds **AC Viljoen** (Beroep vanaf Klerksdorp-Noord), Augustus 1961 – Augustus 1964.

Ds **BJ Schutte** (Beroep vanaf Potchefstroom-Noord) November 1964 – Julie 1969.

Ds **GJ Labuschagne** (Beroep vanaf Alexanderbaai) Desember 1969 – 1986.

Ds **PDG Conradie** (Beroep vanaf Eerste Vesting, Potchefstroom Noord) Februarie 1975 – 1987.

Ds **GP Peens** (Beroep as Kapelaan vanuit Voortrekkerhoogte, Pretoria) 1981 – 1988.

Ds **W Lamprecht** (Beroep as afgestudeerde proponent, Stellenbosch) 1987 – 2004.

Ds **JW Brooks** (Beroep vanuit Drakensberg Vallei, KZN) 1988 – 1995.

Ds **GP van der Merwe** (Beroep vanaf werkkring van Hereroland-Wes, Okakarara, Namibië) 1990 – 2001.

Ds **CJ Crause** (Beroep vanaf Molteno, Oos-Kaap) 1996 – 2000.

Ds **SJ de Jager** (Beroep vanaf NG-gemeente Bothaville-Noord, Vrystaat) 2001 – 2007.

Ds **GJJ Lamprecht** (vanaf NGKA Tswelelopele. Vestig in Potchefstroom. Aanvaar beroep van Gemeente) 2005 – tans.

Ds **SS Hansen** (Beroep vanaf NG-gemeente Walvisbaai-Meersig) 2008 – tans.

Uit 'n groslys van 17 predikante is 'n predikant van Hartebeesfontein gekies. Andermaal was die aansoek ontmoedigend onsuksesvol. Na vier stemmings op 5 Junie 1961, is ds AC Viljoen van Klerksdorp-Noord verkies, en teen 24 Julie was die Kerkraad reeds ingelig dat ds Viljoen die beroep van NG-gemeente Potchefstroom-Oos aanvaar het. Tot voor sy beroep was ds Jan Calitz gereeld op sy pos om gedurende die eerste maande dié jong gemeente op koers te plaas.



Kerkbestuur

Vandag staan hierdie omvattende bestuursarm van die gemeente bekend as die gemeentebediening (en reeds vanaf die middel-negentigerjare). Vroeër, in 1961 en vir jare daarna, is daarna verwys as die kerkbestuur. Aanvanklik het die KAD van die jare sestig 'n prominente bestuursfunksie vervul en ook gedien as die pre-advies-komitee.

Kort na die KAD, het die aanwysing van die Boukomitee, die Finansiële Komitee en die Diaconiebestuur gevolg. Vir 'n groot gedeelte van die eerste jaar was die take van die diaconie merendeels gerig op die maandelikse kollekte onder lidmate en barmhartigheidsdiens aan behoevende lidmate. 'n Boufonds, met die mikpunt om R15 000 in te samel alvorens 'n lening vir die res van die uitgawes gemaak kan word, is na Augustus

Eerste Kommissie vir Algemene Doeleindes (KAD), Feb. 1961

Bestaande uit 4 ouderlinge & 3 diakens

O Vermooten
PG de Beer
FH Badenhorst
CH Badenhorst
FJ Burger
JP van Brakel
JJ van Graan

1961 geskep. Vanaf 1962 is individuele gemeentebydraes vir die boufonds ook ingesamel, eredienskollekte behartig en lidmate saans bygestaan in die aanwys van

sitplekke, en soggens met die uitdeel van gehoortoestelle. Saam met die Bond vir Dienaresse is die KAD ook getaak om die gemeente se eerste bestaansjaar te beplan vir viering op 'n gepaste wyse.

Eerste Diakoniebestuur

Voorsitter: JM Stiglingh

Ondervoorsitter: AS Botes

Skriba: FJ Burger

Lid van Dagbestuur: OJ Victor



Die Oppersaal

Notules verwys na die diakens (en miskien ook die res van die kerkraad) wat gereeld in die Oppersaal vergader het. Dit was die bo-vertrek wat bokant die konsistorie geleë was, en ook in die eerste twee dekades as die kerkkantoor gedien het.

Soos wat die Gemeente algaande gevestig het, is meer komitees benoem om aan bepaalde sake aandag te gee. Die volgende komitees het die bedrywighede van die Potchefstroom-Oos gemeente teen 1963 – 1980 weerspieël:

Gemeente komitees vanaf die vroeg-sestigerjare

(Name van Komitees/kommissies het oor die jare heen ver- ander of is opgeneem/gesentraliseer in kommissies of bepaalde bedieninge):

Dagbestuur

Geboue en Gronde

Offergawes

Finansiële Komitee

Pre-Advies en Gemeenteprogram

KAD// later Eiendoms- en Finansiële Kommissie (EFK) en ook Beplanningskomitee (Die EFK verdeel vanaf April 1975 in twee afsonderlike Kommissies, te wete die Finansiële Kommissie en die Eiendomskommissie)

Plaaslike Sending// later 'n Evangelisasiekommissie sowel as 'n Sendingkommissie

Gemeentebrief (opgeneem in ander bedieninge in 90's)

Gemeenteprogramkommissie//Later gemeentebediening

Besluite oor tyd heen

- Eredienste het in 1961 op Sondag om 07:30 begin en samesang 07:15.

- Wyksbidure is vanaf 1961 gehou in plaas van gemeente bidure.

- Bidure verskuif in 1966 van Woendagaande na Saterdagagaande. Daarna is dit weer terug na Woensdae om net weer teen Augustus 1972 na Sondagaande te skuif.

- Van die eerste Nagmaalsgeleentheid is op Saterdagagaande ook met 'n voorbereidingsdiens voorafgegaan.

- Kerkraadsvergaderings het gewissel van 1x per maand tot 8 keer per jaar. In 1972 is die aantal vergaderings verander na ses geleentheid per jaar en Woensdae is as geleentheid vir vergaderings gebruik.

Jeugkomitee//later Jeugkommissie
Orrelkommissie (verdwyn in 90's)
Openbare sedelikheid

Ander komitees waarop verteenwoordiging was namens Gemeente:

Advieskomitee Abram Kriel-Kinderhuis
Kultuurraad
Geloftedagkomitee
Hervormingsfeeskomitee
Bestuur van KJV
Sentrale Sendingkommissie// later Sendingkom-

- Vanaf Junie 1967 is diakens onthef van die verpligting om Barmhartigheidsdiens te doen. Hierdie taak is vanaf 1961 – Mei 1967 onderneem.

- In April 1970 is besluit dat stoflike oorskot nie tydens begrafnisse in die kerk ingebring sal word nie.

Die eerste paartjie wat op 7 Desember 1963 in die kerkgebou getroud is, was Dries Pienaar en Kittie Lemmer. Die kerkkoor onder leiding van me Joey Joubert het die troumars gesing. Ek onthou dat die vroue die orrel moes betaal en hoe Mama elke maand Mooivallei toe gery het om by elke huis 'n R1 of 50c te kry. Aanvanklik het die Kerkjeugvereniging besluit om geld in te samel vir die kerkklok deur pannekoek te verkoop, maar dit was spreekwoordelik 'n druppel in die emmer. Daar was groot dankbaarheid teenoor die jeug vir die poging, gelukkig vind die kerkraad langs 'n ander weg fondse vir die kerkklok.

Herinneringe: Hannes Lemmer, 2011




Die tweede paartjie wat in die gemeente se nuwe gebou in die huwelik bevestig is Roy en Rosa Knobel, 14 Desember 1963

Twee kommissies wat vanaf die laat tagtiger-negentigerjare die werksaamhede van die Gemeente in komitee- of kommissieverband aangevul het, is die Getuieniskommissie en Diens van Barmhartigheid. Verder is 'n Veiligheidskomitee in 1986 vir die Gemeente gevestig as deel van "die gees van die tyd".

Sedert die gebou-inwyding in 1963 was die NG-gemeente Potchefstroom-Oos baie geseënd om deur kom-en-gaan-jare van lede van die Eiendomskommissie lidmate van toewyding daarop te hê. Daarsonder sou dit kwalik moontlik kon wees om te verseker dat die uitbreiding, instandhouding en terreinverbeteringe kon realiseer.

Om kerkgangers by deure te verwelkom, was 'n diens wat ouderling PJ Nortjé in 1979 aangemoedig het. Die diakens het gevoel dat hierdie taak nie net sondermeer op hulle gelê moet word nie, en dit veel eerder 'n diens is wat die ouderlinge behoort te lewer. Na 'n ouderlingsvergadering is besluit dat die saak 'n vrywillige aangeleentheid is, en ouderlinge wat so voel, as hulle vroeg by eredienste opdaag, dit kan doen. Sô is dit vir jare hanteer.

Teen 1993 was die volgende kommissies in die Gemeente werksaam:



Benewens die kommissieaktiwiteite het 'n blokstelsel met blokouderlinge en blokdiakens in 1993 – 1994 bestaan. 'n Te kort aan Kerkraadslede is in Mei 1995 rapporteer. Hierdie stand van sake en Sinodebesluite oor die toelating van vroue tot die ouderlingsampte het verligting gebring. Geestelike vergaderings met beide ampsgroepe is op Woensdagaande na die biduur gehou en deur die leraars gelei.

Die Ampsbediening en Evangelisasiekommissie het teen 1996 verander na die Getuieniskommissie, en Evangelisasie as fokus wat waarskynlik meer die taak geword van die toe pas-gestigte Gemeentebediensingskommissie (KG). 'n Strategiese Teologiese Beplanningskommissie (STB) het

ook na 1995 bestaan. Beide hierdie kommissies se opdrag en fokus het op 'n manier oorvleuel, maar moes die STB beplan en toekomsgerig dink, terwyl die KG hierdie beplanning en ten uitvoere moes bring. In Augustus 1996 het die STB dan aan die Gemeente bekend gestel, 'n nuwe visie na aanleiding van 1 Johannes 4:19, en kortweg verwoord as:

“God gee om ... daarom gee ons om”



In 1996, eie aan die gees van die tyd, is elke bedieningsstruktuur se aktiwiteite goed deurtrap en die organisasie en funksies van elke kommissie in 'n organigram-struktuur vasgevat. Meer struktuur, en minder oorhaastige vernuwing – wat een van die oorsake was vir 'n kortstondige tyd van interne konflik in hierdie jaar tussen die leraars en leierouderling – moes hanteer word, en tot versoening bydrae.

Skolingskursusse teen 1993 was deel van die jaarlikse aktiwiteite om kerkraadslede te inspireer en vir hulle ampte en take toe te rus. Teen 1997 is gepraat van Gemeentebougeleenthede. Ds Johan Symington was by geleentheid die gasspreker.

Die Kerkraad oorweeg vir die eerste keer in Februarie 1997 dat 'n saakgelastigde aangestel word om gemeentedata elektronies te laai.

Lidmaat en bouer Jan Heenop (sr) was vir jare die anker in etlike bouprojekte van die Gemeente.

Geborg deur: Flip en Ronél Botha en gesin

'n Kommissie vir Bejaardes teen die 21e eeu:



Algaande het dit 'n kopseer geraak om van kerkraadslede te verwag om oral en gereeld die hande en voete van die Gemeente te wees. Kerkvisitasie in 1995 het uitgewys dat dit in toenemende mate moeilik raak om lidmate sover te kry om op die Kerkraad te dien. NG-gemeente Potchefstroom-Oos was in die onmoontlike situasie dat slegs sowat 70 van die 110 vakatures teen 2000 in die kerkraad gevul is. 'n Herbesinning het gelei tot 'n nuwe bestuursmodel (genoem die *Kingfisher*-proses) waarin die bedieningsstrukture in vier liggame ingedeel is, naamlik:

Bestuursraad: Belas met bestuur en administrasie.

Gemeenteraad: Hanteer die pastorale funksie en sien om na gemeente behoeftes.


Kerkraad: Bestaan uit lede van die Bestuursraad en die Gemeenteraad. Hanteer leraars-beroepe en sien om na Ringsbehoefte.

Kommissies: Lede wat funksioneer in afgebakende terreine (soos Diens van Barmhartigheid; Jeug; Senior Lidmate en Finansies). Teen 2000 het 10 kerkraadskommissies bestaan.

Volgens die *Kingfisher*-model is bepaal dat Bestuursraadslede nie wykverpligtinge het nie. Die Gemeenteraadslede het wel, en daar is besluit dat selfs 2-3 wyke aan een ouderling en diaken se sorg toevertrou kan word, maar dat gemeentelade nou meer betrokke kan raak deur in 'n nie-amptelike hoedanigheid as dienswerker of kollektant te help.



Die nuwe Gemeentestruktuur in 2001



Kort na die toepassing van dié nuwe bestuurstruktuur het die uitgebreide bestuur en Gemeente op 8 September 2002 'n oop gesprek gehad waarin die "opbou" en "uitbou" van die Gemeente bespreek is, en in watter mate Potchefstroom-Oos ten opsigte hiervan doelgerig is. 'n Belangrike kopskuif in hierdie jare wat algaande meer sigbaar geword het, is dat die lidmate meer seggenskap, en veel meer verantwoordelikheid, gekry het in die bestuur van die Gemeente. 'n Tipiese voorbeeld is die uitnodiging van die kerkraad in 2002 dat die lidmate hulle moet help om 'n dinamiese predikant te beroep en dat name van sulke predikante moet deurgegee word.

Die *Kingfisher*-model is toegepas, maar dit was teen 2004 duidelik dat tyd nodig was om dit behoorlik te vestig. Daarby, om die wil van God vir NG-gemeente Potchefstroom-Oos voortdurend te soek en in ag te neem, was kennelik nog worstelvrae.

In hierdie jare was nie net Potchefstroom-Oos besig om te besin oor hoe in 'n voortdurend-dinamiese tydsbestel aangepas behoort te word nie. 'n Bereidheid om ook te leer by ander gemeentes, en die ervaringe van kundiges, het aanleiding gegee tot sogenaamde Woemadae-byeenkomste wat al vanaf 2003 jaarliks georganiseer is, en waaroor later meer toegelig word. Gedurende hierdie jare is baie gemeentes blootgestel aan die vraag van watter gemeentegrootte hulle is, en hoe aangepas behoort te word as 'n gemeente nie meer die kenmerke vertoon van 'n familiekerk of 'n pastorkerk nie, maar eerder moet oorweeg om te herstruktureer as 'n programgrootte of korporatiefgrootte kerk. Die moontlikheid om 'n programgrootte gemeente te wees, is deur Potchefstroom-Oos raakgesien. Tydens die 2007-Woemadag het 'n uit-die-vuis-profiel van die gemeente die stand van sake so gestel:


Die Woemaganger was dit eens dat Potchefstroom-Oos se grootte dui op die Programgrootte kerk met 800 tot 1500 lidmate, en gemiddeld 150 – 350 lidmate teenwoordig op Sondag. Daar is in ons gemeente nog kenmerke van die kleiner familie-grootte kerk ...

Ten 2009 was die vernuwende kerkstrukture nog nie glashelder nie, en moes daar steeds ernstig besin word hoe om die gemeente te bestuur en te betrek in 'n tyd waarin Christene toenemend binne kleiner en/of nuwe godsdienstige verbande hulle 'kerkwees' beoefen het. Ds Fanus Hansen merk op:

Ons dink en werk hard aan en bid oor 'n nuwe bedieningstruktuur vir die kerk/gemeente/kerkraad ... die eerste fase van ... herstrukturering is om wyke te verklein, ek is nie van mening dat 'n ouderling tien tot sestien besoekpunte sinvol kan dien nie. Die nuwe wyke is aansienlik kleiner ... 'n Leierouderling, met agt blokouderlinge en sowat 65 ouderlinge gaan hier betrokke wees ... die diakonie gaan bestaan uit net sowat 15 diakens wat regtig die gawe/talente/tyd en lus het vir die versorging van ons gemeente ... nie wyksgebonde nie ... droom van wyke waarin lidmate vry assosieer ... die volgende fase gaan ons bedieninge wees. Ons gaan regtig moet uitwerk watter bedieninge daar tans is, wat daar móét wees en dit struktureer ...

Na 50 jaar van bearbeiding, verandering, vernuwing en herstrukturering, was Potchefstroom-Oos steeds begerig om teen 2011, 'n verskil te maak na buite en om familie te wees na binne. Op papier egter was die gemeenteprofiel, vergeleke met vorige jare, drukkend. Die lidmaattal vanaf 1961 tot 2011 het wel 'n groei getoon van sowat 66%, maar dit was op 'n tyd hoër, die leraars meer, en so ook die getal belydende kategeese en dooplidmate. Kort na die feesjaar het 25 dooplidmate belydenis afgelê, en 176 dooplidmate is bedien. Ongeag hiervan was die gemeentebestuur, waaronder 60 kerkraadslede, steeds besonder begeesterd en gedetermineerd om 'n verskil te maak. Vele aktiwiteite in etlike bedieninge is steeds jaarliks georganiseer om die warm hartklop van Christenwees staande te hou as deel van die eeue-oue vissers-van-mense-opdrag.

'n Profiel van NG-gemeente Potchefstroom-Oos, 1961 – 2011 (Nie al die statistiek vir 1986 was beskikbaar)



Geborg deur: Gerit, Hettie, Jaco en Minette Dippenaar

Kerkraad – NG Gemeente Potchefstroom-Oos 2011



Vlnr.: Danie Fourie, Andriette van Vuuren, Wallie Kruger, Ds. Fanus Hansen, Ds. Gerrie Lamprecht, Martin Uys, Ronéi Botha (saakgelastigde), 2de ry: Femke Krüger, Chrissie Blume, Joan Henstock, Johan le Roux, Magda le Roux, Arend Müller, Corinne Strydom, Driekie Baird, Jeff Ferreira, Peet Oberholster, Louis Botha, Nico van Eck. 3de ry: Micheal Devenish, Vanessa Knobel, Japie Venter, Kobus Pretorius, Awie van Rensburg, Jan Lem, Johannes Benadé, Piet van Huyssteen, Christo Jordaan, Danie Matthee. 4de ry: Riaan Röntgen, Lizette van Deventer, Jan van Niekerk, Marius van Vuuren, Frans Joubert, Piet J van Rensburg, Neels Jansen, Jan Willemse, Marius Cooke, Schalk Coetzee.



Geborg deur: Johan en familie



Geborg deur: Jan en Elfrieda Combrinck

3

'n Plek van aanbidding en bediening

Historiese oomblikke vir Potchefstroom-Oos

"Op 2 Februarie 1961 is die NG-gemeente Potchefstroom-Oos afgestig. By lidmate was daar glo maar baie vrae in die gemoed...: "Sal die gemeente die mas opkom?", was een van daardie vrae waaroor baie gewonder het. Hierdie twyfel en onsekerheid, by monde van ds AC (Awie) Viljoen, het spoedig plek gemaak vir 'n positiewe gees, duidelike doelwitte en passievolle, georganiseerde pogings om dit te bereik.

Vir 31 maande was Hoërskool Tegnies se eetsaal en studiesaal vir alle aktiwiteite van die gemeente gebruik, onderwyl lid-

... Die eerste eredienste is in die eetsaal en studiesaal van Unie-huis, 'n seunskoshuis van die Hoër Tegniese Skool gehou...

Herinneringe: Hannes Lemmer

mate, te midde van alle geestelike en uitreikbedrywighede, ook nougeset aan 'n permanente kerkruimte beplan het. Al was die kerkboufonds teen April 1962 op 'n skamele R1 000 – terwyl 'n behoefte van minstens R15 000 met die oog op 'n verdere lening in die vorige jaar met die gemeente gedeel is – is positief gebly en almal voortdurend aangemoedig om hand diep in die sak te steek. Met al die diep sakke en vlytige vroue, die verkope en die braaivleis, kon die gemeente reeds op 26 November 1962 aanskou hoe begin bou is aan 'n nuwe kerk – die gebou van NG-gemeente Potchefstroom-Oos.

Eers 'n sendingkerk ... toe 'n kerkgebou

Dit is nie aan baie van die gemeente bekend dat 'n sendingkerk op 24 Maart 1962 op ouderling Casper Badenhorst se plaas ingewy is nie. Ds AC Viljoen was ook daar. Hierdie eie inisiatief om die Woord te verkondig aan swart mense in omstandighede van 'n "ontwakende nasionalisme" onder swart mense en 'n beleving van sending as 'n moeilike taak, is hoog aangeprys deur Viljoen. Hierdie kerk is waarskynlik in later jare hoofsaaklik as 'n skool gebruik.

Enkele maande later is die bouwerk begin. 'n Hoeksteenleggingsgeleentheid is vir 2 Februarie 1963 georganiseer. As geleentheidspreker vir hierdie mylpaal oomblik was ds CFB (Beyers) Naudé die Potch-Oos kerkraad se eerste keuse:



Bron: http://www.argief.litnet.co.za/cgi-in/giga.cgi?cmd=print_article&news_id=15316&cause_id=1270

Ds Beyers Naudé

Geleentheidspreker by die hoeksteenlegging van Potchefstroom-Oos se voorgenome kerkgebou, 2 Februarie 1963. Beyers, welbekend as "Oom Bey", en internasionaal bekend vir sy aktivisme teen apartheid.

Om die huis te bou

Om kerk te bou, was 'n spanpoging: Die kerkraad, die gemeente en beslis die kontrakteur wat op sy beurt weer spanne subkontrakteurs onder hom moes bestuur. Die kerkraad het al op 27 Maart 'n boukomitee benoem wat saam met die KAD moes voorvat. Moedergemeente Potchefstroom het 'n eiendom geskenk. Die insameling van fondse vir die oprigting van 'n gebou vir die samekoms van die gemeente Potchefstroom-Oos, was al vanaf 1961 geïnisieer nog voordat enige konkrete planne op die tafel was. 'n Behoefte dat die gemeente binne drie jaar 'n kerkgebou sal hê, was 'n ideaal wat deur die kerkraad uitgespreek is.

In die daaropvolgende jare is ondersoek ook ingestel na moontlike persele vir 'n kerk en pastorie in 'n nuwe uitbreiding.

Eerste Boukomitee/kommissie (Mrt 1961)

CH Badenhorst
MJ van Wyngaardt
FJ Dippenaar
J Stiglingh
JA Vorster

Tydens die Mei 1962-Kerkraadsvergadering het die Geboue-en-Gronde komitee moontlike opsies van geboue aan die Kerkraad voorgelê. Tussen die moontlikhede van of 'n kerkgebou, of 'n kerksaal of dan miskien 'n saal, het die kerkraad besluit dat die behoefte vir 'n kerkgebou die meerderheid se wens is, en dat die dak van die kerk verkieslik in leiklip moet wees, aangesien dit die "die beste en duursaamste

dak lewer”.

Daarop is besluit om die bedrag wat benodig word by die bank te leen, en die gemeente aan te spoor om meer gereeld 'n boufondsbydrae te maak. In Junie is die geboussketsplan deur argitek B de W Hartman teen R2 389 aan die kerkraad voorgelê, waarop die Kerkraad besluit het dat met die gebou-ontwikkeling voortgegaan word, mits die kerkgebou die gemeente nie meer as R60 000 uit die sak gaan jaag nie (uitgesluit die argiteksfooie en ander verwante kostes). Met 'n lening vir die volle bedrag by die eertydse Volkskas Bpk. is die bouwerk begin. Tenders is aangevra waarop sewe bouers reageer het. Die tender van bouaanemer TH Bolton (Edms.) Bpk. het gerieflik binne die plafon bedrag van die Potchefstroom-Oos gemeente geval. Bolton (jr) deel 'n paar kosbare herinneringe van sy pa se bouwerk waaraan hy deel gehad het:



Thomas H Bolton

Bouer Peter Bolton onthou van sy pa, Thomas Bolton en die NG-Potchefstroom-Oos-bouwerk...

Ons het met toue die beton opgetrek om dit daar bo [kerktoring] te giet. Daar was nie hyskrane en sulke goed in daardie dae om daarbo uit te kom nie... Op daardie stadium [1961] het my pa 'n klomp baie goeie blanke werkers gehad, dis hoekom hy so baie kerke in Potchefstroom gebou het. Dit is baie fyn werk en nie enigen kon dit doen nie. Ek sal sê op een stadium was daar seker 30 na 40 blanke en nie-blanke werkers op die terrein... Dit is stadige bouwerk hierdie. Dit word nie vinnig opgerig nie... As ek reg onthou het hierdie kerk minstens nege maande gevat as dit nie langer was nie.... [Die bouwerk] is ingewikkeld – dit is nie massa werk waarmee jy kan aangaan nie. Dit is bietjies hier en bietjies daar en dan moet jy eers beton gooi en of dit doen of dat doen. Al hierdie klein pilaartjies tussen die vensters byvoorbeeld. Dit vat tyd voordat jy verder kan gaan. Dieselfde met die steenwerk – kyk hierbo, dit is nie enige messelaar wat dit kan doen nie. Al die stene wat uitsteek moet presies gelyk wees. Ek onthou die mense wat hier gewerk het. Die een was Frikkie Badenhorst en die ander een Bertie Viljoen. Hulle was albei baie goeie messelaars en hulle het op die kerk gewerk... Die klein panele hier agter tussen die vensters [agter by die konsistorie se kant], ek onthou dit baie goed – ek

was nog jonk, maar dit was vir my 'n baie groot ding in my lewe. Ons moes al die bierbottels bymekaar maak wat ons kon kry en dit gemaak het en dan met die klippies [meng] om die afwerking te kry wat die glinstering van die glas het wat jy nie met die klippies kon kry nie. Dit was op versoek van die argitek wat ons dit gedoen het... 'n Hollander, 'n meneer Huiseman – hy was 'n perfekte skrynwerker – het al die deure en deurrame gemaak wat in die kerk is...Bokkie Venter was ons 'carpenter' [skrynwerker] – hy het al die paneelwerk in die kerk gedoen, al die vloerlyste en ander los houtwerk. Hy het bietjie stadig gewerk en ek het juis vir hom gesê hy moet vinniger werk – hy was nie baie beïndruk met my nie! Die kerkbanke, en ek dink die kansel ook, is deur buitemense gemaak wat in kerktoerusting gespesialiseer het. Ek is nie seker wie dit gemaak het nie, maar dit was nie mense van Potchefstroom nie. Ek dink hulle was van Bethlehem of Tzaneen, ek is nie seker nie. My pa [TH Bolton] se ambag was messelwerk toe hy begin bou het, maar hy het gegaan vir die meer ingewikkelde geboue. Hy het goeie ambagsmanne gehad – mense wat hy meestal self geleer het. Hy het hulle hier by die Tegniese Skool uitgekies. Hoe meer ingewikkeld die werk was hoe meer het hy daarvan gehou. Die kerkgebou, Noordbrug Kerk, het my pa gebou net voordat hy [Potchefstroom-Oos] se kerk gebou het... Al die gekleurde glas is deur 'n ou Potch-firma gedoen – Glamour Glass. Die man [destyds] in beheer daar [is] oorlede Willie van Heerden.

Herinneringe getranskribeer en geredigeer: Onderhoud Martin Uys met bouer Peter Bolton (Jr.), Januarie 2012



program

Saterdag 26 Oktober 1963

2.55 nm.

Gemeentelide en besoekers kom voor die kerkgebou hynekaar terwyl die kerklike lui.

3.00 nm.

1. Lofsang.—Ps. 146:1.
2. Gebed.—Ds. J. Calitz.
3. Verwelkoming.
4. Oorhandiging van voltooië gebou deur boukontraakteur, mnr. T. H. Bolton.
5. Oorhandiging van sleutel deur argitek, mnr. B. de W. Hartman, aan Voorsitter van Boukommissie.
6. Bedankings.
7. Ds. A. C. Viljoen onthul die deur in die Naam van die Drieënnige God.
8. Plekke word ingeneem terwyl die koor Ps. 100 sing.
9. Oorhandiging van die Kanselbybel.—Dawid du Toit. Oorhandiging van Psalm en Gesangeboek.—Marie Joabert. Oorhandiging van Formulierboek.—Lamar Oosthuizen.
10. Votum.

11. Gemeentesang.—Ps. 33:1, 11.
12. Skriflesing.
13. Wydingsgebed.—Ds. H. M. Viljoen (konsulent).
14. Koorsang.
15. Wydingarede.—Ds. A. J. V. Burger (Scriba van die Algemene Sinode).
16. Koorsang—Koor van Hoër Tegniese Skool.
17. Gelukwensing deur voorsitter van die Ring—Ds. A. P. Burger.
18. Gemeentesang—Ges. 154:1, 2.
19. Offergawes—Boufonds.
20. Dankgebed.—Ds. A. J. V. Burger.
21. Gemeentesang—Ges. 125:5.
22. Seën.

Na die diens sal die kerkgebou oop wees vir persone wat dit wil besigtig.

Sondag, 27 Oktober 10.30 nm.—Erediens.

Sondag, 27 Oktober 7.30 nm.—Belydenis van nuwe lidmate.

Uitgebreide Boukommissie betrokke by die ontwikkeling van die NG-Potchefstroom-Oos kerkgebou in 1963

Ds AC Viljoen (Voorsitter)
CH Badenhorst (Vise-voorsitter)
FH Badenhorst
AJ Botes
JJ van Graan
WJ Strydom
FJ Visser
FJ Dippenaar
BD van der Westhuizen

'n Eie kerkgebou as plek van aanbidding is op Saterdag 26 Oktober 1963 amptelik met opgewondenheid ingewy. Die prediker by die feesgeleentheid was ds AJV (Attie) Burger wat vir jare lank redakteur van die *Die Voorligter*, en skriba van die Eerste Algemene Sinode in 1962 was. Sy teksvers met die inwyding was Handeling 20:28. In die Nuwe Lewende Vertaling (NLV) is die boodskap aan die gemeente so duidelik:

Pas julleself op en die hele kudde oor wie die Heilige Gees julle as ouderlinge aangestel het. Julle moet as herders die kerk van God versorg, dié kerk wat Hy vir Hom verkry het deurdat Sy eie Seun gesterf het.

Ds AJV Burger



Bron: http://af.wikipedia.org/wiki/L%C3%AAer:AJV_Burger.jpg

Gelukwensing van 'n verskeidenheid kerkdenominasies is ontvang: Van die NG-gemeentes Potchefstroom Moedergemeente; Moorivier; Potchefstroom-Noord; Die Gereformeerde Kerk Potchefstroom asook van al die Nederduitsch Hervormde Gemeentes van Potchefstroom en die Potchefstroom Methodist Church.

Tydens inwyding is die bankskuld van R50 000 vir 'n oomblik in die agterkop geskuif om as gemeente net saam bly te wees oor wat in 'n kort tydjie bereik is om die kerkgebou teen 'n koste van sowat R60 000 op te rig. Die eerste gewone en gekombineerde kerkraadsvergadering in die nuwe kerkgebou was op 11 November 1963.

Dertig jaar later (1993) onthou die Gemeente weer:

Ons kerkgebou vier 30e verjaarsdag

Ons kerkgebou is vanjaar 30 jaar oud. Die gebou is op 26 Oktober 1963 amptelik in gebruik geneem.

Die gemeente bestaan egter reeds meer as 32 jaar, nadat dit op 2 Februarie 1961 van drie ander gemeentes afgestig is. Die eredienste is aanvanklik in 'n eetsaal van die Uniehuis-koshuis aan die Hoër Tegniese Skool gehou.

Die Soetdorings het die program, wat tydens die plegtige inwyding uitgegee is, bekom en heelwat interessante daarin raakgehoop.

Ds. Awie Viljoen was die eerste leraar van die nuwe Potchefstroom-Oos gemeente. Sowat ses jaar gelede, toe ons ons nuwe saal in gebruik geneem het, het Ds. Awie weer hier kom kuier. Hy het vertel hoe doemprofete voorspel het die nuwe gemeente het geen bestaansreg nie. Dit sou spoedig doodloop, het hulle gesê.

Ná 30 jaar is hul praatjies nou nog net wind en ons dank die Here dat Hy die raad van hierdie Jobstroosters en al die ander wat sedertdien op die toneel verskyn het, veryd het! "Hou Christus

In die vroeg negentigerjare het Barend Grobbelaar die Gemeente-voorsang op Sondae sinvol en suksesvol gekoördineer. Mevrouw Sue de Villiers het in 1994 die taak oorgeneem, en met die hulp van me E Burger en Johan Bester die voorsang behartig.

Ander ontwikkelings en uitbreidings


Die toekomstige huisvesting van 'n leraar en gesin in Bremnerstraat 1 was deur die KAD as 'n prioriteit hanteer nog voor enige planne vir 'n kerkgebou realiteit was. Daarbenewens is die jonger jeug getaak om projekte te beplan met die oog op fondse vir 'n preekstoel, terwyl die handjievol KJV-lede op fondsinsameling vir die aankoop van 'n kerkklok gefokus was. Die vroue onder die bestuur van die Bond vir Dienaresse was op hulle beurt weer bedrywig om die finansies vir 'n kerkorrel te styf.

Toe ds Chris Crause in 1999 vra dat die plafon wat geverf moet word, net nie wit moet wees nie, het die argitek 'n aluminiumkleur voorgestel – so het die kerkgebou binne 'n unieke eienskap bekom. Theuns Krüger het die oorspronklike leiklipdak van die kerk wat mettertyd begin lek het, met betonteëls laat vervang.

Herinneringe: Ds Giep Peens, 2011

Wat is 'n gemeente sonder 'n orrel?

NED. GEREFORMEERDE KERK
POTCHEFSTROOM-OOS



GEDENKPROGRAM

vir die ingebruikneming van die

NUWE KERKORREL

24 NOVEMBER 1963

om 8.15 nm.

Dit is haas ondenkbaar om jou in te dink dat 'n gemeente van die jare sestig, en verbind tot 'n eg Calvinistiese tradisie, 'n orrellose kerkgebou sou wou hê. In die bestek van twee jaar na afstigting is die nuwe kerkorrel – 'n maand later as die kerkgebou – op 24 November 1963, in gebruik geneem. Ds Viljoen se dankboodschap aan die gemeente en dan ook byname aan die vroue van die gemeente: "Baie dankie, susters. Die orrel sal altyd ook in die kerk staan as bewys van die dienende liefde van die susters". Om in daardie dae 'n bedrag van so te sê 50% van die orrelkoste (R3 000) te kon insamel vir 'n nuwe kerkorrel was inderdaad doelgerigte liefdesdiens.

KOORLEDE

Koorleidster Mev. J. Joubert

Begeleiding: Mej. M. Myburgh, Mev. M. Koornhof, Mnr. G. W. Koornhof

SOPRANE:

Mej. F. van Aswegen
Mej. C. van Aswegen
Mej. J. van Broekhuizen
Mej. M. de Jager
Mej. C. Mills
Mej. C. de Beer
Mej. I. de Wet
Mej. C. Lemmer
Mev. M. van Graan
Mev. C. van Aswegen
Mev. J. van Broekhuizen
Mev. A. van Brakel
Mev. M. du Toit
Mev. J. Nagel
Mev. E. de Jager
Mev. E. Smit
Mev. M. Badenhorst
Mev. A. Smith
Mev. D. Burger
Mev. I. Grobler
Mev. M. van Eeden
Mev. J. Hefer
Mev. J. Preller
Mev. H. Kloppe

ALTE:

Mej. E. Oberholzer
Mej. M. Röth
Mej. A. Myburgh
Mev. M. Lemmer
Mev. M. Röth
Mev. M. le Grange

TENORE:

Mnr. H. Pienaar
Mnr. A. Golden
Mnr. J. van Brakel
Mnr. J. van Wyk
Mnr. P. Roux
Mnr. J. Vorster
Mnr. O. Victor
Mnr. D. van Niekerk

BASSE:

Mnr. C. Röth
Mnr. F. van Zyl
Mnr. P. Smit
Mnr. J. Killian
Mnr. C. Schoeman

ORREL-, KOOR- EN SANGUITVOERING

PROGRAM

1. VERWELKOMING Ds. A. C. Viljoen
2. OORHANDIGING VAN SLEUTEL —Mnr. H. Schaffrath (Orrelbouer)
3. ONTVANG VAN SLEUTEL Mev. H. Viljoen
4. ORRELSOLO
(a) „Ons prys U Here God” (J. S. Bach) G. W. Koornhof
(b) „Wachet Auf”
5. GEMEENTESANG—Ps. 147
6. SEUNSKOOR: „U Hand het ons gelei Heer”—Hoër Tegniese Skool o.l.v. **mnr. en mev. Mulder.**
7. MANNEKOOR: „Liewe Jesus sien ons saam”
8. SANGSOLO: „Met groen getooi” uit „Die Skepping” van Haydn —**Mev. E. Craig**
9. ORRELSOLO: „Loof die Here” (J. S. Bach) —**Mev. M. Koornhof**
10. GEMENGDE KOOR: „Halleluja Loof God” (J. H. Vos)
11. VROUEKOOR: „Hoe lieflik op die berge” (G. Donizetti)
12. ORRELSOLO: Fuga uit Sonate op Ps. 94 (J. Reubke) — **Mev. M. Koornhof**
13. KOOR EN TRIO: „Die hemele verkondig die ere van God” uit „Die Skepping” van Haydn. — **Mej. S. Sauerman**
14. VIOOLSOLO: Grave en Allegro uit Sonate in D (Geminiani) — **Mev. R. Pienaar**
15. VOORDRAG van Skrifgedeelte uit Gen. 1 : 19-31. — **Mev. E. Craig**
16. SANGSOLO: „Op sterke vleuels” uit „Die Skepping” van Haydn. — **G. W. Koornhof**
17. ORRELSOLO: Toccata in F (Ch. M. Widor) — **G. W. Koornhof**
18. MANNEKOOR: „Hoop en wees tevrede” (C. Malan)
19. GEMENGDE KOOR: „Loof die Heer o my siel”
20. BEDANKINGS
21. GEMEENTESANG—Ges. 180.



Die Potchefstroom-Oos orrel

In Junie 1962 het die kerkraad daadwerklik aandag gegee aan die maandelike aankoop van 'n orrel vir die kerkgebou-in-beplanning. 'n Orrelkomitee is saamgestel, bestaande uit ds AC Viljoen (voorsitter), JD Verwey, PG de Beer, JP van Brakel, O Victor, Mee JMC Joubert en C Tait asook twee verteenwoordigers van die Bond vir Dienaresse. Dit was ds AC en mev Viljoen wat eger voor geloop het, en mnr Koornhof by die musiekkonservatorium van die eertydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (tans deel van Noord-Wes Universiteit) gaan besoek het om sy raad en leiding vir orrelspesifikasies.

Die orrelbouer was die Duitser mnr Heinrich Schaffrath van Pretoria. Hy was getaak om 'n "tweemanuaal en pedaalpyporrel" vir R8 800 vir die Gemeente te bou. Dit was nie sommer 'n vinnige koop nie. Mnr (later professor) Gawie (GW) Koornhof en ds Awie Viljoen het Schaffrath gaan besoek, en Koornhof het op een van sy klaar-vervaardigde orrels gespeel om te kyk of dit die soort kwaliteit is waarna die Gemeente soek. Almal was dit eens dat Schaffrath se werk, en die materiaal wat hy gebruik, van hoog- staande gehalte was. Dit was eertydse Lid van die Volksraad (LV), Prokureur Louis le Grange, wat nog die kontrak tussen die Gemeente en Schaffrath opgestel het. Müller Orrelbouers (Edms.) Bpk. Van Potchefstroom was in 1963 verantwoordelik vir die installering van die kerkklok teen 'n koste van R735. Die amptelik inwyding van die orrel op 24 November 1963 met kooruitvoering en sang (olv me Joey Joubert) het Mnr GW Koornhof en mej M Myburgh die orreluitvoering

behartig. Die laaste ontbrekende orreltype is eers 'n jaar later installeer. Nog bykomende behoeftes aan die orrel (soos 'n liggie, 'n tertsregister, en die verskuiwing van die orrelkas) het vanaf 1965 aandag gekry.

Prof GW Koornhof



Die kerkkoor is deur mev. Joey Joubert afgerig en ... [is] met nagmaal ... gedoen. Dit was 'n pragtige koor, met o.a. mnr. en mev. Röth en oud LV Louis le Grange met sy pragtige basstem. (Hy word later Minister en Volksraadslid vir Potchefstroom)... Toe die kerk gebou is, is mnr. Koornhof aangestel as die orrelis. Die orrel was nog nie klaar nie. Mev. Joubert het gesê 'n serfytjie is tydelik as orrel geïnstalleer...

Herinneringe EW Fick (Oberholzer)

Dosente wat Vertrek

DIE Universiteit verloor weer vanjaar 'n aantal knap dosente wat hulle betrekkinge aan die Universiteit neerlê. Met dank en waardering vir die dienste wat hulle aan die Universiteit gelewer het, neem ons vanjaar afskeid van dr. Joan Louw, senior lektrese in Farmakologie; mej. S. J. Dippenaar, lektrese in Huishoudkunde; mev. L. W. Basson, junior lektrese in Huishoudkunde; mnr. G. W. Koornhof, lektor in Musiek; mnr. R. W. Mohr, senior

Bron: Matieland, 1859, p. 16. GW Koornhof oppad na Potchefstroom waar hy diep spore sou trap in die Potchefstroom-Oos musiekbediening

Die ritme van musiek in Potchefstroom-Oos, prominent

In die vyftig jaar van Potchefstroom-Oos se bestaan is 'n oorvloed van musikale talent as gawes tydens paslike geleenthede gebruik. So was mnr (later professor) Gawie Koornhof en mev. Ena Koornhof sedert die sestigerjare al by die gemeente betrokke, en die keuse van orrel in 1963 het ook sy stempel van goedkeuring gedra. Koornhof het die orrelsolo-uitvoerings behartig tydens die inwyding van die orrel op 24 November 1963. Jare later byvoorbeeld was daar ds Wesley Lamprecht wat in 1987 by die gemeente aangesluit het wat as gesoute trompetspeler en met sy musikale talent etlike onvergeetlike Kerssangdienste deurgesien het. Op 25 November 2001, toe die gemeente se 40ste verjaarsdagjaar gevier is, was Wesley weer aan die spits van die 'n Kerssangdiens wat gekenmerk is deur 'n keurspel van verskeidenheid. Sedertdien was die volgende tien jaar van die gemeente geen uitsondering nie. Kultuuraande (2005 en 2010) sowel as 'n eerste Gospelaand was gelaai met talentvolle kunstenaars en musiek vir die siel.

Me Truia Malan het in 1971 die koor afgerig.

Geen produk is vir 'n leeftyd onder waarborg nie. So was dit dan ook met die orrel. In 1973 is die orrel beskryf as in 'n "betreurenswaardige" toestand te wees. Herstelwerk en instandhouding was nodig en na 'n stewige hersteluitgawe is van toe af aan besluit dat die firma E Fehrle & Kie die orrel jaarliks sou stem teen 'n bedrag van R57. Dit was skynbaar steeds die reëling tot en met 2011, alhoewel die dienste van Fehrle in 1975 as onbevredigend afgemaak is en 'n mnr. Pekelharing gevra is om die orrel te stem.

Koornhof het vir jare die NG-gemeente Potchefstroom-Oos se eredienste begelei. Sy vrou, M Koornhof het ook soms ingestaan. Met professor Koornhof se tydelike vertrek (vir 'n jaar) na die VSA in 1976, het 'n ewe nasionaal-bekende orrelis, mnr Eddie Davey, in sy plek waargeneem, en ook 'n koor vir die Gemeente hervestig. In 1978 is genoem dat die Gemeente se Kleinkoor versoek is om op te tree met die ingebruikneming van die nuwe Psalm-Gesangeboek.

Die spore van orrelis Eddie Davey in NG-Gemeente Potchefstroom-Oos in 1976



Bron: <http://eddiedavey.blogspot.com/>

Met die Gemeente se 40e verjaarsdag (2001) was Linda Erasmus die orrelis. Sy het na die sowat 27 jaar van prof. Koornhof, ook die Gemeente vir goeie 22 jaar as orreliste bedien voordat Babette Viljoen in 2011 as orrelis aangestel is.

Linda Erasmus



Babette Viljoen – 2011 orrelis

Babette maak reeds van 3-jarige ouderdom af al musiek. Sy het as 13-jarige in die kerk op Senekal (Vrystaat) begin orrel speel. Teen 2011 was sy 'n Meestersgraadstudent aan die Noord-Wes Universiteit, Potchefstroomkampus. Sy aanvaar die pos as orrelis van die gemeente op 1 Maart 2011 en lei ook die koorsang.

Gedurende die halfeeue van die gemeente se bestaan, is etlike uitstaande geleenthede georganiseer, waaronder Kerssangdienste, waarin daar dikwels in die oortreffende trap musiek van gehalte aangebied is en gemaak is. Name soos Rina Hugo en Johan van Rensburg (ook oud-lidmate en latere suksesvolle kunstenaars), asook Werner Nel is in die geskiedenis van die gemeente verewig.



Babette Viljoen



'n Kerstablo-geleentheid, 20 November 1994

Gemeente-orkes en voorsang

Voorsang was reeds van vroeg in die geskiedenis van die Gemeente 'n behoefte. Van tyd tot tyd het 'n gemeentelid, 'n kerkraadslid of die orrelis leiding hierin geneem.

'Credo', die eerste musiekgroep (band) van Potchefstroom-Oos

Loupie Laubscher, Agnes Holvast, Pieter Pienaar (Abel se oudste) en Elmarie Benadie het in die laat 1980's die eerste orkes en sanggroep in die kerk gevorm. Later het Cornea Schnautz ook met haar klavierbord die gemeente se jongmense begelei. Die uiters talentvolle Abel Pienaar jnr. het ook later daar leiding geneem.

Sondagaande het hulle lustig tussen die kerk en die (nuwe) saal "sing-songs" gehou. Dan het hulle in gelid die kerk inbeweeg en die voorste rye beset. Buite eredienste was dit hoofsaaklik koortjies, baie daarvan Engels (Give me oil in my lamp; This little light of mine – I'm gonna let it shine) en binne die Jeugsangbundel, Halleluja's met Pinkster en "ander geestelike liederes", soos Ef.5 ons leer.

Herinneringe Ds Wesley Lamprecht 2013

In die vroeg negentigerjare het Barend Grobbelaar die Gemeente-voorsang op Sondag sinvol en suksesvol gekoördineer. Mevrou Sue de Villiers het in 1994 die taak oorgeneem, en met die hulp van me E Burger en Johan Bester die voorsang behartig.

Ds Wesley rapporteer in 2004, op die vooraand van sy vertrek uit die Gemeente:


'n ... positiewe verwikkeling ... is die opkoms van die 'BAND'. Hier is vier seuns (en deesdae een meisie) wat hulle talente tot beskikking van die Here stel en wat klaar tot 'n oplewing in die bywoning van jeugdienste gelei het en nog sal lei.

Die eerste orkes (almal van die Graad 11-belydenisklasgroep) is selfverduidelikend as “One Crown” gedoop. Die groep was Lambrecht Botha (dromme), Lourens de Jongh (elektriese kitaar), Hendri Hofmeyr (hoofsanger en akoestiese kitaar) en Sarel Rothman (baskitaar).

Die voorsang van die Gemeente het ook vroeg in die nuwe eeu andermaal 'n hupstoot gekry toe 10 vrywilligers aangebied het om te help en so die gemeente se samesang te help verbeter. Die dinamika van lidmate het egter dikwels tot op-en-af kurwes van sukses in die voorsang gelei.

Soos baie inisiatiewe dus, het die voorsang en musiek na 2004 ook maar hoogtes en laagtes, en selfs stiltes, beleef. Teen Julie 2009, en kopskuiwe verder oor wat nodig is om met die tyd en gemeentebehoeftes saam te beweeg (en Potch-Oos ook weer te laat sing), het die tradisionele gesig van die totale preekstoelruimte verander. Ds Hansen som in 2009 sy belewenis op:

So saam met die nuwe klanksisteem het die voorsanggroep ontstaan onder leiding van Johanna Müller.... 'n lidmaatpaar... het die elektroniese klavier geskenk... die klanke is hemels. So tussen fagot en blokfluit en die stemme van die voorsangers, gaan ons nog sommer lekker sing... Die diakenbanke is verwyder, daar gaan oor so 'n tydjie van nou 'n verhogie kom, ons wil net eers die spasie leef en beleef en dan dink hoe alles moet lyk... Die elektroniese klavier vorm elke aand tydens die jeugdienste die middelpunt van die tiener-begeleidingsgroep. Mandie lei ons pragtig daarin... en 'n paar van ons eie tieners lei ons in sang. Tot hulle nie 'n naam kies nie, sal hulle maar bekend staan as die 'konsistorie orkes'...



Geborg deur: Isak en Petra Smalman en gesin

Die grondpad na 'n gedenkmuur vir die Gemeente

Ds Gawie van der Merwe skryf oor die gedenkmuur:

In 2000 het ek 'n droom gehad vir 'n gedenkmuur op ons kerkterrein vir die mense van Potchefstroom. Voorsiening sou gemaak word vir 2 250 nissies in 'n eerste fase, aan die suidekant van die kerkterrein, wes van die pastorie. Drie verdere fases sou in die toekoms volg. Die mure aan die suidekant moes dubbeld wees, ingevul met drie lae ou motorbande, vir in geval 'n voertuig in Potgieterstraat (Nelson Mandelary-laan) die pad 'byster sou raak'! Dit moes die mooiste tuin van herinnering wees en sou op daardie stadium 'n seldsaamheid wees. Peet van der Walt, 'n gemeentelid en bourekenaar, het die beraamde kostes voorgelê, waarna die belangstelling vervaag het.



Theuns Krüger

Kort na ds Stefaan de Jager se aanstelling, het hy die voordeel van 'n eie gemeentelike gedenkmuur verder gekoester. Na etlike kerkraadsvergaderings was dit Theuns Krüger, wat teenoor die kerkraad opgemerk het: "Mense, as julle nie nou 'n gedenkmuur bou nie, sal julle almal by Grimbeekpark en ander vreemde gemeentes weggebêre word!" Daarop is bouer André Botha se kwotasie aanvaar vir die "aksentstruktuur met 90 nissies op die posisie van die ou waterreservoir" (aldus ds Stefaan).

Die Gemeente-gedenkmuur is opgerig in die ruimte waar 'n waterreservoir/dam vroeër was



Geborg deur: Bennie en Deidré van Wyk

Teen 2011 vertel ds Fanus Hansen:

Ons het die gedenkmuur voltooi. Die eerste twee kassies is al in die nissies weggeleë, en die tuin daar rondom groei pragtig. Ek dink dat ons hierdie somer, wanneer die fontein geïnstalleer is en die plante fluks groei, die skoonheid van die gedenkmuur gaan waardeer. Dankie aan Arend Müller as argitek, Magda J van Rensburg wat die tuin daar rondom in stand hou en oom Martin wat oorhoofs beheer uitoefen. Andre Botha, die bouer, het voortreflike werk gelewer. Dit is 'n kleinood vir ons nageslag.



Arend Müller

Die granietblaaie vir kransies of blomme vir die nissies by die gedenkmuur is waarskynlik 'n eerste in Suid-Afrika, wat as voorbeeld gebruik is vir latere gedenkmuure. Argitek en lidmaat van Potchefstroom-Oos, mnr Arend Müller, was vir hierdie ontwerp verantwoordelik.



Bou van 'n Gemeentesentrum/Kerksaal

In Julie 1965 is vir die eerste keer genotuleer dat die gemeente 'n behoefte het aan 'n kerksaal en dat die susters toestemming vra om 'n fonds te loods, gerig op die toekomstige bou van 'n kerksaal. Die Gemeente was ook in die proses om addisionele grond aan te koop. 'n Trustfonds het in die mid-sewentigerjare bestaan om inkomende fondse as skenkings te spaar tot wanneer dit moontlik sou wees om 'n saal te bou. 'n Bedrag van R1 516 (na 'n groot skenking van R1 000) is genoem. 'n Saalboukommissie is dan ook benoem om die proses te bestuur. Ouderlinge A Rautenbach, en later FCV Weber, het leiding geneem in die Kommissie.

'n Doelmatige kerksaal was van meet af aan die behoefte en vereiste. Algaande is die opbrengs van fondsinsamelings vir hierdie behoefte gebêre. Die gebruik van 'n saal vir kategetiese onderrig; as 'n ontspanningsaal vir jongmense; om 'n kerkkantoor te huisves; 'n kombuis en 'n sinvolle ruimte vir gebruik tydens kerkbasaars was alles sinvolle redes waarom die Eiendoms- en Finansiëlekommissie (EFK) versoek is om dringend aan die saak aandag te gee. Die EFK se bevinding was egter 'n bietjie koue water op die inisiatiewe van die Saalboukommissie, aangesien die EFK van mening was dat die bou van 'n kerksaal vir sowat R60 000 'n gans te duur uitgawe was, en dat die meeste behoeftes nog op 'n ander manier bygelê kan word. Jongmense se geestelike (en nie liggaamlike) behoeftes was gereken as 'n veel groter nood.

Hierdie einste “oefening” en ‘n terugvoer aan die kerkraad was dan ook die rede waarom voorgestel is dat die Gemeente daaraan moet dink om ‘n jong medeleer-
aar te beroep wat die jongmense van die Gemeente kan bearbei. Dit is toe dat ds
Pieter Conradie enkele jare later beroep is.

Vanaf die laat sewentigerjare was die bou van ‘n kerksaal gereeld op die kerk-
raadsagenda, en het ouderling Weber gereeld rapporteer oor die vordering (syn-
de gesprekke met groepe van bedieninge oor hulle gevoel en behoeftes, oor die
moontlike kostes, ensomeer). Omdat die Burgerstraatpastorie eers aandag moes
kry, is die bou van ‘n saal vir eers op die ys geplaas. Dit was ds Conradie se vrou,
Anna, wat in 1982 namens die Vroueaksie, die kerkraad weer daaraan herinner het
dat die behoefte aan ‘n kerksaal onontbeerlik word. Berekeninge is weer gemaak,
en genoem dat daar ‘n behoefte aan ‘n kerksaal is wat 600 sitplekke het, maar mi-
nimum 400 mense kan dra. ‘n Koste van R200 000 is genoem. Hierdie bedrag het die
kerkraad andermaal bleek gelaat, sodat byna niks aan die saak gedoen is tot 1984
nie. Vanaf 1985 was daar weer momentum (en verskille daarmee saam). Die totale
boukoste van die Gemeentesentrum is op R110 116,00 bereken. In Januarie 1986 is
aan die Gemeente die blye nuus meegedeel:

Die pad na ‘n gemeentesentrum/kerksaal vroeg 1986

*In vroeg 1986 is die Gemeente oor die proses ingelig en gemotiveer om deel te wees en by te dra. Die
Boukommissie rapporteer:*

- Die westelike gedeelte (kantoor, ens) en oostelike gedeelte (kombuis, koelkamer, ens) word vanaf Januarie gebou.
- Die nodige loodgieters- en elektriese werk moet ook ten opsigte van hierdie gedeeltes en die saal-
gedeelte gedoen word. Dit sal ongeveer R35 000,00 beloop.
- Die saalgedeelte sal nie nou gebou word nie. Dit staan oor en sal ongeveer R20 000,00 kos.
- Die dak oor die hele gemeentesentrum (insluitende die saal) sal tussen R30 000,00 en R40 000, 00 kos.
Dit moet in een stuk opgesit word.
- Indien ons intussen genoeg geld kan insamel kan ons die middelste gedeelte (die saal) ook toegebou.
Dit sal ongeveer R20 000,00 kos.
- Dan volg die afwerking, vloere, uitrusting, ens.

*Ons besef baie goed dat dit tans ekonomies ‘n baie moeilike tyd is. Juis om dié rede het die Kerkraad
besluit om kontant te bou. Dit is ‘n verantwoordelike manier om te werk te gaan. Ons wil baie graag die
sentrum spoedig voltooi en vra u vriendelik om finansieël te help...*

Geborg deur: Tinus en Mariëtte Jacobs

**Ds Gert Labuschagne
by die sooispit-geleent-
heid**



In die geloof...

Soos dit maar altyd gaan, was nie almal tevrede met die 'tydstip' waarop die bouery [vir die kerksaal] aangepak is nie. Die voorsitter van finansies het teenkanting gebied [DJJ-Danie Crous]. Tot die LV het my kom sien om die projek uit- of afgestel te kry. My opmerking teen- oor beide was dat Potch-Oos die potensiaal het om die saal binne vyf jaar klaar te betaal (wat die kritici natuurlik heftig ontken het). Sover my kennis strek wás dit binne vyf jaar afbetaal!

Herinneringe: Ds Giepie Peens (Gemeentesentrumsameroeper-Eiendomskommissie, 2011)

Ten einde laaste het die jarelange ideaal van 'n kerksaal dus wel momentum gekry toe 'n lening van R100 000 opgeneem is. Argitekte Conradie, Müller, Van Rooyen en Vennote het in 1984 die ontwerp behartig. 'n Bouer en lidmaat, Jan Heenop, het vanaf vroeg 1986 die kerksaal gebou. Soos wat die kerksaal se bouwerk gevorder het, het die kerkraad besef dat dit nie die gemaklikste en gerieflikste opsie is om die saal op 'n kontantbasis te bou nie, omdat kostes tussen kwotasie en aankope dikwels met duisende rande verskil het. Dit het beteken dat die administratiewe meule verder vertraag word omdat die kerkraad eers weer geken moet word as bedrae meer is as aanvanklik gekwoteer, alvorens enige verdere besluite moontlik is. Gevolglik is gebou en om te kan bou, geld geleen.

Gesiene kerkleiers van Potchefstroom-Oos in die vroeg-tagtigerjare by die sooispitgeleentheid van die kerksaal-in-wording, 1986



Abel Pienaar



Job Tait



James Moodie



Die eerste kerkbasaar in die byna voltooide NG-Potchefstroom-Oos kerksaal, September 1986

Die Kerkmaal was net 'n dop toe ons daar gekom het. Rou, onafgewerkte sementvloere... Ek was betrokke by die inrig van die Kerkmaal as 'n sportkompleks vir die jongmense - pluimbalbane , vlugbal en klimmuur - destyds dalk die hoogste in Potchefstroom. Barend Botha was as jeugdiaken een van die aanvoerders van hierdie planne. Femke en Theuns Kruger weer was instrumenteel in die inrig van die pragtige kombuis in die maal.

Herinneringe: Wesley Lamprecht, Sept 2013

Kerksaalstoep



Kerksaal soos teen 2011



Algaande is gepraat van 'n gemeentesentrum, soos wat meer behoefte aan nog uitbreiding nodig geword het. Teen die vroeg 21ste eeu, is sketsplanne vir die katekisasiekamers onder leiding van die voorsitter van die Eiendomskommissie gedoen op versoek van die kategete laerskool jeughoof, Riëtte Klopper. Lidmaat Arend Müller as "inhuis argitek" is hiervoor ingespan. Dit was in die dae toe 'n nuwe benadering tot kategetese-onderrig (die Paidion- en Kruislogikamodelfase) gevestig is en dit as nodig geag is om meer lokale of groter ruimtes te hê waarin 'n junior en senior kinderkerk met hulle groepe kon bymekaarkom. Die hoërskoolkategetese het 'n meer intensiewe onderrig- en mentorstelsel vereis. Etlike sketstekeninge is deur Müller gemaak van waar katekisasielokale moontlik gebou sou kon word wanneer daar fondse daarvoor is. Teen 2011 was hierdie lokale nog net swart op wit ideale, maar steeds 'n moontlikheid vir anderdag.

Ek dink dat die toemaak van die stoep met glas, 'n treffer-voorstel was. Die projek was die breinkind van oom Piet Nortje ... hy en sy skoonseuns ... het toesig gehou oor die projek ... ek het die kontrakteur ... jammer gekry, die drie boere het nie toegelaat dat daar op enige terrein gebou word nie. Ons spog verder met 'n instapkoelkamer ...

Ds Fanus Hansen in Gaatjeponder-Oos, ca Julie 2009


Geborg deur: Theuns en Annatjie du Bruyn

Die Gemeente-ingangshek

Eiendomskommissie-voorsitter F Orton se sketstekeninge het werkstekeninge geword van 'n muur en ingangshek by die Burgerstraat-toegang na die kerkterrein. Charles Theron het die muur geskenk en in 1999 gebou.

Herinneringe: Ds Giepie Peens, 2011

Die beplanning van die ingangshek



Bekers wat oorloop!

Om 'n gemeente te begin en 'n kerk te bou (fisies en geestelik), vra meer as dikwels baie oop harte, liefdestyd en diep sakke. In die ontwikkeling van Potchefstroom-Oos was daar ook sulke mense. Meer as die helfte van hierdie daad het in 'n anonieme vergetelheid versink, want vir Christenlidmate is alles wat gedoen word vir die Here, en nie om 'n goue seel te kry, of iewers prominent erken te word nie. Die bietjie wat opgespoor kon word van so baie bekere van warmte wat sedert die 1961-kerkstigting oorgeloo het met skenkings, is hieronder gelys:

- Moedergemeente Potchefstroom gee twee erwe in Potchefstroom aan die Gemeente van Potchefstroom-Oos.

- 'n Tafeldoek en servette vir die Nagmaal word in Junie 1961 deur die susters van die Gemeente geskenk.
- 'n Nagmaalservies geskenk deur 'n lidmaat (Junie 1961).
- Omheining van kerkgronde en afkamping van pastorie-erf: FJ Burger en 'n aantal seuns.
- Nasionale Boekhandel skenk 'n Kanselbybel (1961).
- Mnr Job Tait skenk sand en klip vir gebruik op die kerkgronde (1963; 1979). Job Tait het ook eerste nagmaalbeker en klein glasies (silwer) geskenk (waarskynlik bykomend tot wat die Gemeente reeds van 'n weldoener ontvang het).
- LJJ Botha borg die betaling van die eerste kansellap ter waarde van R70.
- JA Vorster skenk die gesangebord (1963).
- Gemeentebydraes stroom in vir die aankoop van struik (1967).
- 'n Luidsprekerstelsel vir die gemeente word geskenk (Junie 1967). Die herstel of opgradering daarvan is gereeld gedoen. Individuele Kerkraadslede het hierdie onkoste meer as dikwels gedra. Lidmaat Job L Tait word ondermeer genoem (1979).
- Aanwysingsborde vir die Skriflesing en sing van Psalms & Gesange (gegee in 1970 deur Theuns G Krüger en IPJ (Hannes) Gelderblom. Skenkings van ander naamborde het ook gevolg (1971).
- Ingrams se Drankwinkel het vir jare die nagmaalwyn geskenk (1970).
- Koos van der Merwe het tien kategese-skermes gemaak (1991).

'n Bykomstighede en simboliek in die kerk

'n Verskeidenheid van simboliek was teen die begin van die 21ste in die kerkgebou sigbaar. In die liturgiese ruimte is sigbaar die nagmaaltafel, die bord, beker en doopbak, asook etlike kanselklede teen die muur. Die verandering van die kerkplafon na silwer is ook opvallend:



Die liturgiese ruimte voor vernuwing vanaf 2009

Die doopbak – sommige beskou dit as 'n skenking wat veel ouer is as die Potch-Oos kerkgebou: Ouderling Jan H du Raan was vir die bord en beker verantwoordelik, terwyl die tafelloper die kunstige handewerk van Titia Bal-lot is



Geborg deur: Hennie en Merlé van den Berg

'n Fotobeeld van NG-Potchefstroom-Oos van binne:



Geborg deur: Japie, Magda, Leana en Megan

'n Kerklike jaar in Nederduitse Gereformeerde gemeentesverloop tipies soos volg:

1. Advent

Die laaste Sondag in November, of die eerste Sondag van Desember, lui die kerkjaar in.

In 2011 was dit 27 November, in 2013 sal dit op 1 Desember val, dus altyd vier Sondae voor Kersfees.

In Advent word die Kerk versier met Blou en Silwer, soos die kanselklede en die liturgiese bande van die dominees getuig. Die Ster van Betlehem staan sentraal. Daarna volg Kersfees, as die hoogtepunt van die Advent.

Na Kersfees is daar 'n tydperk bekend as die weke na Epifanië (lg. Beteken "verskyning").

2. Lydenstyd

Die tweede hooftydperk in die kerklike jaar, is Lydenstyd. Hier word die Kerk in skakerings van Rooi (Burgondies) en selfs Swart getooi – Goeie Vrydag. Die Liturgiese simbole is ook die Kruis (kruise) en die dominee dra 'n Burgondiese Rooi (Maroen) serp met kruise en selfs doringkrone daarop geborduur. Paasfees en spesifiek Paassondag is die hoogtepunt, wanneer alles en almal uitroep: "Jesus het opgestaan." In baie kerklike tradisies word die hele kerk met helder blomme versier en dra die dominee 'n spierwit toga. Weer eens volg 'n aantal weke na Pase, waarin mense telkens herinner word aan Jesus se lyding en opstanding.

3. Pinkster

Pinkster begin 40 dae na Paasfees met Hemelvaart.

Kleure is skakerings van rooi en oranje om die tonge van vuur uit te beeld. 'n Duif word ook dikwels geïnkorporeer in die simboliek.

Herfskleure word graag in Suid-Afrika gebruik, omdat dit mooi inval met die geel en die rooi skakerings.

Na Hemelvaart volg 10 dae van "wag en voorbereiding" (Pinksterbidure) totdat Pinkster 'n hoogtepunt bereik met Pinkstersondag, wanneer die uitstorting van die Heilige Gees herdenk word (vgl. Handeling 2).

4. Koninkrykstyding

Na Pinkster volg Koninkrykstyding, waarin die voltooiing van God Drie-enig se openbaring herdenk word.

Kleure: Groen: Die Kerk lewe en groei!

Goud: Jesus is Koning.

Simbole: 'n Leë kruis, 'n Duif (die Heilige Gees), Soms 'n sirkel om voltooiing en ewigheid te simboliseer.

Met Koninkrykstyding word die Kerklike jaar afgesluit (teen einde November).

Saamgestel deur ds Wesley Lamprecht, 2013

Titia Ballot



http://www.google.co.za/#bav=on.2.or_rqf.&fp=872915c3200326d1&q=titia+ballot+artist+south+africa

Kanselklede

Die gebruik en maak van 'n kanselkleed het vanaf Junie 1963 aandag gekry. Ds AC Viljoen was deur die kerkraad getaak om die bewoording te doen en om dan "iemand te soek wat dit kan doen". Aanwysingsborde in die kerk vir die sing van Psalms en Gesange, en om die dag se Skriflesing aan te bring, is in Februarie 1970 genotuleer.

'n Spesiale kanselkleed vir Nagmaal is op 16 April 1971 deur die kerkraad goedgekeur. Br H Delpont moes op die saak ingaan. Die kostes was uiteindelik R90, maar 'n weldoener het die bedrag geskenk. Die Nagmaalkleed is sonder enige seremonie tydens die eerste Nagmaal in Februarie 1972 in gebruik geneem. 'n Behoeftte aan Kanselklede (onder meer vir Pinkstertyd) het weer ter sprake gekom. Melding word gemaak dat die bestaande kanselkleed herstel moes word. In 1975 kon geen vrywilliger vanuit die Gemeente gevind word om 'n hand te waag aan die maak van 'n baie sigbare produk in die liturgie soos 'n kanselkleed nie. Gevolglik het die kerkraad besluit het om die behoefte te adverteer. Mev Mishcke en die welbekende skilder-prentkunstenaar, Titia Ballot, is gevra om die kanselkleedontwikkeling op hulle te neem. Titia het die ontwerp en maak daarvan gedoen, en me Mischke het die materiaal uitgesoek. Die kanselkleed gemaak deur Ballot is vanaf Junie 1977 gebruik.

Dit is blou, met die Alfa- en Omega-simbole daarop. In 2011 is hierdie kanselkleed steeds gereeld gebruik. Titia het ook een vir Pinkstertyd in herfskleure ontwerp wat



'n neerdalende duif teen 'n vlamagtergrond was.

Benewens kanselklede, is in 1976 besluit om die gemeente meer bewus te maak van

die simboliek rondom die Nagmaal. Die kerkraad het daarom bepaal dat die nagmaalbeker en -bord weekliks voor die kansel te plaas, en die koster getaak is om dit gereeld te bêre.



Dan is daar ook 'n Advent-kanselkleed wat tydens die Kerssangdiens van 22 November 1981 in gebruik geneem is as aanloop tot die naderende 21ste verjaarsdagherdenking van die Gemeente. Die kleed in die Adventkleure van blou en silwer, was gemaak deur mevrou Zonkie Krog-scheepers van Pretoria. Die simbool van die kleed is opgesom as: “'n sirkelgedagte waarin die stermotief

herinner aan die Lig wat vir die mensdom skyn deur Jesus Christus se geboorte. Die drie kleinere sterskaduwees dui op God die Vader; God die Seun en God die Heilige Gees. Die dun kruisstrepies wys heen op die Lydenspad wat vir Christus voorlê. Die glans van Sy koms word verbeeld in die skitter- en skyn- effekte, terwyl die Lig van Bo die duisternis (sigbaar in die skadu-effek van die hoofster) verdring”.



Die kanselklede het 'n reeks gevorm:

- Daar was 'n besonder mooi ligbloue met 'n silwer kruis/ster van Betlehem daarop.
- 'n Lydenstyd/Nagmaal een met iets soos rooi granate of pers druivekorrels.
- Pinkster – 'n neerdalende duif en of vlamme teen 'n beige agtergrond. Meestal in herfskleure (vlam motief).
- Koninkrykstyl iets wat lewe/groei voorgestel het.
- Klede was van bokhaar geweef en besonder kunstig en smaakvol.

Herinneringe: Wesley Lamprecht Sept 2013





Simboliek en liturgie in die tagtiger tot negentigerjare

Ek was lid van die Ringskommissie vir die Erediens en het besondere ywer gehad vir die hele saak van simboliek en liturgie. Het in hierdie verband kers opgesteek by Dr Braam Hanekom, Helderkruijn, Moderator Wes-Kaapse Sinode en klasmaat, asook Dr Andre Bartlett, Aasvoëlkop en destyds leraar Grimbeekpark. In my tyd het ons baie probeer maak van die kerklike jaar, en het liturgiese serpe gedra wat die jaar uitgebeeld het... Dit het min byval gevind en is oor die algemeen afgemaak as Rooms. Die kerklike jaar en die inkleding van die liturgie daarvolgens was vir my heerlik. Die liturgie was minder strak, en ons het al meer wisselvorme gebruik vir die wet, en geloofbelydenis, ens. Die volgorde van die diens het ook verander, byvoorbeeld die Geloofbelydenis wat as afsluiting gebruik is. In my tyd het ons ook begin om die verskillende adventskerse aan te steek en so 'n afwagting vir Kersfees te skep. Ons het ook begin met die paasprogramme, waar ons bv. Donderdag/Vrydagaand die Nagmaal sou hou en dan uitmekaar gaan sonder om te sluit of die seën uit te spreek. Sondagoggend sou ons dan vir mekaar sê: Die Here het opgestaan – Hy het waarlik opgestaan. Paassondag het ons 'n dagbreekdiens gehou, waarna ons saam paasbolletjies geëet het, en gekuier het tot die oggenddiens begin het.

Herinneringe: Wesley Lamprecht, Sept 2013

NG-Potchefstroom-Oos serpe in negentigerjare om simboliek uit te beeld:



Teen die laat negentigerjare is gerapporteer dat liturgiese afwisseling en vernuwing vir die Gemeente belangrik is en dat "... daar ... nuwe kanselklede en 'n wêreldkaart" in die kerkgebou aangebring is. Een van die nuwe kanselklede was dié gemaak deur Kittie van der Walt:


DIE SIMBOLIEK VAN ONS NUUTSTE KANSELKLEED

'n Paar weke gelede het 'n pragtige nuwe kanselkleed vooraan teen die preekstoel verskyn. Dit is gemaak deur Kittie van der Walt, wat beslis 'n gawe in hierdie verband ontvang het. Die simbole daarop is tipiese Bybelse motiewe, wat in hulle samehang met mekaar 'n besondere boodskap uitstraal.

Die kruis in die sentrale posisie simboliseer die evangelie waarna die gemeente gaan luister: Jesus Christus het aan 'n kruis gesterwe vir ons sonde - dit is die boodskap wat sentraal staan in die Christelike Godsdiens (1 Kor 2:2).

Die vis herinner ons daaraan dat Jesus by geleentheid vir sy volgelinge gesê het dat Hy hulle vissers van mense sal maak (Mat 5:19). Dit bly steeds ons opdrag om die kruisevangelie aan ander mense te bring.

Die koringaar op die voorgrond is vol pragtige ryp korrels, wat sê dat die oes groot is, maar die arbeiders wat daardie oes moet inbring, is min (Mat 9:37). Het u wat Sondag na Sondag na die kruisevangelie luister, reeds deel geword van die groep arbeiders wat die oes vir die Meester moet inbring?





Vensters. Die Goeie Herder en die Saaier word uitgebeeld

Ons het na herstrukturering beweeg na geleentheid waar ons baie meer kan nadink en besorg wees oor ons lidmate en die geestelike stand en welvaart van die gemeente.

Ds SS Hansen, 2011

Die hoogste prioriteit in die bediening is vir my die erediens. Dit is die enkele geleentheid waar ek as leeraar die meeste lidmate sien. Ek hou van liturgiese vernuwing, volg *Comunitas* se leesrooster getrou, ek hou van kleure en simbole en sang en meditatiewe momente. Nadat die liturgiese ruimte (my kantoor) verfraai is, is daar nie 'n lekkerder plek om die Blye Evangelie te verkondig as in my eie gemeente Potchefstroom-Oos nie.

Ds SS Hansen, 2011

Vreugde in die herskepping en verfraaiing van ons plek van aanbidding en bediening

Dit was vir my 'n reuse aanpassing om van die rustige(r) Walvisbaai in Namibië terug te kom 'huis' toe. Die aanvanklike uitdagings is [egter] besig om in vreugdes te verander. Nou kan ons met vreugde terugkyk na die voltooiing van die gedenkmuur, die toemaak van die saal se stoep, die koelkamer by die saal, die pragtige gordyne in die saal, die vergroting van die moederskamer (wat ons toe sommer van 'n ingangsportaal voorsien het) die tuine wat tot hul reg begin kom met die 101 broodbome wat aangeplant is, die beddings wat mooi gemaak is, die verfraaiing van die liturgiese ruimte en soveel meer. Baie min daarvan sou moontlik gewees het as lidmate nie bereid was om hand diep in die sak te steek nie ... en hulle almal wil veel eerder anoniem bly.

Die werk van Arend Müller as argitek, oom Hannes Gelderblom se houtwerk in die moederskamer en in die liturgiese ruimte, tannie Annie Jacobs wat die gordyne en tafeldoeke in die saal gemaak het, oom Martin Uys wat op 'n daaglikse basis toesig hou, Magda van Rensburg, Danie Fourie, Femke Krüger, Dirk Stoffberg, Kobus en Petro Pretorius en Louis Botha se groen vingers in die tuin; Laureen Giovanoni se kunswerke in die liturgiese ruimte; Andre van Aswegen se skilderye in die moederskamer en voorportaal; Lynette Marais se hand in die voorportaal en moederskamer, die drie dames van Potchefstroom Akademie, Naomi, Adri en Wan-Chen wat ure lank gehelp het met die estetiese mooimaak van die kerk; Piet van Huyssteen vir wie jy enige sekonde van die dag kan vra om enige elektroniese herstelwerk te doen, te help bou, te sweis, vra maar net, Piet kan dit doen! Ek dink dat dit nalatig sou wees indien ek nie die naam van oom Piet Nortje noem nie, soveel daarvan wat tans in en veral om die kerk gebeur, het oom Piet gedroom (en baie hard voor gewerk) voor sy ontydige afsterwe vroeër hierdie jaar [2011].

Herinneringe (verwerk): Ds SS Hansen, 2011 feesgeleentheid (lewer van feesgroeterede)

Bewuswording en inskriping van simboliek en liturgie vanaf 2008

Ek is baie trots op die liturgiese ruimte (soos teen 2011). Daar is nie 'n enkele item wat nie tot my spreek nie! Dit begin by die Kanselbybel wat oop lê elke Sondag, sodat ons mag sê: 'So spreek die HERE HERE!': (Die immergroen kanselkleed van Titia Ballot). Die nagmaaltafel is die oorspronklike nagmaaltafel wat oom Hannes vir ons mooi gemaak het. Die net en 'loper' het tannie Bets Marais gemaak. Die plante in die blombakke herinner ons dat ons moet leef, moet groei, moet vermenigvuldig elke dag. Bokant die doopbak troon 'n goue kruis uit, wat vertel van die kruisteologie wat ons verkondig; van Jesus Christus wat gesterf het, die kleure om die kruis (wat 'n loodglasvenster voorstel) is rooi en silwer – die silwer om die dak esteties 'op te tel' maar silwer het ook die betekenis van vrede, vredesonderhandeling of oorgawe. Ek glo dat die rooi muur vanself tot u spreek. Die nege kleiner kunswerke begin bo by die adventskrans wat vertel van die hoop, vrede, vreugde (ligroos kers) en liefde van die Kersgety. Die ster van Epifanie vertel ook reeds van die kruis, die kruis van Lydenstyd vertel met die rooi hartjie van God se liefde vir sondaarmense, die duif getuig van die Heilige Gees wat oor ons uitgestort is, die bootjie met die kruis op leer my dat in Koninkrykstyding, die evangelie van Jesus Christus oor die aarde versprei moet word. Die lam met die kruis is ons Koning, die Lam wat geslag is, en Sy septer, is 'n kruis. Die 'Fleur de Lis' is 'n simbool uit die tyd van die Hugenote. Jongmense het die simbool ontvang tydens belydenisaflegging en is versoek om rein te lewe. Die kruik, druiwe, bord en brood is tekenend van die Nagmaal. Daaronder, die oop Bybel: dit waarop alles gebou word, waarop alle bedieninge rus. Die twee loodglasvensters is uit die ou moederskamer gehaal en in kaste gesit met ligte om dit te verlig: die een vertel van Die Goeie Herder, die ander van Die Saaier. Die goud en purper in die gordyne is koninklik, en ons, ek en u, is die kinders van hierdie Koning!

Herinneringe (verwerk): Ds SS Hansen, 2011 feesgeleentheid



Die tafel gedek vir 'n Nagmaalgeleentheid

Dit was Antoinette Vermeulen wat na 2008 die kanselkleedprojek bestuur het. Mevrouw Susan Wessels was verantwoordelik vir die maak van dié kanselkleed





Geborg deur: Brian Grierson en Martha le Roux



Geborg deur: Kobus en Inge Venter en kinders

4

Predikante kom en gaan...

... Só het een van Potchefstroom-Oos se eerste predikante opgemerk. Sedert stigting in 1961 tot 2011 was die Gemeente geseënd met 12 predikante. Almal was vir drie jaar en langer by die Gemeente, en elk het 'n besondere nalatenskap binne die gemeentebediening.

Die voorloperfase: Bouer Ds AC Viljoen, 1961-1964

Vanaf Augustus tot September 1961 is etlike komitees en die Bond vir Dienaresse gevestig om die reeds bestaande KAD, Finansieskomitee en Gronde & Gebouekomitee op 'n administratiewe sowel as geestelike vlak aan te vul. Met ondersteuning van die Kerkraad is die volgende komitees gevestig: Jeugkomitee; Evangeliesasiekomitee; Plaaslike Sendingkomitee; Komitee vir Openbare sedelikheid; Offergawekomitee; Gemeenteredaksie vir Gemeentebrief en 'n KJV-tak. Op al hierdie komitees kon die predikant as voorsitter optree, tensy hy anders versoek het.

Gedurende Viljoen se drie jaar van leraarskap (Augustus 1961 – Augustus 1964), was gemeentegrense van tyd tot tyd bespreek en herbepaal in oorleg met die NG-gemeente Parys, die Potchefstroom-Noord gemeente en die Potchefstroom Moedergemeente. Die gemeentegebou moes ook gevestig word, en gemeentelede voortdurend aangespoor word om nog 'n ekstra myl maandeliks te stap met hulle offergawes, waarin 'n ekstra bedrag vir die boufonds bepleit is. Na AC Viljoen se vertrek in 1964, om andermaal die eerste leraarskap op te neem van 'n nuutgestigte NG-gemeente (genaamd Hartbeespoort, Pretoria-omgewing), het konsulent HM Viljoen, en weer ds Jan Calitz, die gemeente vir ses maande bedien voordat ds BJ Schutte (vanaf Potchefstroom-Noord) die beroep na die Gemeente aanvaar het.



Ds AC Viljoen

AC (Awie) Viljoen (1921 – 1989)

Abraham Carel Viljoen is op 10 September 1921 op Trigaatsfontein in die distrik Bethal gebore. Hy matrukeer aan die Monument Hoërskool in Krugersdorp en studeer daarna aan die Universiteit van Pretoria waar hy die BA-graad ontvang, en verdere studies onderneem aan die Teologiese Seminarium op Stellenbosch. Aan die einde van 1946 is Viljoen as proponent geeligitimeer. Hy trou op 9 Februarie 1946 met Hester Johanna van Wyk en uit die huwelik is vier kinders gebore. Hy is op 3 November 1989 oorlede. Potch-Oos sal hom onthou as 'n reguit, opregte en regverdige mens en 'n man met 'n besondere sin vir humor.

Ds Awie was 'n spesiale prediker, 'n mens-mens. Sy vrou Hester was 'n harde werker en 'n besondere voorbeeld vir die gemeentevroue.

Herinneringe, Ralie Nortje, 2 September 2013

Ds Viljoen het die fisiese boufase van NG-gemeente Potchefstroom-Oos beleef. Lidmate is van meet af aangemoedig om hulle gawes (veral dan ook geldelik) nie van die ontlui-kende Gemeente te weerhou nie. Reeds in Maart 1961 is in 'n netjies-gedrukte brosjure uiteengesit waarom die gemeentelide hulle gawes behoort te gee (kyk visuele insetsel hier-naas).

Om egter 'n geestelike huis te help vestig, was die bou van geestelike gesindheid en gesinslojaliteit nodig. So 'n lojaliteit is egter besonder gemis te midde van 1963 as 'n hoogtepuntjaar. In 'n ouderlingsverslag wat in Augustus aan die kerkraad voorgehou is oor die Gemeente se 250 gesinne waarvan 549 lidmate is en 57 skoolgaande lidmate was, is kommer gedeel oor die geestelike toestand van die gemeente:

- 8% huisgesinne kom nooit in die kerk nie.
- 17% besoek die kerk selde.
- 41% besoek die kerk ongereeld.
- 34% besoek die kerk gereeld.
- Ses kinders bo ses jaar is nie in die Sondagsskool nie.

Dit is insiggewend dat die kerkraad nie sy gesprek as indrukke oor hierdie stand, sowel as 'n moontlike optrede, enigsins aangeteken het nie. Dit was wel ds Viljoen wat waarskynlik die verantwoordelikheid wat hy dra meer op homself geneem het, en al vroeër die jaar sy besorgdheid met die kerkraad gedeel het.

Gemeenteverjaarsdae in die stigtingsjare was dan een van daardie geleenthede om geestelike en gesinslojaliteit, samesyn, gemoedelikheid en openheid te help

Vanuit die gemeente...

Ons moet egter ween oor die onge-loof en afvalligheid in ons gemeente, die swak kerkbesoek en oor diegene wat niks meer met Christus te doen wil hê nie.

Ds AC Viljoen, 1963


...ons [word] nou geroep om ons meer bepaald toe te lê op die opbou van die geestelike huis. Dit is beslis moeiliker as om kerk te bou...

Ds AC Viljoen, 1964

vestig. So ietsie daarvan, en in die tipiese kultuur van die tyd, skemer deur in ds Viljoen se oproep aan die lidmate om die derde verjaarsdag van die gemeente op Vrydag, 31 Januarie 1964, saam te kom geniet:

... Ons sal vyfuur so bietjie boeresport hê vir ons jonger mense en kinders – dan braai ons wors en eet lekker saam... Trek tog nie u kerkpak aan nie, want dan sal u nie die aand kan geniet nie. Ons vra weer soos in die verlede dat u eie blik toe broodjies saambring, sodat ons ook vir die seuns van die skool kan genoeg hê... Verder, - laat u suur gesig by die huis en kom geniet saam met ons 'n lekker aand in die buitelug. Lidmate wat vanaf afstigting hier is, moet ook 'n handvol geld saambring om boete te betaal, want as ons een van die lidmate wat van afstigting af hier is, vang wat nog nie al die lidmate ken nie, is daar moeilikheid...

In Januarie 1964 verwelkom Ds AC Viljoen die gemeente na die somervakansie, met 'n jaardoelwit wat nie bedoel was om Februarie in die vergetelheid weg te sink nie: die afbetaling van die kerkgebou ... Byna 'n jaar later was daar, benewens die skadu van afbetaling wat vir maande nog 'n onlosmaaklike las vir die Gemeente was, ander kleiner onafgehandelde en gebrekkig-afgehandelde take deur kontrakteurs wat nog eers na tevredenheid deurgesien moes word voordat finale betalings gemaak kon word. Dit was ook in hierdie tyd wat ds AC Viljoen gevoel het dat dit tyd is om wortels op te trek, en plek te maak vir 'n nuwe leraar.



Geborg deur: Daan Nel en familie

Ds Awie en gesin neem afskeid, 29 Augustus 1964



Wanneer blomme in die kerk 'n "probleem" word

Op een herfs kerkraadsvergadering in die mid-ses-tigs het die probleem van blomme in die kerk ter sprake gekom. Die kritiek was nie hooikoors of dat dit iemand se sig na die prediker versper nie, maar dat hierdie welbedoelde daad onderlinge kompetisie tus-sen die "susters" veroorsaak. Dit lei daartoe dat "te groot bedrae geld" op blomme spandeer word. Die Kerkraadbroeders het die saak die nodige tyd gegee wat dit verdien. So is dan gerapporteer dat hierdie aangeleentheid, "na 'n kort bespreking", terug na die susters verwys is. Die susters is bloot versoek om nie te kompeteer nie, en dat duur ruikers vermy moet word! Of die susters in latere tye daarop ag geslaan het, sal net hulle weet.

Vanaf Januarie 1965 – na 'n paar slakkepasmaande om 'n leraar te beroep, is ds BJ Schutte vanaf Klerksdorp in die gemeente bevestig en hy het die geestelike arbeid tot Julie 1969 verder gelei. Die eerste predikant wat werklik bedieningsbe-stendigheid in die gemeente verseker het, was ds GJ Labuschagne wat in laat 1969 die beroep na die gemeente Potchefstroom-Oos aanvaar het.

Gedurende die bedieningsjare van ds Labuschagne bly die sleur van geboue en terreine-instandhoudingsaktiwiteite sigbaar. Sake soos die las van miere by die pastoriehuis, 'n behoefte aan matte aldaar, die los dakteëls van die kerkgebou, die herstel van vensters en 'n stofprobleem op die parkeerterrein, het alles geld en tyd gekos. Ontwikkeling en groei is daar ook soos die gesukkel in die moederskamer waarin daar later 'n goeie klankstelsel geïnstalleer is, gevolg deur verwarmers. Dan die aanbring van reëlings by die ingangsdeure om verbruikersvriendelik te wees teenoor senior lidmate, asook die vervanging van onbevredigende gehoorstelsels vir hardhorendes. Daarby het 'n gereelde instandhouding aan die kerkgebou, die Burgerstraat pastorie, die kerkorrel, die kerkorrelruimte en die aanstellings van orreliste het die Kerkraad besonder besig gehou.



Hannes Gelderblom, een van die langdiende lidmate teen 2011 in die Gemeente. As gekwalifiseerde kabinetmaker is hy reeds vir meer as 35 jaar al vir die Gemeente goud werd. Alle meubelwerk in die kerkgebou het onder sy hand verbeter en verander. Hy was ook verantwoordelik vir die paneelwerk en die bou van 'n verhoog in die kerk.



Ds AC Viljoen ... het my saamgenooi om saam met hom en sy seun, Willem, gedurende Desember 1962 na sy wildsplas naby Rooibokkraal te gaan. Hy het beloop om 'n rooibok te skiet en saam te bring vir my ouers. My ma het verduidelik dat dit onwettig is om gedurende daardie tyd van die jaar wild te skiet en die dominee het geantwoord: 'As hulle ons vang, moet Hannes vir die Lemmers in die tronk gaan sit en Willem vir die Viljoens, hy kan nie tronkstraf uitdien nie, want hy sal moet preek'.

Herinneringe: Hannes Lemmer, 2011

**Wysheid (met die grysheid)
vanuit die gemeente...**

Ds AC Viljoen doen 'n ernstige beroep op die broeders om tog nie te talm met die gebede in die konsistorie voor en na die dienste nie.

Ds AC Viljoen, Mei 1963

...Dit is nie altyd groot dade wat ons moet verrig om te lewe tot eer van God en tot diens van ons naaste nie...Dit is daardie klein dingetjies wat tel – daardie bordjie kos wat gestuur word na 'n arme, 'n bietjie hulp wat verleen word by 'n siekbed...

Ds AC Viljoen, Des 1964

...die Van Graan-gesin het in 1961 in Potchefstroom gevestig. Reg van die begin af was ons deel van die Oos-gemeente. Ons kinders, Barend, Willem en Francois, het hier begin met Sondagskool en aldie het hier geloofsbelydenis afgelê ... Gedurende hierdie tyd het ek hier begin met Sondagskool hou en later vir die St.8's kategese gegee. Kinders so ver as Namibië was in my klas, kinders waaraan ons baie geheg geraak het, want hulle was ook by my man op skool by die Hoër Tegniese Skool.

Baie gou was daar dan ook 'n koor gestig onder leiding van Awie van Wyk. Ons was almal 'n aangename klompie koorlede. Die koor het opgetree tydens die inwyding van die kerk en het die skeppingsverhaal gesing, wat op 'n baie spesiale wyse luister aan die geleentheid verleen het. Nog 'n persoon wat waardevolle eredienste verleen het, was Joey Joubert. Sy het somtyds skielik ophou speel om die gemeente reg te help waar hulle fouteer met die sang.

Herinneringe: Marie van Graan, 2011

Pastorale gemeentedae

Om in die jare sestig as diaken 'n huisbesoekkaart byderhand te hê, was geensins ongewoon nie. Eweso is die vasgestelde gemeentegrense baie ernstig nagekom deur alle gemeentes, en was dit baie moeilik tot bykans onmoontlik vir lidmate om by enige gemeente van voorkeur in te skakel.

Vanaf die boufase tot verdere afstigting: Ds BJ Schutte, Nov. 1964 – Junie 1969

Met ds Schutte in die tuig, is die samekomste van die Kerkraad gewysig tot nege byeenkomste per jaar waarvan vier as besigheidsvergaderings en vier as geestelike vergaderings bepaal is, met slegs een gekombineerde vergadering per jaar.

Vir ds Schutte was een van die hoogste prioriteite in sy jare van gemeentebediening, waar ook al hy bedien het, verhoudinge: Die verhouding met God in Christus; verhoudinge met mekaar en verhoudinge na buite.

Op 19 Augustus 1968 besluit die kerkraad dat NG Potchefstroom-Oos na 'n volgende fase van bestaan moet beweeg deur ook sy self aan onderverdeling bloot te stel. Vanaf 1961 tot Augustus 1968 het Kerkraadsvergaderings op 'n gekombineerde basis met die Potchefstroomse Moedergemeente plaasgevind. 'n Afstigtingskommissie is getaak om die proses van afstigting van 'n nuwe gemeente, aanvanklik genoem die NG-gemeente Loopspruit, maar uiteindelik gedoop Vyfhoek, deur te sien. Die behoefte aan 'n steeds bestuurbare pastorale gemeente van maksimum 550 het afstigting genoodsaak. Die suidelike gedeelte van die Potchefstroom-Oos

gemeente, in Vereeniging se rigting, is afgestaan. Gekombineerde kerkraadsvergaderings met Vyfhoek het hierna voortbestaan. Te midde van hierdie proses het Ds Schutte besluit om aan te beweeg, en moes die kerkraad andermaal 'n predikant beroep. Na vyf onsuksesvolle beroepe, het ds GJ Labuschagne van Alexanderbaai die beroep aanvaar.

Ds BJ (Ben) Schutte (1932)

Barend Johannes Schutte is 'n Johannesburgse van geboorte maar meer bekend met Vredefort waar sy vader geboer het en waar hy sy jongmenslewe geleef het. Na voltooiing van die BA-graad met Filosofie en Duits as hoofvakke aan die eertydse PU vir CHO voltooi hy sy teologiese studies vanaf 1953 aan die Teologiese Seminarium van Stellenbosch. Tussen sy predikantskap op verskillende plekke, behaal hy ook die Magister en PhD-grade in Filosofie (1971). Toe ds Schutte (met sy vrou Myra Mulder) die beroep in 1964 te Potchefstroom-Oos aanvaar het, was hy nog in sy studiefase, en moes hy beide behendig probeer versoen. Sy termyn by Potchefstroom-Oos was 'n kortstondige vier jaar.



Dr Ben Schutte

Verdere afstigting – NG-Gemeente Vyfhoek kry momentum

In September 1968 het die NG-Gemeente Potchefstroom-Oos met behulp van 'n afstigtingskommissie aandag gegee aan die proses van volwaardige afstigting van 'n nuwe gemeente. Die eerste lede van die Afstigtingskommissie was CH Badenhorst (sameroeper), AC Cilliers, J Stassen, J van Graan, M Heyns, J Erasmus, C van Gass, W van der Bank, L Naude, J Heymans.

Ds Ben Schutte se vrou Myra Mulder was 'n huishoudkundige en bekwame orrelis wat ook haar roeping in die gemeente uitgeleef het. Latere musikant, Christa Steyn, is hulle dogter (benewens twee seuns uit die huwelik).

Die eerste twee leraarspare by die 21e herdenking van NG-Potchefstroom-Oos, 1982: Ds Ben Schutte, Myra Schutte, Hester Viljoen en ds Awie Viljoen



Ds Ben was baie betrokke by die jeug. Hy het dikwels kort preekboodskappe gelewer, maar dit was altyd goed.

Herinneringe: Hans Gelderblom, 2 Sept. 2013

Dr Ben Schutte het in die negentigerjare op 'n gereelde basis eredienste by Huis Anna Viljoen gehou.

'n Periode van stabiliteit en geestelike groei: Ds GJ Labuschagne, Desember 1969 – November 1986

Ds Labuschagne se intrepreek oor 1 Kor. 2:2 het presies die fokus laat deurskemer waarmee hy hom van meet af aan beywer het (soos in NLV):

Want ek het besluit om as ek by julle is, net op Jesus Christus te konsentreer en veral op Sy kruisdood.

Ds GJ (Gert) Labuschagne (1921 – †1986)

Gerhardus Johannes Lamprecht Labuschagne was 'n boorling van Ladysmith (Natal). Na sy skoolloopbaan verwerf hy die BA-graad aan die Universiteit van Stellenbosch. Soos sy voorgangers sit hy sy teologiese studies voort aan die Teologiese Seminarium op Stellenbosch. Na etlike jare in die bediening op etlike plekke in Suid-Afrika aanvaar hy die beroep na die gemeente Potchefstroom-Oos as 'n besonders ervare leraar, lief vir huisbesoek en eg in die pastorale tradisie. Ds Gert is op 7 Oktober 1950 met Maria Margaretha (Marietjie) van Zyl getroud. Uit die huwelik is vier kinders gebore.



Ds GJ Labuschagne

Na 'n jaar van bediening in Potchefstroom-Oos, het ds Gert Labuschagne se vrou, Marietjie hulle belewenis probeer vasvat:

Ons is na een jaar by u, lank nie meer vreemd nie. In die besonder vermeld ek die susters van hierdie gemeente... die aangename gees en besinning oor baie aangeleenthede was bemoeidigend... Die Sendinggroep het met lus hul taak verrig – hoe wonderlik! ... Die hulp van oud en jonk word waardeer... Die blymoedigheid waarmee die vrou van 'n gekose kerkraadslid haar taak saam met haar man aanvaar, is 'n sieraad vir Potchefstroom-Oos.

Tussen kerkwees deur, is mylpale nie vergeet nie. Die tiende verjaarsdag van die gemeente is op 2 Februarie 1971 met 'n gepaste program herdenk:

Tien jaar van bestaan word herdenk!

- Saterdag 30 Januarie 05:30 – 8:00 (aand) – Program en verversings op die Kerkterrein
- Sondag 31 Januarie 10:30 – Nagmaalviering (Ds AC Viljoen – 1 Kor 1:9)
- Sondag 31 Januarie 03:30 (middag) – Danksegging (Ds BJ Schutte – Ps 25:12-14)

Ons vra ook 'n verjaarsdagoffer van ons gemeente... Bring asseblief u verjaarsdagoffer na die nagmaaldiens ... Dit is 'n besondere geleentheid wat 'n besondere offergawe vra...

Die versoek vir 'n verjaarsdagoffer het nie teleurgestel nie. 'n Bedrag van R2 492,00 is deur die gemeente ontvang.

Om die vrug van die Gees te beleef en in die gemeente uit te leef was 'n groter uitdaging as om net godsdienst te beoefen in 'n kerkgebou, wat van trots spreek,

en met onvermoeide ywer gevestig is. Teen April 1971 moes die kerkraad daarvan bewus raak dat 57,7% van die gemeentelede finansiëel tot die kerk se funksionering bydra. In daardie dae was dit sowat R17,62 per kop as al die moontlike bydraers in 21 wyke (naamlik 253 lidmate as verteenwoordigend van gesinne) bloot deur die inkomstebedrag bereken word. Etlike besluite is in plek gestel om 'n sin van selfverantwoordelikheid onder lidmate en kerkraadslede te verkry.

Dit wil voorkom asof gemeente-finansies, met so 'n titel van ferm aanmoediging, wel teen Maart 1972 ietwat gesonder daaruit gesien het, en die aantal lidmate as bydraers aangegroei het tot 316. Teen 1975, toe 'n tweede leraar bevestig is en jare daarna nog, het 'n besorgdheid oor trae dankofferbydraes van die – toe 28 wyke – telkens in kerkraadsvergaderings deurgeskemer. Wat duidelik is uit die geskiedenis van die gemeente is dat die koevertstelsel nie so suksesvol was nie. 'n Kwarteeu later word gemerk dat die huis-tot-huis offergawe steeds kerngesond is, maar dat gemeentelede aangemoedig is om eerder hulle bydraes per debietorder te laat oorbetal weens die tekorte aan hande en kerkraadslede om gereelde besoeke in te pas.

Twee altyd statig van geaardheid, en waardig-geklede manne van NG-Potchefstroom-Oos: Prof Danie Crous en Ds Gert Labuschagne. Crous was vir jare die voorsitter van die Finansiële Kommissie en gedurende die negentigerjare hoofouderling



Offergawestelsel verander

Vanuit 'n koevertstelsel in die vorige dekade, is 'n vorm van 'n geloofsbelofteoffer vanaf Mei 1971 in NG-Gemeente Potchefstroom-Oos begin. 'n Koevertstelsel is begin wat gemeentelede weekliks in 'n koevertjie in die Sondagkollektesakkie kon deponeer. 'n Kaart waarop die bydraes aangeteken is, asook 'n ruimte om aan te dui hoeveel keer en wanneer die leraar, ouderling of diaken besoek afgelê het, is aan elke gemeentelid voorsien. Gemeentelede is ook versoek om ten aanvang van 'n kalenderjaar te begroot hoeveel hulle beplan om aan die gemeente te gee. Enige alternatiewe keuses kon ook uitgeoefen word, hoewel beklemtoon is dat die sukses van gemeentebestuur ook van gemeentefondse afhanklik is.

My dankiesê-offer is 'n blykie van waardering vir wat die Here vir my doen, en waar ek vir die Here vra dat Hy my dankie iewers in Sy Koninkryk sal gebruik soos Hy dit goed vind.

Ds Stefaan de Jager, 2006 oor die Dankoffer

Oom Gert was in sy hart iemand van Noordwes-Kaap waar hy meer as een gemeente bedien het. Hy was 'n hartlike mens wat almal met die hand gegroet het – ook die laatkommers by kerkraadsvergaderings! ...sy huisbesoek was so stiptelik soos 'n Switserse horlosie. Hy het sy mense geken en begelei.

Herinneringe: Ds Pieter Conradie

Ons was nuut in die gemeente en net betyds om ds Labuschagne en sy vrou Marietjie te ontvang as nuwe leraarspaar. Hulle is ingewag op die Klerksdorppad en gemeentelede het hulle begelei na die pastorie. Die Kinderkranskindertjies het in twee rye gestaan en vir hulle gesing. Die spens was vol lekkernye en daar was heerlike koek en tee vir die gaste. Dit was 'n mooi tradisie in daardie dae.

Herinneringe: Femke Krüger, 2011

My wedershelf, Gert Labuschagne of Labu, soos sy familie hom genoem het, was 'n saggeaarde persoon, heelwat konserwatief in kleredrag en sienswyse, lief vir sy studeerkamer en binnekamer waar jy hom tot vroegoggend hardop kon hoor bid. Hy't 'n passie gehad vir huis- en siekebesoek en het baie gereeld alle inwoners en personeel by Huis Anne Viljoen besoek. Dié aftree-oord is in ons tyd gebou... Ds Gert... was nougeset en presies in wat hy aangepak het. In 1984 het hy sy Bybel begin lees van Genesis 1 af. Elke dag het hy in sy netjiese handskrif die datum neergeskryf en onderstreep. So het hy gevorder tot by 8 November 1986, toe hy klaar was met Openbaring. Dit was sy laaste inskripsie.

Herinneringe: Marietjie Labuschagne, 2011

Sensuur, moraliteit, sedes, politiek en vernuwing in die sestiger tot sewentigerjare: Sake van erns

Nederduitse Gereformeerde beginsels – om gemeentelede moreel en eties (vanuit 'n geestelike perspektief) verantwoordbaar te hou – was dikwels in die jare sestig toe NG-Potchefstroom-Oos gevestig is, en later, besonder nougeset-konserwatief toegepas. So is 'n gesin byvoorbeeld tot verantwoording geroep oor hulle kinders in 'n Katolieke Kerk skool gegaan het. Gesinne wat deur die kerkraad as afvallig geïdentifiseer is, is meer as dikwels deur ouderlinge besoek. Een lidmaat kon nie sy/haar kind ten doop bring nie oor hy/sy vir twee jaar nie die kerk besoek het nie. Oor Sondagsport, en Sondagkoerante is met kommer van "kennis geneem", en moderne boekskrywers het ook teen 1967 in die spervuur beland. Die moontlikheid van optrede teen hulle is selfs oorweeg.

Vir vroue om 'n wêreldbiddag saam met ander evas in 'n Anglikaanse kerkgebou te hou, was teen die vroeg-sewentigerjare nie met ope arms aanvaar nie. Die kerkraad het sy besorgdheid hieroor ook met die Ring gedeel, en ook sy steun aan kongresse gegee wat op sedes toespits. Lotery of gelukspel, selfs tydens basaars, is ten sterkste afgekeur. Voorts het die kerkraad byvoorbeeld in 1979 ouderling HL Delport se beswaar aangehoor dat die susters 'n "anderskleurige" genooi het om hulle op die Meimaandvergadering toe te spreek, ook sonder om die kerkraad hierin te ken. Na 'n omvattende bespreking is die saak van uitnodiging van "anderskleuriges" na die Ring verwys omdat kontak met ander groepe op vele ander terreine ook ter sake is. Derhalwe is 'n eenvormige beginselbesluit versoek. Dit was ander tye – 'n ander protokol en denkpatroon waarin sulke gebeurlikhede of aksies nie algemeen aanvaar is nie.

Ek en Louise Heyns het saam die 'era' beleef van ons seuns met die lang hare en ons dogters met die mini's. Hoe onnodig belangrik was hierdie uiterlike dinge vir ons, maar watter troos was dit nie vir my nie as ek en sy oor dieselfde pyne met mekaar kon praat!

Herinneringe: Marietjie Labuschagne, 2011

Die hulp van vroue tydens Nagmaal

Op 16 November 1983 rapporteer die Kerkraad: Vier vroue-diakens het vir die eerste keer in die bestaan van die Gemeente, die gemeente lidmate met Nagmaalbrood bedien.

Proponent CR le Roux het in 1984 die gemeente op 'n tydelike grondslag bedien. Hy het veral met die jeug gehelp sodat leraars hulle aandag op die gemeente kon rig.

Die aanvaarding van vroue op die Kerkraad, is in die gees van die tyd gedoen, en nadat die Algemene Sinode goedkeuring verleen het.

'n Medeleraar beroep – 'n anker in jeugaktiwiteite: Ds PDG Conradie, Februarie 1975 - Augustus 1987

Die EFK se ondersoek na die sinvolheid vir die bou van 'n kerksaal in 1974 wat onder meer ook tot voordeel van jeugaktiwiteite aangewend kan word, was die begin van die inisiatief deur die Kerkraad om te besin oor die beroep van 'n jonger leraar vir die jeug ten tyde van ds Gert Labuschagne se bediening. Die Oktober 1974-verslag van 'n kommissie wat die finansiële wenslikheid van 'n tweede leraar moes ondersoek, bied insiggewende statistiek oor die status van die gemeente, asook ander ontwikkeling van dié tyd:

Met die voltooiing van die woonstelblokke [Adrina woonstelle] sal daar 'n verwagte 350 besoekpunte in die gemeente wees. Volwasse lidmate – 565, Belydende lidmate – H.T.S. 100, Meisieskool 100, Ander in gemeente 40. Dit gee 'n totaal van 805 lidmate. Kategetiese onderrig: Dorp 100, H.T.S. 200, Hoër Meisieskool [Ferdinand Postma] 50, Ander 80. Totaal 430.

Die kerkraad besluit om 'n tweede leraar te beroep, maar ook om intussen te verseker dat die bydraes van die lidmate die uitgawe aan 'n tweede leraar van sowat R10 500 per jaar sal verseker. In die verkiesing van 'n tweede leraar op 24 November 1974 neem die verkiesing 'n interessante wending toe die Kommissie insake Proponente se kortlysaanbeveling uit nege proponente as't ware geïgnoreer is, en ds P Conradie van Eerste Vesting beroep word. Ds Conradie aanvaar die beroep na Potchefstroom-Oos, en die gesin vestig hulself in die gemeente vanaf 7 Februarie 1975. Dit was ook die jaar waarin televisie onmisbaar deel van die samelewing geword het, en algaande groter uitdagings aan die gekoesterde sedes van die NG-kerk gestel het.



Die Conradie gesin

Ds Pieter Conradie (1941)

Pieter Daniel Gustav Conradie is 'n Stellenboscher van geboorte. Na hy in 1959 aan die Paul Roos Gimnasium matrikuleer het, het hy sy tersiêre studies in die Eikestad voortgesit. Op 2 Desember 1966 behaal hy die BA (Hons), BTh en Lisensiaat in Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch. Ds Conradie is op 13 Desember 1966 met Anna Hofmeyr, 'n maatskaplike werker, getroud.

Uit die huwelik is vier kinders gebore. Ds Conradie was ten aanvang van sy bediening in die Potchefstroom-Oos gemeente in 1975 intens betrokke by jeugwerk. Twee katekisasieklasse per week is gehou. Dikwels was daar tot 40 katekisant in 'n klas.



Ds Pieter Conradie

Die werksverdeling tussen leraars is vooraf bepaal deur 'n kommissie wat daarmee belas was. Ds Conradie wat spesifiek getaak is met opdrag Jeugwerk, moes die beplanning van die katekese behartig, sowel as die KJV, die ACSV en alle ander geleenthede aangaande Jeugwerk in die Gemeente. Die skole in die Gemeente, byname die HTS, Hoërskool Ferdinand Postma, die Loopspruit-kliniekskool asook die Laerskool Genl. Pienaar te Klipdrift was onder sy jeugbediening. Die Belydenisklasse is egter in drie groepe verdeel, waarvan elke leraar een groep moes neem en moontlik 'n derde leraar of ander aangewese persoon. Voorts is alle ander take verdeel, maar het ds Labuschagne as ouer leraar Huis Anna Viljoen onder sy vlerk geneem.

Toe ek in 1975 die beroep na Potchefstroom-Oos aanvaar ná vier jaar as kapelaan in die SAW, het ons met groot opgewondenheid in Burgerstraat 19 ingetrek. Die kerk het die huis gehuur en ons het baie lekker daar gewoon. Regoor die huis was 'n parkie waar die kinders lekker kon speel... Ons twee seuntjies het 'n kaskar gehad waarop hulle mekaar om die beurt kerk toe gestoot het. Kerk toe van ons huis was opdraand. Dié skof moes Servaas, die jongste, altyd stoot. Terug huis toe was afdraende en Braam, die oudste en die sterkste, het dié skof vir hom gereserveer. Die lewe is nie bedoel om regverdig te wees nie!

Herinneringe: Ds Pieter Conradie, 2011

'n Gesinskamp, ca laat sewentiger-vroeg tagtigerjare

Die leraarskap en samewerking tussen di. Gert Labuschagne, Pieter Conradie en myself was iets besonder, kerngesond en 'n geseënde tyd.... 'n mens kry dit nie aldag nie.

Herinneringe: Ds Giepie Peens, 2013



Die Kerkraad van NG-Gemeente Potchefstroom-Oos soos teen 23 Februarie 1975



Agter vlnr: WJJ Mouton; PB Brand; IPJ Gelderblom; JJJ Fourie; JS van den Berg; PL le Roux; PWP Wesels; TG Krüger; EN Kruger.

Derde ry: A Rautenbach; IJ Joubert; JC Hough; WJJ van Rensburg; FCV Weber; HH Burgers; PJ Delport; ELJ Breet.

Tweede ry: HR Hill; HC Kuhn; GJC van Wyk; NF Pretorius; PAJ Brand; AJ van Jaarsveld; P van S Roux; PJ Nortjé; GM Ballot.

Voorste ry: PH Kok; HC Conradie; DJJ Crous; SW Krügel; Ds GJ Labuschagne; Ds PDG Conradie; IJ van Rensburg; CGV Botha; JF van Heerden; FH Smith.

Afwesig: HP Nel; ED Krynauw.

So bedrywig as wat die NG-gemeente Potch-Oos in 1976 daaruit gesien het, so intens bewus was almal van veranderende tye in Suid-Afrika. Die Junie-gebeure in Soweto het opstande vir vryheid landwyd tot gevolg gehad. Ds Labuschagne het waarskynlik hierna verwys toe hy die Augustus 1976-kerkraadsvergadering met Skriflesing geopen het, en terloops verwys het na die Britse Eerste Minister, Harold Macmillan, se winde van verandering-toespraak in die Parlement van Suid-Afrika op 3 Februarie 1960 wat in 1976 sigbaar geword het. Labuschagne se opmerking teenoor die Kerkraad – sonder besondere verduideliking aangesien almal waarskynlik bewus was waarna hy verwys – was:...”die winde van verandering is besig om stormsterkte te bereik.” Daar was, enkele jare later die debatte en standpunte oor volksverhoudinge en kerk wat van tyd tot tyd gelei het tot gesprekke tussen die Sinode, die plaaslike Ring en waarop die gemeente moes standpunt inneem.

In die tagtiger-vroeg-negentigerjare was lidmate se bedanking uit die NG-Kerk, en verskuiwing na ander denominasies is ook in die Kerkraadsnotules van Potchefstroom-Oos sigbaar.

Andersoortige stormwinde was enersyds 'n 1970-staatsensus wat ondermeer uitgewys het dat sowat 200 000 NG-lidmate in die eertydse Transvaal teen 1970 afval- lig of “vermis” geraak het. Dan was daar ook die inhuus-indrukke van die visitasie- leraars in 1976 teenoor die Potchefstroom-Oos-kerkraad. Die vraag of die kerkraad toegerus genoeg is uit blyke van die somtydse swak kerkraadsbywoning en die on- bevredigende voorbeeld wat hulle met erediensbywonings stel, het tydens die jaar- likse gemeentelike visitasie ter sprake gekom. Dit het bepaal dat 58% diakens en 72% ouderlinge die oggend-eredienste bywoon, en saans onderskeidelik 44% en 34%, en dié toedrag het selfs teen November van dié jaar versleg tot oggenbywonings van 67% vir ouderlinge en 46% vir diakens, terwyl onderskeidelik 41% en 30% eredienste saans bygewoon het. Hoewel geen reaksie tydens beide kerkraadsvergaderings hierop genotuleer is nie, kan aanvaar word dat 'n paar woorde geval het in hierdie, en in beslis die eersvolgende vergaderings.

Op 4 Desember 1977 is 'n eerste gesamen- tlike kersaand gehou tussen die NG-gemeen- tes Potchefstroom-Oos; Vyfhoek en Grim- beekpark. Vanaf 1978 is ook besluit om meer gereeld geleenthede te skep vir predikante en die gemeentes van die onderskeie susterskerke om kansels te ruil of leraars te nooi om by die Gemeente self te kom preek.

Die eerste Broederkringvergadering van NG-Potchefstroom-Oos vind plaas op 15 Junie 1977 olv Ds Labuschagne.

Uitnodiging vir 'n kapelaan: Ds Giepie Peens: 1981 – 1988

Die behoefte aan 'n dienspligkapelaan het al in 1979 op kerkraadsvergade- rings ter sprake gekom. Aanstellings op 'n jaarbasis is goedgekeur. Op 10 Augustus 1981 neem die Kerkraad kennis van 'n brief vanaf die Suid-Afrikaanse Weermag, hoofkantoor Pretoria, waarin 'n uitnodiging aan NG-Potchefstroom-Oos gerig is vir 'n aanstelling as 'n kapelaan wat as medeleraar kon dien. Dat van die SAW se artil- leriebedrywighede in Potchefstroom gestasioneer was, was 'n waarskynlike motive- ring vir hierdie versoek. So word proponent GP (Giepie) Peens op 27 November 1981 in die NG-gemeente Potchefstroom-Oos bevestig. Giepie is op 12 Maart 1977 met Teresa McCarthy, 'n verpleegkundige met spesialisopleiding in intensiewe sorg en psigiatrie, getroud. Uit die huwelik is vier kinders gebore.

Ds Giepie Peens (1954)

Gert Petrus Peens is in Warrenton in die Noord-Kaap gebore. Hy matriculeer in 1972 aan die Hoërskool Warrenton. In 1976 behaal hy die BA (Admissie)-graad aan die Universiteit van Stellenbosch, waarna hy sy Teologiese studies aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria voltooi. Aan die einde van 1980 is hy as proponent van die NG Kerk toegelaat, waarna hy militêre diensplig doen as kapelaan by 1 Militêre Hospitaal in Pretoria. In Oktober 1981 is hy ook aan die gemeente Potchefstroom-Oos verbind, terwyl hy ook diens doen as staandemag-kapelaan in Potchefstroom by die SAGD-opleidingsentrum en personeel-herwinningseenheid waar hy pastorale versorging van dwelmverslaafdes gee. Sy betrokkenheid by die gemeente strek tot 1988 waarna hy terugkeer na 1 Militêre Hospitaal in Pretoria om sieke-pastoraat te bied.



Kapelaan Giepie Peens

Ds Peens het vir jare die eredienste op Klipdrift waargeneem, en was hy ook sy aan sy met die medeleraars verantwoordelik vir sommige wyke en bedieninge.

Proponent Nico Kritzinga is in 1986 ingespan om vir vyf maande met die jeug te help.



Ontvangs van ds Giepie Peens (met Mnr Danie Crous en gesin en ds Pieter Conradie gesellig saam)



2 Februarie 1961 – 2 Februarie 1982

“Ebenhaéser” 1 Sam. 7 : 12

Potchefstroom-Oos word mondig!

Die 21ste verjaarsdagvieringe vind op 30 – 31 Januarie 1982 in Potchefstroom-Oos plaas. Die geleentheid begin Saterdagand, 30 Januarie 1982, met 'n ete in die Impala Hotel. Dr BJ Schutte tree as sere moniemeester op. Paul Schutte lewer twee voordragte en Frans Dippenaar vertoon 'n kort film oor die sooispit, hoeksteenlegging en ingebruikneming van die kerkgebou. Ds GP Peens, die vyfde leraar sedert gemeentestigting, doen die tafelgebed. Op Sondag, 31 Januarie 1982, lewer die eerste leraar, ds AC Viljoen, die feesdiens met as teksvers, Deuteronomium 32:4. Die koor van Laerskool Bailliepark tree op. Die middag het ds PDG Conradie (vierde leraar) die erediens met Matt 13:44 as teks gelewer. Ds GJ Labuschagne (derde leraar) bevestig twee diakens nadat hulle pas tevore as nuwe lidmate bevestig is. As dankbaarheid teenoor die Here is 'n verjaardag-dankoffer opgeneem wat die bedrag van R3 337,76 opgelewer het.

Herinneringe (verwerk): Ds GP Peens & Marietjie Labuschagne

POTCHEFSTROOM-OOS ... 21 jaar! Kan dit wees?

Die tyd het vinnig aangestap en die klein gemeentetjie het gegroei en sy plek in die ry van gemeentes in die Ring van Potchefstroom volgestaan.

Ek wil saam met Paulus uitroep: "Ek dank my God elke maal as ek aan julle dink".

Ek dank Hom, die Koning van die Kerk – Jesus Christus, dat Hy hierdie gemeente langs die oewer van die Mooirivier, 'n ligdraer gemaak het.

Ek dink onwillekeurig terug aan die woorde van 'n kollega, toe hy my in die straat raakloop 'n dag of drie nadat ek in die gemeente bevestig is: "Ou broer", het hy gesê, "die gemeente moes nooit afgestig het nie, hy kan nie bestaan nie, hy is doodgebore". Dank die Here, die gemeente is nie doodgebore nie, maar het van die eerste oomblik af onder die seënende hand van die Here gegroei en pragtige vrug gedra tot eer van Sy Heilige Naam.

Dit was vir ons 'n voorreg om die eerste leraarspaar van die gemeente te kon wees. Die hartlike samewerking, die getroue voorbidding en offervaardigheid sal ons nooit vergeet nie!

Herinneringe Ds AC Viljoen (1e leraar) tydens die Potch-Oos se mondigwordingvieringe, 1982

Dit was weer ds Awie Viljoen wat, soos met die tiende verjaarsdag, die feesdiens op Sondagoggend 31 Januarie 1982 gelei het, en wel uit Deuteronomium 32:4. Ds Conradie het die middagdiens op dieselfde dag gelei uit Matteus 13:44. Die koor van Hoërskool Ferdinand Postma het opgetree en laatmiddag is verversings op die kerkerrein geniet.

Tydens die mondigwordingvieringe vra Dr Ben Schutte aan die Gemeente om krities te kyk na kerkwees, en hulleself af te vra:

- Het ons nog 'n gespieerde Skrifprediking?
- Het ons 'n Skriftuurlike belyndheid in ons leer?
- Het ons 'n warm en liefdevolle gemeenskapslewe?
- Het ons gesonde dryfkrag?

Vorige en dienende leraars by die mondigwordingvieringe, 1982. Vlnr: Ds AC Viljoen, B Schutte, G Labuschagne, P Conradie & G Peens



Met verminderde kragte vanaf 1983 was dit goed om 'n bietjie terug te staan. Ons was toe drie predikantspare. Vir 13 jaar was ons alleen predikantspaar in Potchefstroom-Oos gemeente en toe het ds Pieter en Anna Conradie as medeleraarspaar gekom. Later ook ds Giepie Peens en Teresa as weermagkapelaan by Klipdrift Militêre Basis wat gemeentelik by Oos ingeskakel was. Mev Anna Conradie en Teresa was tot die hoogste gekwalifiseer in verpleging. Sy was uitstekend met organisasie en het maklik dinge gedoen alhoewel met 'n groot kleinspan.

Herinneringe: Marietjie Labuschagne, 2011

Laaste maande van die Labuschagne-bediening

Met Gert se verjaarsdag, 29 Mei 1986 – dit sou sy laaste verjaarsdag in Potchefstroom-Oos wees as dienende predikant – het die gemeente die nag vir ons kom sing voor die kamervenster. Ons het vinnig ons kamerjasse aangetrek en onder die doringboom voor die studeerkamervenster gaan staan. Dit was 'n roerende voorbereiding vir die Nagmaal. Na die diens terug in die konsistorie het hy elke kerkraadslid bedank en met die hand gegroet. Ek weet dit was vir hom hartseer-oomblikke...Na 'n paar dae het hy ernstig siek geword en daarna is hy na die Ancron-hospitaal op Klerksdorp. Op pad terug het hy baie siek geword, waarna die tyding gekom het: akute bloedkanker. Dit het so vinnig versprei dat hy Bloemfontein toe moes gaan. Sy toestand het algaande verswak en hy sterf om ses uur op 21 November 1986 na agt dae in die Universitas-hospitaal. Sy Bybel was klaar gelees, sy werk afgehandel, sy boeke afgesluit en gebalanseer. Ons het dadelik teruggery Potchefstroom toe en was 12 uur die nag tuis. Die gemeente was by die pastorie. Dit huil, omarm, vertroos! Hoe sal ons hierdie gemeente ooit vergeet?

Herinneringe: Marietjie Labuschagne, 2011

Ds Giepie Peens ondersteun die Labuschagne-gesin by die graf



Ds Pieter Conradie met mnr en mev Danie Crous by die begrafnis van Ds Labuschagne

(Crous was jarelank voorsitter van Potchefstroom-Oos se Finansiële Kommissie en het hy as Geoktrooieerde Rekenmeester met 'n ferm hand oor die Gemeente se finansies gewaak)



Die drie Potch-Oos-predikante in 1987: Dii Conradie, Peens en Lamprecht

Andermaal 'n derde leraar – 'n driedubbele tou: Ds Wesley Lamprecht, 1987 – 2005

Met ds Labuschagne se afsterwe in 1986 was die spreekwoordelike driedubbele tou in die bedieningskrag van Potchefstroom-Oos geknak. Om verwerping te verhoed en kontinuïteit te verseker, asook die gemeente deur die roufase te versterk, is 'n leraar in vroeg 1987 beroep. Ds Wesley Lamprecht was die keuse en hy is kort daarna gelegitimeer. Sy profiel het die gemeente soos 'n handskoen gepas. Die driedubbele tou was weer bekragtig: die Here het andermaal voorsien. Ds Lamprecht het die skoene van ds Gert Labuschagne – wat vir meer as 15 jaar diep spore in die Potchefstroom-Oos gemeente getrap het – tot en met 2004 met passie volgestaan. Tot op hede hou ds. Lamprecht ook die "rekord" as langsdienende leraar van die gemeente (naamlik 17 jaar en 8 maande).

Ds Wesley Lamprecht (1953)

Wesley Lamprecht is in Potgietersrus (in die hedendaagse Limpopo Provinsie) gebore. Ds Wesley is die dertiende van dertien kinders. Hy begin sy skoolopleiding in 1960 aan die Laerskool Stilfontein, en toe die gesin na Potchefstroom verhuis, word sy skooltuiste Laerskool Mooirivier. In 1971 matrikuleer hy aan die Hoërskool Gimnasium op Potchefstroom. Hy studeer aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys waar hy die BA-graad behaal.

Ds Wesley, Jennekin Lamprecht en gesin



Hierna is hy vir vyf jaar in die staatsdiens as personeelbeampte en professionele offisier onderwyl hy die Honneursgraad in Sielkunde aan die PU vir CHO suksesvol afhandel. In 1984 behaal hy die BTh-graad aan die Fakulteit Teologie, Universiteit van Stellenbosch. Terug in Potchefstroom het hy vir die daaropvolgende twee jaar aan sy Meestersgraad in Sielkunde gewerk en voltooi. Hy is in Desember 1986 as leraar in Potchefstroom-Oos gevestig. Sy talent in sang en musiek (ook as 'n uitnemende trompetspeler) word 'n onmisbare bate tydens sy leraarskap in die NG-gemeente Potchefstroom-Oos. Wesley is op 3 Julie 1976 getroud met 'n onderwyseres, Jennekin Streicher van Ermelo. Uit die huwelik is vier kinders gebore.

In ds Wesley Lamprecht se dienstermyn staan etlike gemeente-aktiwiteite uit waarby hy nou betrokke was. Daaronder tel die kwartaalike gemeentekoerant *Soetdoringe*. So was die klimmuur in die kerksaal ook een van sy drome wat gerealiseer het. Sy leiding in musiekaktiwiteite het vir 'n vars bries in lofprysingsgeleenthede gesorg. Daarby was hy instrumenteel in die stigting van 'n voorsanggroep vir bediening op Sondag. Op rotasiebasis is sangdienste saam met buurgemeentes gehou. Tydens sy bediening is 'n gemeente-CD ook gemaak. Dié is tans steeds by geleentheid in gebruik. Die organisasie van Kers- en Paassangdienste het besondere aandag in sy dienstyl geniet. Voorts was sendinguitreike ook na aan sy hart. Sy naam word verbind aan etlike inisiatiewe en uitreike soos sending in Hereroland, die Gebeds- sowel as die Musiekbediening. Ds Lamprecht was vir jare betrokke by die bemerking van ds Van der Merwe se werksaamhede onder die vaandel van "Uitreik Potchefstroom".

... ds. Wesley Lamprecht het ek met verloop van die jare leer ken en liefkry soos 'n eie seun. Tydens sy siekte het ek saam met hom en sy gesin gehuil, gebed vir sy herstel, krag en sterkte om weer te kan werk. Menige keer het hy vanaf die kansel getuig en dankie gesê dat die Here hom weer onder die braambos kom uithaal het sodat hy kon voortgaan met die bediening. Sy trompetspel is musiek uit die hemel!

Herinneringe: Martie Swanevelder, 2011

Ek hoor... baie goeie dinge van ds Wesley, hoe hy ure by mense in nood kon spandeer, hoe hy die ekstra myl saamgeloop het...

Ds Fanus Hansen in Gaatjeponder-Oos, ca Julie 2009

'n Sewende leraar in 27 jaar: Prediker Josef Brooks, 1988 – 1995

Ds Josef Willem Brooks (1940- †2002)

Met ds Pieter Conradie, reeds in 1987 op pad uit na 'n nuwe gemeente, was dit andermaal die Kerkraad wat flink opgetree het om standvastigheid in die gemeente te verseker. So is ds JW Brooks van die gemeente Drakensberg-Vallei in Newcastle gedurende September 1987 beroep. Op 16 – 17 Januarie 1988 is ds Brooks in die NG-gemeente Potchefstroom-Oos bevestig. Sy intreepreek op 17 Januarie sal onthou word as 'n geleentheid waarin die kerkgebou stampvol was. Efesiërs 6: 18-20 is as teksvers gebruik.

Joseph Willem Brooks is in Albert Falls, KwaZulu-Natal gebore. Hy word groot in die Dundee-distrik groot. In 1954 word hy leerling aan die Hoërskool Glencoe en verlaat die skool om in 1956 aan te sluit by die Suid-Afrikaanse Polisie. Tien jaar later behaal hy matriek deur selfstudie. Na jare in die SAP, besluit hy om in 1976, op 36-jarige leeftyd, op Universiteit Stellenbosch vir predikant te gaan studeer. Op 2 November 1982 behaal hy die BTh- graad. Na sy predikantskap by twee gemeentes, aanvaar hy in 1988 die beroep na Potchefstroom-Oos. Dié het hy tot 1 Augustus 1988 of 1 Aug 1996 bekleed toe hy weens gesondheidsredes uitgetree, het hy hom in Margate gaan vestig waar hy in Julie 2002 oorlede is. Hy is op 20 Oktober 1962 met Corrie Scheepers getroud en 5 kinders is uit die huwelik gebore.



Ds Josef en Corrie Brooks

'n Week voor die doopgeleentheid van ons dogtertjie Carien Rothman, het ds. Josef Brooks ons by ons huis kom besoek. Dit was sommer so 'n heerlike informele kuier saam met die kinders en die kleine baba maar sy woorde sal my altyd bybly. Hy het ons as gesin aangemoedig om mekaar hier op aarde mooi te maak vir die hemel eendag. Na meer as 16 jaar kyk ek terug, en beleef ek 'n gesonde verhouding tussen ons as gesin. Ek sou graag vir ds Josef wou bedank vir hierdie woorde van wysheid.

Herinneringe (verwerk): Renet Rothman, Oktober 2011

Ds Brooks sal onthou word vir die vurigheid waarmee hy kon preek (en waarin sy agtergrond as eertydse SAP-lid waarskynlik handig te pas gekom het), asook sy dikwelse gefluit op die maat van die die orrelklanke terwyl hy doodluiters op die preekstoel wag dat die offergawes ingeneem word. Hy was 'n ware bediener met 'n besondere vaardigheid vir Evangelisasie. Weens swak gesondheid emeriteer ds Brooks in 1995 en op 24 – 26 November het die gemeente van hom afskeid geneem.

Die oes is groot ... die leraar leiers baie ... die kerkraadswerke skraal

Ongeag die feit dat daar genoeg predikante was om in alle fasette van gemeenteweese teen 1995 te bedien, was die Ringsverslag van dié jaar nie Kerkraadsvriendelik nie. Die kommer was nie oor die funksionering of oor die gesindheid teenoor die leraars nie (wat intendeel as gesond uitgewys is), dit was oor die aantal vakatures wat in die Kerkraad ontstaan het weens lidmate se propvol sekulêre programme. Teen 2000 was dié saak steeds 'n krisis (30% van die vakatures is jaarliks nie gevul nie, sodat die Kerkraad op 'n nuwe struktuur besluit het. Vier liggame is bepaal, naamlik die Bestuursraad, die Gemeenteraad, die Kerkraad en Kommissies. Die nuwe model het gehelp om die vakatures in die Kerkraad by te lê omdat minder kerkraadsvakatures nodig is.

Vir 'n leraarsopleidingsprojek, genaamd Timoteus, is heelwat fondse in 1994 – 1995 ingesamel om minstens twee predikante in een jaar op te lei.


Evangeliebediening van oral oor: Ds Gawie van der Merwe, 1990 – 2000

In Oktober 1990 is besluit is om ds Gawie van der Merwe van die Evangelies-Gereformeerde Kerk in Afrika (EGKA), te wete die Namibiese Sending-kerk, as missionêre leraar van Potchefstroom-Oos te beroep, met opdrag om voort te gaan met sy sendingwerk in Hereroland-Wes. Op 19 Januarie 1997 is ds Gawie deur die Verenigde Gereformeerde Kerk Suid-Afrika (VGKSA) te Promosa bevestig, steeds met die Hereroland-opdrag en finansiële steun vanaf Potchefstroom-Oos. Met ondersteuning van ds Lamprecht was ds Gawie vir jare betrokke by die "Uitreik Potchefstroom"-aksie. Hy het ook die inisiatief gelei van 'n voorbiddergroep in die Gebedsaksie, en kampe vir huishulpwerkers.

Ds Gawie van der Merwe (1950)

Gabriel Petrus van der Merwe is in Jagersfontein in die Vrystaat gebore. Hy matrikuleer in 1968, waarna hy vir twee jaar militêre diensplig in die Panterskool in Bloemfontein doen. As BA (Admissie)-student vanaf 1970 aan die Universiteit van Stellenbosch, spits hy hom veral toe om toegerus te word as sendingpredikant. Hy trou in 1975 met maatskaplike werkster, Wilna Wiid (uit die huwelik is vier kinders gebore). Intussen behaal ds Van der Merwe 1982 'n Meestersgraad in Sendingwetenskap aan die UOVS met die titel: "Kerkbou in die missionêre situasie van Hereroland-Wes."

Ds Van der Merwe se betrokkenheid by die werkring van Hereroland-Wes te Okakarara kry in 1983 momentum, terwyl die NG-gemeente van Orkney hom gesteun het.



Ds Gawie en mev Wilna van der Merwe. Wilna was vir vier jaar ook saakgelastigde in die Gemeente

Gawie is 'n mens-mens. Was bereid om met gemeentelede te sosialiseer.

Herinneringe: Femke Krüger, Sept. 2013



Sending Okakarara

Met behulp van werkerspanne van gemeentes in Suid-Afrika is begin om 'n kerk te bou op Okakarara, Hereroland-Wes in Namibië. Gemeentelêde maak self die stene vir die gebou. Op 2 Oktober 1994 word die kerkgebou ingewy. Kos is aan meer as 500 mense voorsien by die ere-diens... Wyle oom Danie Crous het in hierdie tyd 'n leidende rol gespeel saam met my twee nuwe kollegas, Di Josef Brooks en Wesley Lamprecht. Vir sewe jaar was daar op hierdie manier noue kontak met Potch-Oos en het daar ook uitreikspanne onder leiding van ds Wesley Lamprecht vir ons kom besoek... Ds Josef Brooks het nog die kansel vanuit pragtige kiaathout gemaak en Louis Olivier het dit vervoer na Okakarara. Ds Wesley het weer met 'n groep lidmate die 1650 km gery om die feestelike inwyding van die gebou by te woon... Oom Piet Delpont en Ico Henning was keer op keer betrokke was met die uitreike na Okakarara... Ook dink ek aan onder andere oom Piet Nortje wat so getrou die sendingsaak ondersteun het en moeite gedoen het om fondse te soek vir hierdie pos.

Herinneringe: Ds Gawie van der Merwe, 2011




Die leraarskap van ds Gawie van der Merwe het verdere stukrag verleen aan Gemeente Potch-Oos se sendingroeping. Hy en sy span was onder meer betrokke by straatkinderbearbeiding, ondersteuning in plakkersgebiede en huishulpkampe vanaf 1996. Ds Gawie het die Gemeente tot 2000 bedien.

As gevolg van op ds Brooks se emiritering in 1995 is ds Chris Crause van die NG-gemeente Molteno in die Oos-Kaap beroep. Op 20 – 21 Januarie 1996 is die leraarspaar met hulle twee kinders in die gemeente ontvang en bevestig. Die leraars van Potchefstroom-Oos het in hierdie stadium algaande in 'n bepaalde bediening gespesialiseer sodat duplisering tot die minimum beperk word. So dan het ds Crause die Huweliksbediening op hom geneem, en saam met ds Wesley ook met die jong en belydende jeuggroepe gehelp.

'n Leraar met 'n passie vir jongmense, Ds Chris Crause, 1996 – 2000

Ds Chris Crause (1963)

Christiaan Johannes Crause is in Vereeniging in die Vaaldriehoek gebore. Na sy skoolloopbaan behaal hy die BA- en die Honneursgraad aan die Universiteit van Port Elizabeth (hedendaags bekend as die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit). In 1986 skryf hy in as student aan die Fakulteit Teologie waar hy die BD-graad in 1988 behaal, gevolg deur die MA-graad en die MDiv-graad in Praktiese Teologie. Sy bedieningspad loop eers 'n draai in talle gemeentes voordat hy aan die begin van 1996 'n medeleraar van die NG-gemeente Potchefstroom-Oos word. Om in 'n span as twee leraars te werk met nog 'n derde leraar as deeltydse sendeling was vir hom nuut, en 'n uitdaging. Ds Chris is met Henriette getroud. Twee kinders is uit die huwelik gebore.



Ds Chris Crause en familie

Ek sal onthou die groot boomplantnaweek toe ons die 'goor' parkeerterrein omskep het met rye bome en besproeiing; die groot strategiese beplanning; gesins- en huweliksverrykingsnaweke; rekenarisering van die kerkkantoor; rekordbasaars van '98 en '99; twee kindereredienste per Sondag; uitslaapnaweke in die saal met Soekie en die Radikids en honderde gillende kinders, en soveel meer...

Herinneringe: Ds Chris Crause, 2011

Ds Chris was ... die een wat ons gehelp het om kerkraadsvergaderings kort en kragtig te hou. Die huisbesoeke saam met hom op die hoewes was 'n ervaring! Wanneer van die gemeentedeledes klagtes wou bespreek het hy dadelik sy dagboekie uitgehaal sodat 'n ander afspraak gemaak kan word. Hy het net gevoel dat huisbesoek nie die regte tyd daarvoor was nie.

Herinneringe: Femke Krüger, 2011

'n Nuwe herder vir 'n nuwe eeu: Ds Stefaan de Jager, 2001 – 2007

Op 1 Julie 2001 is ds SJ de Jager van die NG-gemeente Bothaville as leraar van die gemeente beroep om die leemte te vul wat met ds Chris Crause se weggaan gelaat is. Die Gemeente verwelkom hom en sy vrou Lawrette de Jager op 23 September 2001.

Stephanus Johannes de Jager is op De Aar in die Groot-Karoo gebore as een van sewe kinders, ses seuns (waarvan een jonk sterf), en een dogter. Al vyf seuns volg in die voetspore van hulle vader en word predikante in die NG-Kerk. Met hierdie mylpaal loop die De Jagers as't ware in die voetspore van die Murrays en die Louws.

Om seker te wees ek is geroepe as 'n visser van mense...

In 1974 begin ek Bourekenkunde aan die eertydse UOVS in Bloemfontein studeer, maar skop op toe die Here my een nag baie duidelik geroep het om predikant te word. Vir die res van die jaar het ek by Roodeplaat-proefplaas gaan werk en was ek ook kaartjiesondersoeker op die voorstedelike treine in Johannesburg. Ek wou 100% seker wees voordat ek weer begin studeer. Een aand laat, gedurende Meimaand 1974, staan ek op 'n stuk veld en tuur die donker nag in. Daar kom toe 'n stem na my met die woorde: 'Laat staan jou besware om predikant te word, Ek wil hê jy moet dit gaan doen'. Op daardie oomblik gebeur iets fisies in my. Ek voel hoe die onsekerheid onder by my tone uitloop en daar kom 'n helder wete in my dat daar nooit weer iets anders in my lewe sal wees as om die Evangelie te gaan verkondig nie. Alle twyfel was weg, en het die afgelope 37 jaar nog nooit weer teruggekom nie! Ek onthou hoe ek op die gras neergesak het en soos 'n kind begin huil het van blydschap!

Herinneringe: Ds Stefaan de Jager, 2011

Ds Stefaan J de Jager (1954)

Ds Stefaan begin sy skoolloopbaan in 1967 aan die Laerskool Keimoes, en matrikuleer in 1972 aan die Hoërskool Werda op Fauresmith. In 1973 sluit hy aan by die Lugmaggimnasium waar hy vir 'n jaar lank deel was van die Lugmag se Koor- en Konsertgroep (Kanaries). Na 'n onseker tyd van watter rigting en beroep in 1974, registreer hy in 1975 as student aan die UOVS in Bloemfontein waar hy die BA (Admissie) in 1977 behaal. In 1978 sit hy sy studies voort aan die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch. Op 19 November 1981 is hy op Stellenbosch geëgtimeer. Ds De Jager is op 34-jarige leeftyd in 1989 in die huwelik bevestig met Lawrette, 'n opgeleide sekretaresse. Twee kinders is uit die huwelik gebore.



Ds Stefaan de Jager en gesin

Ds Stefaan de Jager was 'n persoon wie respek afgedwing het en het ook sy deel hier gedoen en was altyd gewillig en beskikbaar vir sy gemeentelide, met empatie teenoor hulle wie 'n geliefde verloor het.

Herinneringe: Martie Swanevelder, 2011



Laat in 2007 aanvaar ds De Jager die beroep na Humansdorp-Oos.

Die kontak met ons senior burgers by Anna Viljoen en Tuinhuis was besonders. By ons Donderdagoggend byeenkomste was daar altyd humor en lewensblydskap by hulle! Ds Gerrie se "oorneem" van die seniors was tot groot seën.

Ds Stefaan de Jager

Om veertig jaar van bestaan te herdenk, het die Gemeente 12 geleenthede deur die jaar beplan as deel van die feesverrigtinge:

- 14 – 18 Januarie – Week van Gebed (ds Jan Haasbroek)
- 10 Februarie – Gemeente-ete
- 11 Februarie – Feesdiens (ds Nick Bezuidenhout, Moderator Wes-Transvaal Sinode)
- 11 Mei – Vroue verrykingsaand en funksie met oudlidmate, kunstenaars Rina Hugo en Johan van Rensburg
- 24 Mei – 2 Junie 2001 – Pinksterreeks – 10 geleenthede (ds Josef Brooks)
- 3 Junie – Pinksterfeesnagmaal (di. Giepie Peens & Pieter Conradie)
- 24-26 Augustus – Getuienisnaweek
- 28 September – Basaar 2001
- 13 Oktober – Lente-ontbyt deur die Kommissie vir Seniors
- 23-28 Oktober – Jeugfeesweek
- 4 November – Kersspel
- 25 November – Dankfees (Gedenkuitgawe Soetdorings)

Gemeenskapsdiens kry 'n toegewyde hupstoot: Ds Gerrie Lamprecht, 2005

Ds Gerrie se "terloopse" daar-wees as lidmaat van die gemeente Potchefstroom-Oos, nadat sy lewe 'n ander verrykende draai binne die NG-Sendingkerk in Afrika gemaak het, was gestuur. Hy is vanaf 2005 veral getaak om verantwoordelik te wees vir Tuinhuis en Huis Anna Viljoen asook al die lidmate van die Gemeente wat 70 jaar en ouer is.

Ds Gerrie JJ Lamprecht (1955)

Gert Jacobus Johannes Lamprecht is 'n Bothaviller van geboorte. Op die plaasskool Loskuil begin hy sy skoolloopbaan en voltooi matriek in 1973 aan die Hoërskool Bothaville. Na diensplig in 1974 registreer hy aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat vir BA Admissie. Verdere teologiese afronding volg aan die Universiteit van Pretoria waarna hy in 1982 suksesvol as predikant legitimeer. Hy is in 1988 in die huwelik bevestig met Janie Pretorius. Twee kinders is uit die huwelik gebore. Ds Lamprecht se leraarskap begin op 12 Maart 1982 by die NGKA Tswelelopele, maar na 19 jaar moes hy demissie aanvaar weens 'n gebrek aan fondse om die pos in stand te hou. Ds Gerrie bevind hom vanaf 2002 in Potchefstroom as boer, en skakel in as lidmaat van NG-gemeente Potchefstroom-Oos. Die kerkraad van die gemeente verkies hom as pastorale hulp vanaf Julie 2004. Ds Lamprecht de taak is om betrokke te bly by NGKA Phororo se gemeentes Tswelelopele en Coligny.



Ds Gerrie en Janie Lamprecht en gesin

Te danke aan ds Gerrie se insette, het Potch-Oos by die sendingaktiwiteite van Tswelelopele betrokke geraak.

Vir ds Gerrie Lamprecht en Jani, baie dankie vir jul vriendskap, leiding en meelewing. Dit is 'n voorreg om julle ook te leer ken en liefhê. Ons wil julle ook asseblief nie verloor nie!

Herinneringe: Martie Swanevelder, 2011

Ds Fanus Hansen (1965)

Met 'n daad-by-woord-leraar oppad na die halfeeumerk: Ds Fanus Hansen 2008

Met ds De Jager se vertrek, was die Kerkraad weer verplig om die beroep van 'n plaasvervanger ernstig te oordink. Op 21 November 2007, en met 59 name op die groslys, is ds SS Hansen van die NG-gemeente Walvisbaai-Meersig beroep. Op 13 Januarie 2008 is die gesin in die Gemeente ontvang en bevestig.

Stephanus Solomon Hansen is gebore in 'n kloosterhospitaaltjie by Umtata in die destydse Transkei. Fanus begin sy skoolloopbaan by Laerskool Dunnotar. Die lewe maak 'n paar Kaapse draaie met hulle gesin tot te-rug in Gauteng. Hy matrikuleer in 1983 aan Hoërskool Overkruin in Pretoria. In 1984 registreer Fanus vir die graad BA (Teologie) aan die Universiteit van Pretoria. Hy ontvang die BD- graad en word einde 1990 as proponent gelegitimeer. In 1991 sien hy sy dienspligjaar deur by die Suid-Afrikaanse Weermag se Leergimnasium in Heidelberg.



Ds Fanus en Tessa Hansen & gesin

Daarna, in September 1992, begin sy beroepsloopbaan, eers as kapelaan en vanaf 1997 as leraar in Phalaborwa. In die winter van 2001 aanvaar hy die beroep na NG-gemeente Walvisbaai-Meersig. Ses jaar later antwoord hy "ja" op NG-gemeente Potchefstroom-Oos se beroeping. Hy is in 1993 met Theresa (Tess) Eksteen, 'n laerskoolonderwyseres, getroud. Uit die huwelik is twee kinders gebore.

Fanus se liefde en vaardigheid vir struktuur verleen en effektief organiseer, het hy in die nuwe Gemeente ingedra. Sy passie vir liturgiese vernuwing is ook voelbaar en sigbaar. Hy skryf in 2008, kort na sy aankoms aan die Gemeente:

Ek geniet die eredienste baie... Ek weet ek hou 'bietjie anders' kerk, daarmee wil ek nie sê dat enige ander dominee verkeerd is nie, ek doen dit so omdat dit die manier is waarop ek God persoonlik beleef... Die Bybelstudies op Woensdae (in die sitkamer) en Donderdae (by Huis Anna Viljoen) geniet ek vreeslik!... Ai ek het nog 'n klomp drome, oor Jeug en oor huisbesoek, en oor katecheselokale en oor saamkuiers op Vrydagaande by die kerk, somer vleisiebraai of 'n hamburgeraand... ons is so baie, dit gaan lank vat om by elkeen persoonlik uit te kom...

Fanus het geselligheid gebring. Daar is meer op bedieninge gefokus.

Herinneringe: Femke Krüger, Sept. 2013

In Fanus se tyd het jong mense begin terugbeweeg.

Herinneringe: Hannes Gelderblom, Sept 2013

'n Pastorie vir ...

Van die Hitgestraat-huur-pastorie na meer permanensie in Bremnerstraat

Met die koms van ds AC Viljoen in Julie 1961, was daar nog nie sprake van 'n pastorie op kerkgrond nie. Die Kerkraad moes flink optree en uitkyk vir 'n huurhuis. Die eertydse gronde- en gebouekommissie onder leiding van ouderling Casper Badenhorst het toe 'n huurhuis in Hitgestraat 13, Bailliepark teen R56 per maand georganiseer tot die tyd (en die finansies) die gemeente sou toelaat om 'n behoorlike pastorie te ontwikkel. Dit sou plaasvind op die eiendom te Vyfhoek wat NG-gemeente Potchefstroom in Junie 1961 aan Potchefstroom-Oos as deel van die gemeente bruidskat geskenk het. 'n Voorafvervaardigde toegeruste rondawel is ook ondertussen by die huurhuis ingerig.

Toe die titelakte van Gedeelte 619, no 428 geleë in die registrasieafdeling IQ (1.5398 morg//1.3183ha) aangebied is, is daarna in alle erns met die bouwerk van die gemeente se eie pastorie begin. Die kerkraad het op 'n plafonbegroting van R12 000 begin. Om kostes te beperk, is 'n sinkdak opgesit. Teen November 1961 was die beplanning op dreef, en die bouwerk van 'n pastorie op gemeentegrond

begin. Einde Maart 1962 het ds en mevrou Viljoen in die nuwe Pastorie van Bremnerstraat ingetrek.

Die KAD het in 1964 'n Super Woolton-tapyt en 'n foto van die gemeente aan die pastorie geskenk.

Die aangrensende pastorie aan die suidekant van die kerkgebou is in September 1961 ontwerp deur die argitek Thiel en Conradie van Klerksdorp. Deur die jare is die pastorie verder uitgebou en verander.

Die pastorie was die aanloop- en kuierplek van die gemeente.

Herinneringe: Marietjie Labuschagne

Teen 1990 is die pastorie verder vir eertydse hoofpredikantspaar ds Wesley en Jennekin Lamprecht uitgebou. Bouer Marius Ellis het die toevoeging van 'n groot hoofslaapkamer en woonkamer behartig.

In 1993 het die installering van 'n alarmstelsel vir beide pastorieë vir die eerste keer op die Kerkraad gedien na 'n inbraak in die Kanaalstraat 6 pastorie.

Argitek en lidmaat Arend Müller was andermaal ingespan om die pastorie te herskep deur voorstelle te maak vir die opknapping en modernisering daarvan. Dit het onder meer 'n ingangspoort, 'n braaivleisstoep en groot afdak ingesluit. Die bouwerk is deur Louw Erasmus gedoen.



Pastorie Bremnerstraat



Die sukkelpad na 'n tweede permanente pastorie

Na die beroep van 'n medeleraar in 1975 moes tydelike huisvesting vir die nuwe leraarspaar gevind word. Burgerstraat 19 is vir dié doel gehuur. Die eerste inwoners was ds Pieter en Anna Conradie. In 1976 was die eiendom te koop, waarna die kerkraad besluit het om die aanbod van R36 000 vir die koop van die eiendom te aanvaar. Ds Conradie en sy gesin het vir jare daar gewoon. Groot verbeteringe is in 1979 voorgestel waarvoor R18 000 begroot is, maar tenders vir die bouery het tussen R21 000 en R36 000 beloop. Gevolglik is die planne vir die uitbreiding van die pastorie eers gestaak, met die bedoeling om 'n ander meer geskikte erf of huis te vind. Met die verkoop van Burgerstraat 19 vir naasteby R40 000 kon die Kerkraad in 1980 erwe koop in nuwe en bestaande woonuitbreidings (te wete 'n erf 252 in Ben Pienaarstraat vir R14 000; drie erwe [no's 4; 207 en 221] in die Van der Hof Park-uitbreiding vir onderskeidelik R10 500; R6 180 en sowat R7 000). Een daarvan was in Kanaalstraat nr 6, en die bou van 'n nuwe pastorie het daarop momentum gekry. Argitekte Conradie, Müller, Van Rooyen en Vennote met Jan Heenop as boukontrakteur was aan die spits van sake. As eiendomskenner het Theuns Krüger ook waardevolle insette gemaak. Die eerste bewoners in 1987 was ds Pieter en Anna Conradie. Hulle verblyf daar was kortstondig toe ds Conradie 'n beroep na Gemeente Overkruin in Pretoria aanvaar het.

*Die Bremnerstaatpastorie is in ons tyd oorge-
doen, en ons het altyd so klein gevoel oor
die ywer en oop harte waarmee die projek
aangepak is.*

Herinneringe: Ds Stefaan de Jager, 2013

Die Tweede Pastorie, te Kanaalstraat 6



Geborg deur: Neels en Rencia Jansen en kinders

5

Bedienings in aksie, 1961 – 2011 (deel I)

Vir die Kerkraad en die Gemeente het die verskeidenheid van bedienings oor die jare heen 'n paar doelwitte voor oë gehad: Evangelisering en sendinguitreike was en is nog altyd prioriteit om die Woord van God uit te dra. Dan is daar ook dié aktiwiteite waarin bv fondsinsamelings vir bepaalde ontwikkelings ook lidmate die geleentheid bied om te sosialiseer as deel van 'n proses om 'n hegte band te vorm en mekaar onvoorwaardelik te ondersteun. 'n Paar staan in die gemeente uit: Fondsinsamelingsgeleenthede, sosiale, kultuur- en ander verrykingsaksies; gemeenskapsuitreike; evangeliebediening; sending; jeugaksies en -bediening asook omgewingsverfraaiing as 'n vorm van bediening. Die Jeugaktiwiteite is in Hoofstuk Ses beskryf.

Teen 1999 Potchefstroom-Oos voortgegaan om sy leuse en visie wat ontwikkel is, doelgerig te probeer uitleef om alle bedienings te komplimenteer, naamlik:

God gee om, daarom gee ons om

Al die bedieninge is hiermee vasgevat in drie woorde, naamlik: opbou, uitbou en barmhartigheid.

Na 2007, met al die verwikkelinge van bestuursvernuwing in die Gemeente in voorafgaande jare, is ook opnuut besin oor die bestaan van sommige tradisionele bedienings. Party het ontbind en ander het weer gevestig. Onder meer is dankfeeste begin om informele kuier en kommunikasie aan te moedig. Dit was van toe af wat 'n jaarlikse pretstap van 9km georganiseer is (Danie Fourie het leiding geneem vanaf 2007); 'n teetuin aangebied is deur Ans Keyter en dit gekombineer is met gemeenskapsdiens deur Huis Hebron-kindere van die Abraham Kriel-Kindertehuis na die Dankfees te bring en bietjie te bederf. Vanaf 2008 het Potch-Oos bloot al die jaarlikse aktiwiteite as projekte gerapporteer wat die basaar, die kultuuraand, die gholfdag en die gemeente-ete ingesluit het.

Fondsinsamelings-/sosiale, kultuur en ander verryksaksies:

Van “Verkoping en Braaivleis” tot Basaar en Dankfeeste!

Fondsinsamelingsgeleenthede in die vorm van basaars was ‘n groot gedoente. Basaar soos in BASAAR was dit nog nie in 1961 tot 1964 nie – die bedieningsjare van eerste leraar ds Viljoen. Sulke geleenthede is toe bloot genoem “Verkoping en braaivleis”. ‘n Interessante brokkie uit die Nuusbrief van Junie 1962 gee die lidmaat, wat nie daar was nie, so ‘n idee van die tradisies en gewoontes van die tyd:

U het seker reeds op die program opgemerk dat ons op die 31ste Augustus...weer ‘n Verkoop en Braaivleis het...Die susters kan nou reeds by die kaggelvuur ‘n stukkie naaldwerk gereed kry. Onthou ook om die kalkoene en hoenders betyds te begin voer en vergeet nie van die speenvark nie. Daar is ook beeste nodig. Ons wil graag vanjaar twee maal soveel wors maak as verlede jaar. Ons vra dus nou al dat u wat beeste wil gee nie die voer sal terughou nie. Die broers wat vaardig is met houtwerk en sweiswerk kan ook oulike speelgoed en ander artikels maak waarmee ons die fondse kan aanhelp. Begin dadelik en laat ons almal saam staan om van hierdie verkoping ‘n groot sukses te maak.

Toe die eerste basaarkomitee in ds Ben Schutte se tyd gevestig is, en etlike voorvatters algaande by die pioniers van “Verkoping en Braaivleis” onder ‘n nuwe vaandel aangesluit het, is bedrae vanaf R4 000 in die aanvangsjare tot sowat R14 000 teen die laat-sewentigerjare by April- of Meimaand-geleenthede ingesamel. Vir ‘n paar jaarissomsge-“basaar”

in die NG-gemeente Vyfhoek-kerksaal totdat ‘n eie kerksaal in 1986 opgerig is en die eerste basaar in die splinternuwe gebou in September 1986 plaasgevind het. Teen die vroeg-negentigerjare was die bedrag gein op jaarlikse basaars al bykans R70 000. Baie beskou die jaar 1998 as die beste basaar ooit. Hierdie geleentheid het ‘n rekordbedrag van R103 000 opgelewer.

Eerste Kerkbasaarkomitee (Julie 1965)

CH Badenhorst
FH Badenhorst
FJ Burger
J van Graan
C Clark
OD van Schalkwyk
TC Oosthuizen

Koeksisters – ‘n soet manier om dinge gedaan te kry

Herinneringe oor jare tevore in die kerkkombuis is daar baie. So byvoorbeeld onthou Anna du Plessis:

Ek en ‘n paar dames het koeksisters gebak in die kerk se kombuis en van die ander dames het weer koeke gebak in die pastorie onder leiding van mev Schutte ... Ons het dit vreeslik geniet.

Met so baie wat die gemeente ten doel gestel het om te doen, het die Kerkraad in 1970 goedkeuring verleen aan die aankoop van twee gasstofies. ‘n Egpaar Meyer (van Lanyonstraat) en mevrou De Necker (van Loopspruit) se ywer hierin is in die besonder genoem. Ds Labuschagne se vrou Marietjie voeg by:



Ons het 'n kerkskuld gehad en besluit om dit gou af te betaal. Met Anna Cronjé en Wilma van Rensburg was dit heerlijk met 'n koeksisterbakkery in Hester en Hans de Meyer se garage. Vyfhonderd dosyn koeksisters – soet stringetjies – is in 'n oggend gevleg en gebak en afgelewer. Uitspattig – opgewek – dit was 'n fees! Eendag was die bakkery in die pastorie se garage. As predikantsvrou het ek deur die jare gemeentewerk geniet. Dit was heerlijk om met die gemeente-vrouens te werk. Hul het maklik gereageer, kon groot dinge self doen, en hoe harder hulle dan soms kla (veral voor 'n basaar), hoe harder het hul saam met my skouer aan die wiel gesit. Ek het nooit van iemand verwag om iets te doen wat ek nie self bereid was om te doen nie – as dit voor my voete gelê sou word.



Basaartyd in die sewentigerjare op kerkgrond (in die omgewing van die hedendaagse gedenktuin)

Oor vroeë basaars word ook onthou dat dit in 'n reuse tent gehou is. Tafels is onder die destydse doringbome van die Potchefstroom-Oos gemeente opgeslaan. Al stoorplek om die vleis in koud te hou, was 'n klein geboutjie naby waar die Gedenkmuur tans is. Die geboutjie is geskenk deur mnr Adriaan van den Berg. Gemeentelede was toe/en is steeds besonder vrygewig en hulpvaardig met basaars. Baie vleis is destyds in Piet Nortjé se slaghuis bewerk, en die Nortjes het sommer alle ekstras vir die vleisbewerking geskenk. Almer Smit van Klipdrift het alle braaikuikens voorsien.

Die koekbakplek was die pastorie in Bremnerstraat. Baksters in die vroeg sewentigerjare was Didi Huisamen, Bets Goossens, Dirkie van der Walt en ds Labuschagne se vrou, Marietjie. Die gebak is versier deur Judie Greeff en Denise Crous, en dit dikwels sommer in die konsistorie! Dan was daar Kosie en Engela van Tonder wat jaarliks in beheer was van die pannekoektafel. Gert Olivier en helpers het die seile gespan.

Ek onthou dat Jack van Graan van 'n plaas in die Klipdrift-omgewing in die eerste jare van die Gemeente, jaarliks 'n bees geskenk het. 'n Klomp van ons het dit dan vir die verkoping en braaivleis bewerk. Ons het al die vleis van die bees gestroop en net wors in daardie dae gemaak. Om dit te kan doen, is 'n klomp klein handmeultjies gebruik. Die vleis is dan onder skaduseile verkoop of gebraai. In die tyd van ds Labuschagne het ons op die plaas vleis bewerk nadat dit vir so vier jaar in ons slaghuis gedoen is. Vanaf 2009 is die nuut-toegeruste kerksaal daarvoor gebruik.

Herinneringe, Ralie Nortje, 2 September 2013

In die sestiger tot sewentigerjare was die KJV met elke basaar verantwoordelik vir al die speletjies.

Herinneringe: Hannes Lemmer 2011

Teen die mid-tagtigerjare, toe Potchefstroom-Oos drie dominees gehad het, was die een of ander basaaraktiwiteit aan elk gekoppel. As jy wou kuier-kuier-koop dan was daar “Gert se keffie”, en ook verby “Conradie se slaghuis” of “Giep se shop”.



Soos wat lidmate gekom en gegaan het, was daar nuwe staatmakers om die vroeëres by sommige basaar tafels te vervang. Gelukkig was daar altyd die immer-groen kerngroepie wat kon lei en kon mentor. Teen 1985 het die helperhande by die basaar nie net vir nuwe gesigte gesorg nie, maar was die altyd-staatmaker-hande, en die verskeidenheid van tafels ookal veel groter as vantevore. Die beplanning van die Basaarreëlingskomitee in Mei 1985 is 'n tipiese voorbeeld hiervan:

Basaarreëlings, Mei 1985



In Maart 1987 is 'n minibasaar ook gehou

TAFELS EN SAMERCEPERS

- 3.1 Ete - Mev. Linda Erasmus
- 3.2 Vetkoeke - Mev. Felicia Smith
- 3.3 Mev. Hester en Ralie Nortjé
- 3.4 Plante, lekkers, kindertafel - Mev. B. Hoffman.
- 3.5 Groot koeke - Mev. M. Maré
- 3.6 Gebak (Brood, beskuit, klein koekies) - Mev. Luna Ferreira
- 3.7 Winkelspel - Mev. Adrie Roux
- 3.8 Pannkoek - Mev. Engela van Tonder
- 3.9 Naaldwerk - Mev. Vina Joubert (Hangers, voorskote, dik vat-lappe, gebreide baba klere word gevra. Truie wat moontlik vooraf op bestelling gebrei kan word sal baie welkom wees.)
- 3.10 Nagereg - Mev. D. Crous
- 3.11 Tee en koffie - Mev. Bettie Gelderblom en Mathia van Rensburg.
- 3.12 Koeldrank - Mnr. en mev. T. Kruger
- 3.13 Ou boeke: Annemarie van der Walt.

TAKE

- 4.1 Reëlins vir die vleistafel met die Nortjés: Ds. Labuschagne.
- 4.2 Etekaartjies:
 - 4.2.1 Mev. A. Roux sal navraag doen in verband met drukkoste.
 - 4.2.2 Diakens sal gevra word om die kaartjies (R5,00 stuk) te verkoop. Dit sal gereed wees vir verspreiding by die Kerkraadsvergadering van 5 Junie. Geld moet in-betaal word by mev. D. van der Walt.
- 4.3 Kaartjieverkope: Mnr. A.C. Hoffman.
- 4.4 Kampvuur
 - 4.4.1 Mnr. A.C. Hoffman sal toestemming daarvoor vra by Potchefstroom-Vyfhoek.
 - 4.4.2 Mev. Peens sal uitvind of die weermag weer bankies sal voorsien.
- 4.5 Terrein en beligting: Die Oliviers, Abel Piensaar.
- 6.1 Breekgoed

Ons eie breekgoed word gebruik, nie Vyfhoek s'n nie. Elke sameroeper sorg dat dit wat benodig word by Vyfhoek kom.

Daar is ook 'n "wall of courage" in die Gemeentesentrum wat dapper lidmate tydens Basaar-geleenthede aandurf!

Met uitsondering van 2007, is jaarliks basaar gehou. Piet Dreyer onthou dat daar 'n sterk behoefte was om as deel van die Dankfees die basaar weer 'n plek op die kerkkalender te gee.

Die "Poedingtafel komitee"-2011

Vlnr: Elize van Zyl, Jannette van Zyl, Marie van Deventer, Corinne strydom, Johanna Müller

Sittend: Lynette Crafford



Ode aan die Poedingtafel 1996 – 2011

*Dit het eendag, lank terug, begin;
en is daar weer opnuut oor alles besin -
met rasse skrede is al die beplanning gedoen
en het ons ons met groot uitdagings versoen.*

*Mettertyd het baie lidmate betrokke geraak
en kon ons gou die tafels voller maak.
By tye was daar byna paniek
en sommige kopers van te veel eet, siek!*

*Die span is begeesterd – altyd reg om bont te staan:
Corinne, Janette, Petra, Elize, Marie, Lonette, Stephanie, Maryke
is van die mense wat met hart en siel voluit gaan.
Met Ronel en Wilna se ondersteuning daarby,
word alles keurig en betyds klaargekry.*

*Vaardighede en tradisies is intussen gevorm,
en kan ons met sjarme bedien wanneer almal storm!
Met Fanus se jaarlikse "veiling voor die diens"
word ons voorrade finaal gesterk – so ongesiens.*

*As ons terugkyk na Potch-Oos se poedingtafel,
kan ons nie anders as om met vreugde uit te "rafel"...
want met al die jare se lekker werk
weet ons verseker: dít is mos kerk!!*

Johanna Müller, Oktober 2011



VLEISBEWERKING 'n GROOT BASAARGEDOENTE... "since 1963"



WALLIE KRUGER (LINKS). JOHANNES OOSTHUIZEN (ONDER) EN SPANNE, 2011



DIRK STOFFBERG EN TINUS JACOBS



ALIDA KRUGER EN RITA ROSSOUW



Geborg deur: Marius van Vuuren en gesin

Met die jare saam, is etlike bykomende sosiale en fondsinsamelingsgeleenthede georganiseer as deel van die Gemeente se jaarlikse dankfeesteaktiwiteite. Hieronder tel gholfdae en die Winterfees/-mark van 2011 as 'n eerste poging van sy soort. Soms word na die Basaar verwys as Dankfees.

Dankfees, 2009

PLAASSTAL - PETRO BENADÉ



PANNEKOEKTAFEL - KOSIE DE KOCK



LEKKERGOEDTAFEL - TESSA HANSEN, TANA VAN HUISSTEEN



HELEEN JORDAAN EN
DERRE VAN WYK



Maak 'n las... 2009



LINKS: DIE KLEURRIKE "MAAK 'N LAS" -GELEENTHEID, 2009
REGS: PIET DREYER EN SPAN VAN "MAAK 'N LAS"

Spitbraai...



Winterfees/-mark 2011

Die Wintermark is gewoonlik in vroeg Junie (gevolg deur die Gholfdag in vroeg Augustus). Die Basaar is tradisioneel in vroeg September:



Geborg deur: Theuns en Annatjie van Heerden

Kultuuraksies

Kultuuraande by Potchefstroom-Oos was nooit 'n vaste instelling nie. Liefhebbers en kenners het geleenthede geskep om ook hulle belangstelling of passie as 'n gawe in die gemeente uit te leef. So het dit gekom dat 'n kultuurkomitee as reëlingskomitee gefunksioneer het wanneer die tyd en geleentheid reg was. Dit was Johanna Müller wat die eerste amptelike musiek-/kultuuraand in 2005 gereël het:



Johanna Müller

• *Kultuuraand Augustus 2005*

Kultuuraand skitter!

Vrydagaand 26 Augustus 2005 sal aangeteken word as een van die mooiste geleenthede wat die gemeente van Potch-Oos nóg beleef het!

Reeds weke voor die tyd was daar 'n opgewondenheid te bespeur onder gemeentelede wat óf besig was om te oefen vir 'n item, óf 'n nuwe resep uitgetoets het, óf solank beplan het aan 'n uitrusting vir die aand! Vrydagoggend en -middag was daar reeds lewe in en om die saal met die gasvrouens wat met mandjies eetgerei, servette en dekorasies hulle tafels kom dek het. Die finale produk was 'n skouspel van uiters keurig gedekte tafels! Die kontinuïteitsaankondiger vir die aand was ds Stefaan en met sy natuurlike sin vir humor en bykomende pittighede, het hy deurentyd gesorg vir skaterlag.

Die voorprogram het bestaan uit 'n goeie afwisseling van sang-items, instrumentale items en woordkunsitems. Prof Paul Schutte, gaskunstenaar vir die aand, het met sy komiese skets oor Die Munisipaliteit die gehoor aan sy voete gehad. Die ete met tradisionele kosse soos bobotie, geelrys met rosyne en gestoofde vrugte het al die gaste herinner aan Ma se voorslag-ete uit vervloë dae! Die NWU, Puk-koor se optrede as hoofprogram was van hoogstaande gehalte en Awie van Wyk het oudergewoonte met sy sielvolle koorsang, menige toehoorder se hartsnare diep geroer.

Met koffie en verder kuier tot laataand, is almal weg met 'n inspirerende gevoel van dankbaarheid vir talente, genadegawes en bande van liefde wat opnuut gesmee is! Nogmaals geluk aan Johanna Müller en haar Kultuurkomitee met 'n voortreflike aand!

POTCH-OOS KULTUURAAND

PROGRAM, 2005-08-26

OPENING EN VERWELKOMING

ds Stefaan de Jager

VOORPROGRAM

- | | |
|-----------------|--------------------------------|
| 1. Campher-duet | Liandi en Zante Campher |
| 2. Prosa | Marianne de Lange |
| 3. Qui Vive | Paul Schutte en Johanna Müller |
| 4. Sang-item | Marietjie en Kie |

ETE

- | | |
|-----------------------|-----------------|
| 5. Wespark | Su-an Müller |
| 6. Kabaret-item | Luzaan Veldsman |
| 7. Komiese Skets | Paul Schutte |
| 8. Instrumentale Trio | Su-an Müller |
| | Babette Viljoen |
| | Arina Kruger |

BEDANKINGS

ds Stefaan de Jager

HOOFPORGRAM NWU-PUK-KOOR

o.l.v. Awie van Wyk

KOFFIE

Etlike jare later – in 2008 – het Johanna Müller nog 'n musiekaand georganiseer met behulp van Femke Krüger, Alida Kruger, Ronél Botha, Nico de Lange, Antoinette Lerm en Trudie Moodie:

- ***Die Gospel-Musiekaand, 15 Augustus 2008***

Dit voel vir my of hier vanaand 'n herlewing in Potch-Oos begin het –



Johanna, onthou as 'n eerste van sy soort in die gemeente: "'n Aand wat met behulp van baie hande en kophouwerk moontlik gemaak is. Amateur- sowel as professionele kunstenaars was deel van die geleentheid. Die aand het 'n wye verskeidenheid van Gospelstyle opgelewer'".

- ***Musiekaand, April 2010***

Johanna Müller onthou: 'n Jarelange Reitzer en skoolvriend van my man Arend Muller, Bertie Wernsen, was in hierdie tyd op besoek by ons vanaf Nederland. Hy is 'n befaamde orrelis en ook 'n klavierstemmer. Arend het toe voorgestel dat ons hom vra om as gaskunstenaar op te tree dié aand... Hy het in die kerk 'n orrelsolo gelewer, en in die saal 'n klaviersolo. Dit was baie besonders!



Musiekaand

Potchefstroom-Oos, 16 April 2010

In Kerk

Naam v item	Kunstenaar/s
Verwelkoming en bedankings	ds Fanus Hansen
Soos 'n Wildsbok – verw Renette Bouwer Senzeni na – Tradisioneel	Nasionale Koor-Akademie olv Mabet van Wyk
Serenade – Julius Weissenborn (Prelude, Koraal en Finale)	Fagottissimo: Liesl van der Merwe Frans Brookes Kobus Dippenaar
Prelude en Fuga in C-mol – JS Bach	Albert Wernsen (gas- orrelis uit Nederland)
Taize-liedere	Gerrit Jordaan: orrel/ klawerbord Liesl vd Merwe: fagot Leonor vd Merwe: dwarsfluit Peet du Toit: trompet Kobus Dippenaar: viool Frans Brookes: fagot
Adagio uit Klarinetkonsert – WA Mozart	Belinda Campbell: Klarinet Colin Campbell: Orrel
PUK-Koor	olv Awie van Wyk

In Saal

Naam v item	Kunstenaars
We Absolutely have to have music - McNair	Nasionale Koor-Akademie olv Mabet van Wyk
Duerme Negrito – A Yupanqui	Mabet van Wyk
Dobbins Flowery Vale - Rajaton	Random Harmony
Power of Love	Snyman vd Berg
O Sole Mio	Thomas Dreyer
Impromptu no 3 in G-mol - Schubert	Albert Wernsen (uit Nederland)
- Maestro - Het jy al ooit gevoel	Babette Viljoen
Killers Medley	Allesaya groep
Defying Gravity (Glee Club)	Candi girlz
Piano Man	Christian
Liewe Maan	Mabet van Wyk
Will you be there? Massa-item	Saalkunstenaars en gaste

2005-Reünie – Lidmate 1961 – 1976

Op 12 Junie 2005 het Theuns en Femke Krüger, as synde self ook dekadellange lidmate van NG-gemeente Potchefstroom-Oos, besluit om 'n reünie van oud-lidmate te organiseer vir diegene wat gedurende die eerste 15 jaar van die Gemeente se bestaan lidmate was of in hierdie jare as lidmate aangesluit het. Ouderling Piet Nortjé se plaas is vir die bymekaarkomgeleentheid ingespan. Lekker kuier en gesels oor gemeente-herinneringe van die eerste jare was die hoofsaak. Femke Krüger onthou die dag:

'n Fees om te onthou

Op 12 Junie het daar 'n unieke bring-en-braai plaasgevind op Oom Piet en Tannie Ralie Nortjé se plaas Boshoeck. In hulle pragtige lapa het 'n klompie mense bymekaargekom met 'n gemeenskaplike belang! Hulle is almal lidmate vanaf die stigting van ons gemeente in 1961 tot nou toe.

Theuns Krüger het almal welkom geheet en ook Oom Piet hulle bedank vir die gebruik van die lapa en lieflike braaivure! Rondom 'n klompie tafels het groepies bymekaar gesit en gou is daar heerlijk gekuier. Daar was twee gaste uitgenooi nl. Mev Marietjie Labuschagne en Ds de Jager. Die vleis is deur die manne gebraai en ná die lekker eet is daar geleentheid gegee aan ieder en elk wat graag herinnerings en staaltjies met ons wou deel.

Dr Ockie Vermooten was eerste aan die woord met 'n hele paar interessante inligtingsbrokkies. Daar is in die Uniehuis koshuis se eetsaal en studiesaal kerk gehou en met die eetsaal se kombuis net langsaan kon 'n mens letterlik die kastroldeksels hoor klap. Aangesien daar nog nie 'n predikant beroep is nie, was dit Oom Ockie se taak om te sorg vir 'n leraar elke Sondag! Daar was geen orrel nie en iemand het die begeleiding waargeneem op die skoolklavier. Oorlede Oom Jan Verwey was bekend vir sy goeie sangstem! "Ons het dus nie 'n orrel gehad nie, maar ons het wel Oom Jan se gorrel!", is daar in ligte luim geskerts.

Daar was eers 'n gemeentevergadering gehou om 'n kerkraad te vorm. Oom Ockie was die eerste skriba met sy vrou, Charlotte, aan sy sy om die register te begin en om notules te hou. Oom Frans Badenhorst was die eerste sekretaris. Hy het ook gehelp met die beroep van ons eerste leraar, Ds A C Viljoen. Die tweede leraar was Ds Ben Schutte.

Mev Marietjie Labuschagne spreek haar dankbaarheid uit om ook deel te kon wees van die herinneringsfees. Sy vertel etlike staaltjies oor die eerste tuinwerker geheet John, asook Johanna (Rosie wat huidiglik nog by ons is) se ma. Beide het ook by die pastorie gewerk. Van Oom Kosie Nortjé en Oom Piet het sy heelwat te vertelle gehad en van Tannie Joey Joubert wat altyd met elke besoek iets te ete gebring het.

Hannes Lemmer was die eerste katkisant wat voorgestel is in November 1961 en sy suster Kitty was die eerste KJV voorsitster, asook die eerste bruid in die kerk op 7 Desember 1962. Mev J Joubert het die eerste kerkkoor afgerig en die eerste orrelis was Piet Koornhof. Hannes het ons ook vertel dat die jeug graag die kerkklok wou koop. Met net R100 wat ingesamel is, moes die kerkraad maar help met die res! Hy het nog heelwat ander staaltjies vertel wat almal baie geniet het.

Oom Piet het vertel van ons eerste basaar en hoe die vleis bewerk is op sinkplate! James Moodie en Hannes Gelderblom het ook aan die beurt gekom. Daar was ook onder andere 'n rugbywedstryd gehou tussen die KJA en die kerkraad.

Na die eet van die nagereg is daar koffie gedrink en nog lekker staaltjies onder mekaar vertel.

Nogmaals baie dankie aan almal wat gekom het en veral aan Tannie Ralie, Oom Piet en hul kinders vir al die reëlins en braaivleisvure. Ander lidmate wat ongelukkig nie daar kon wees nie, was Felecia Smit, Hettie van der Merwe, Roy en Rosa Knobel, Linda Esterhuizen, Oom Jorrie en Tannie Rina Jordaan, Lettie Burger, Gert Olivier, Boere en Bettie van der Westhuizen.

Femke Krüger

Pioniers wat tussen 1961 – 1966 lidmate van Potchefstroom-Oos gemeente geword het



Agter vlnr: Koos van der Merwe, Dr Ockie Vermooten, Hannes Lemmer, Gerrit van Wyk

Middel vlnr: Ralie Nortjé, Hettie van der Merwe, Charlotte Vermooten, Driekie Snyman, Rita Rossouw, Irene van Wyk

Voor vlnr: Piet Nortjé; Kosie Nortjé

Lidmate wat vanaf 1967 – 1971 by die Potchefstroom-Oos gemeente ingeskakel het



Agter vlnr: Theuns Krüger, James Moodie, Hannes Gelderblom, Pine Roux, Annie Jacobs

Voor vlnr: Femke Krüger, Bettie Gelderblom, Trudi Moodie, Marietjie Labuschagne, Annemarie Schulenberg, Adri Roux

Geborg deur: Hans Vermaak

Lidmate wat tussen 1971 – 1976 by die Potchefstroom-Oos gemeente aangesluit het



Agter: Kokkie Fourie
Voor: Bettie Fourie; Doepie de Jongh, Marie van Deventer

Geborg deur: Jaco en Carien Smit

Vroue-bediening: Susters van weleer! – Staatmakers lewenslank

Die vrouebediening het vanaf 1961 tot 2006 bestaan. Die bediening het begin as Bond van Dienaresse tot 1966, waarna dit as die Sustersvereniging bekend was, en vanaf 1971 as die Vrouehulpdiens tot iewers in die tagtigerjare. Van toe af is die naam Vrouediens spontaan tot 2006 gebruik. Hierna het andersoortige tye en behoeftes die groep laat besluit om te ontbind om in nuwe bedieninge opgeneem te word. Die Gasvryheidsbediening is een hiervan.

Op die kerkraadsvergadering van 26 Augustus 1961 is genotuleer dat mev Viljoen toestemming vra om 'n tak van die Bond vir Dienaresse te stig. Goedkeuring is verleen, en op 15 September begin 'n kerngroep die tak waarop aangeteken is dat die tak op 18 September 1961 amptelik gestig is. Teenstrydig met wat in 1963 in die ouderlingsverslag van die gemeente se "geestelike afvalligheid" bevind is, is gerapporteer dat die Bond, intendeel, besonder aktief was. Uit 'n potensiële 267 vrouelidmate van die gemeente het 140 ywerig ingeskakel, terwyl 40 – 50 vroue gemiddeld die kwartaallikse algemene vergaderings bywoon. 'n Indrukwekkende getal bedrywighede onder leiding van mev H Viljoen is gelys:

- 58 bussies vir sendingwerkbefondsing.
- Stywing van die orrelboufonds.
- Wyksaksies (101 wyksvergaderings; 336 besoeke by gemeentelide; 247 besoeke by siekes en senior lidmate; 31 besoeke by nuwe intrekkers).

Bond van Dienaresse se eerste bestuur

Voorsitster: Mev. Hester Viljoen

Vise-voorsitster: Mev. SM Jooste

Sekretaresse: Mev. Dr. Vermooten

Vise-sekretaresse: Mev. SM. Botes

Tesouriere: Mev. JC le Grange

Addisionele lede: Mevv. MA Verwey; CR Dippenaar en AM de Beer.



Mev H Viljoen

Die Bond van Dienaresse van Potchefstroom-Oos Gemeente het hierna ook hulle kragte ingespan om 'n gedeelte van die sowat R1 392 in te samel vir matte in die kerkgebou. In die jare van dominee Ben Schutte as predikant het die vroue fondsin-samelingsfunksies geloods om ook insette te maak ter stywing van die saalboufonds. Funksies in die sestigerjare het merendeels die vorm aangeneem van vleisbraai, gekombineer met sportaktiwiteite soos toutrek en sakresies. Vroeg in 1970 is só oor die vroue se vlytige bedrywigheid rapporteer:

ONS VROUE-HULPDIENS

Uit die verslag van die Vroue-hulpdiens wat voor die Kerkraad gedien het, het onder meer aan die lig gekom dat hierdie vereniging gedurende sy afgelope boekjaar (Junie 1969 — Mei 1970) die mooi bedrag van R4,500 vir skulddelging bygedra het. Daarbenewens was daar ook die wyksbydraes vir skulddelging wat deur die 50c-skema R554.93 byeengebring het.

Hierdie hulpvereniging van ons gemeente met sy groep ywerige werksters verdien ons almal se innige waardering, opregte dank, onvermoeide ondersteuning en getroue voorbidding.

Toe die gemeente 10 jaar oud was het die gemeente via die vrouediens van wyke 10 tot 14 'n resepteboekie uitgegee. Janet Cilliers, Bets Goossens, Judy Greeff, Adri van Oudtshoorn, Denise Crous en Hester Meyer is byname genoem. Annatjie van den Berg is geloof vir al die gratis tikwerk. Verder is van hierdie merkwaardige poging onthou:

Cronjé Lemmer het die buiteblad ontwerp net soos hy ook die embleem ontwerp het vir ons jaar-programme, etekaartjies en toe die gemeente 21 jaar oud was. Ons het groot fees gevier met hierdie geleentheid, ons oud-leraars genooi en onder Marié Maree 'n manjifieke gemeente-ete in die Impala Hotel gehad met Annetjie Esterhuizen se hulp. Ons het nog nie 'n saal gehad nie maar het vanaf 1969 elke jaar 'n bedrag deur die vrouens ingesamel en weggesit vir 'n saal... Toegewyde en bekwame sekretaresse van die Vrouediens was Myrtle Badenhorst, Luna Ferreira en Babs Weber.

Herinneringe: Marietjie Labuschagne en NGK, Potchefstroom-Oos, "Gemeentebrief", 1(4), Oktober-Desember, 1970, p. 12



Dit is waarskynlik deels te danke aan die opbrengs van die resepteboek, dat die vrouehulpdiens teen Junie 1971 'n bedrag van R2 500 aan die Kerkraad kon skenk as deel van die Gemeente se skulddelging. Ook weer in 1980 het mevrou Marietjie Labuschagne namens die gemeentevroue 'n bedrag van R5 500 aan die Kerkraad kon oorhandig vir die bou van 'n kombuis op 'n latere geleentheid.

**Mevrou Marietjie Labuschagne,
voorsitter van die Potch-Oos
vrouediens, 1969-1986**

Huis Anna Viljoen is amptelik op 1 September 1971 geopen. NG Potchefstroom-Oos se vrouehulpdiens behulpsaam met die reëlins. Ds Labuschagne het die openings-toespraak gelewer.

Ek het begin betrokke raak by die Vrouediens wat toe, soos die tradisie daardie tyd was, gelei is deur die predikant se vrou. Vir jare was ek op die bestuur en het later 'n wyksleidster van Blok H. (Dit was al die plotte of hoewes van Mooivallei). Ons het baie funksies en nagmaales gereël. Vir 'n hele paar jaar was dit 'n groot sukses en daar het tot 300 mense kom eet. As gevolg van net 'n paar vroue wat bereid was om dit te hanteer, het dit ook tot 'n einde gekom ... In 1999 word ek gekies as voorsitster van die Vrouediens. Dit was 'n redelike mylpaal in my lewe en dit is toe ook die eerste gemeentevrou en nie 'n predikantsvrou soos die tradisie was. Wonderlik hoe ek ervaar het dat die Here my begin voorberei het daarvoor. Ons het sekere name verander soos byvoorbeeld voorsitster is leidster of sameroepster en Vrouediensvergaderings na Verrykingsaande. Daar is toe ook meer gekonsentreer op geestelike onderwerpe. Ons het op 'n stadium leraars en sprekers uit ander denominasies genooi en hulle het nogal vanuit 'n ander perspektief met ons gedagtes gedeel. Ds. Paul Smit (eers 'n NG-leraar en toe leraar van Duet-gemeente – 'n vernuwingsgemeente soos ek dit noem) het 'n interessante aand saam met ons deurgebring. Van ons leraars het nogal van hom verskil alhoewel hy uit 'n boek van ds. Dirkie van der Spuy, 'n NG-leraar, gepraat het. 'n Ander spreker was Hendrik Venter vanuit die Gereformeerde gemeente wat berading en bevryding met ons bespreek het. Hy het self berading gedoen. Tradisioneel was dit ook nog 'n onderwerp waaroor nie gepraat is nie. Hy is later weer op aanvraag uitgenooi.

Ons verrykingsaande word vir 'n verandering geskuif na, in plaas van die saal of sitkamer, gemeentede se huise. So onthou ek die eerste huis waarheen ons gegaan het was dié van Johanna en Arend Müller. Dit was pragtig daar en ds. Andries Celliers het ons kom toespreek. Daarna het ons ook na die hoewes in Mooivallei uitgereik soos na Bettie en Chris Crause, Isabel en Douglas Oliver en Ds. Gerrie en Janie Lamprecht, asook ons eie plot. Ook het ons een aand na Oom Piet en Tannie Ralie se lapa op die plaas uitgery.

Vir ons bestuursvergaderings het ons ook na van die lede se huise gegaan en so mekaar beter leer ken. In my termyn as leidster het ons heelwat projekte geloods soos om geld in te samel vir koppies en bekere, vir Promosa-gemeente. Hulle het 'n paar diestalle beleef en dit het swaar gegaan. Ds. Gawie van der Merwe was hulle leraar wat ook deelyds by ons was. Ek en Magdaleen Henning het elke Donderdagmiddag daar Bybelstudie gehad wat vir ons 'n wonderlike ervaring was. Ons het saam met die vroue van Promosa gebid, gesing en ook sake van belang en uit 'n boek Bybelstudie gedoen. Wat 'n voorreg om hulle so te leer ken en ook later bydrae te kon gee vir hulle jaarlikse basaar.

Met die Wêreldbiddag vir vroue, waar ons gewoonlik na een NG-gemeente in die dorp bymekaar gekom het, het die meeste van die gemeentes hulle eie aanbieding gehad. Ons het dit ook vir etlike jare gedoen, maar toe het ons dit op aanvraag na Huis Anna Viljoen se saal geskuif. Verskillende sprekers soos mev. Labuschagne, mev. Sally van der Wall en ek het verskeie kere opgetree.

Herinneringe: Femke Krüger, 2011



Femke Krüger

Die Vrouediensbestuur in beeld, 1995 – 2005:

Bestuur 1995



Vlnr: Hettie van der Merwe, Jennekin Lamprecht, Suzette van Zyl, Beatrix Hoffman, Corrie Brooks, Femke Krüger, Chrissie Blume, Erna Hart



Bestuur 2000

Agter vlnr: Wilna van der Merwe, Femke Krüger, Barbra Botha, Annatjie de Klerk, Chrissie Blume

Voor vlnr: Marinda Rodgers, Daleen Botha, Henna Koen, Johanna Müller, Jenneken Lamprecht

Bestuur 2003

Voor vlnr: Petra Smalman, Grieta von Wielligh, Femke Krüger, Lawrette de Jager

Agter vlnr: Marinda Rodgers, Annemarie Schulenburg, Henna Koen, Andriette van Vuuren, Daleen Botha, Jenneken Lamprecht, Chrissie Blume



Geborg deur: Piet + Marieta Dreyer



Bestuur 2005

Vlnr: Susan Bester, Rencia Jansen, Janie Lamprecht, Rosa Knobel, Magda le Roux, Femke Krüger, Annemarie Schulenburg, Chrissie Blume, Ronel Botha, Daleen Botha, Daleen Visser, Marieta de Jongh, Lawrette de Jager

Femke Krüger se rol in die sukses van die vrouediens tot 2006 is prominent sigbaar. Sy is bekend vir haar openheid, en passie vir vernuwing wanneer bestaande tydgebonde strukture uitgedien raak. Sy self was verantwoordelik vir die ontbinding van die vrouediens om binne nuwe omstandighede en ander gemeentebehoeftes 'n andersoortige bries van insette te lewer. 'n Gasvryheidsbediening is kort na ontbinding gevestig.

'n Steeds aktiewe en goed georganiseerde vrouediens in die vroeg-21ste eeu: Die Vrouediens het tot 2006 bestaan.



Gasvryheidskomitee 2011



Agter vlnr: Annetjie Oberholster, Magda le Roux; Anne Mans; Elize van Zyl; Heleen Jordaan; Jani Lamprecht; Ronel Botha; Annalet Röntgen; Tess Hansen

Gemeenteverryking

Benewens die Evangelisasiebediening, was verrykingsgeleenthede in ander vorme ook sigbaar in die NG-gemeente Potchefstroom-Oos. Melding word reeds vanaf die vroeg sestigjarige gemaak van die Kerkraad se aankope van literatuur soos die *Kerkbode*, *Antikom* en later ook *Uit die Beek*. In vele opsigte was hierdie bedienings-terrein 'n taak wat van meet af aan opgelê is aan die Evangelisasiekommissie. Die Kommissie moes bepaal wat aangekoop moet word of aangeskaf behoort te word ter verryking van byvoorbeeld jongmense se Bybelkennis. Nuusblaaië weer het nie net gedien as inligtingsblad vir wat in die Gemeente aangaan nie, maar het ook gehandel oor Rings- en Sinodebesluite en 'n verskeidenheid van geestelike verrykingsgesprekke, hetsy deur die leraars of bydraes deur lidmate. Teen 2011 was hierdie benadering steeds aan die orde van die dag. Nuus oor die Gemeente is vanaf 1961 tot 2011 onder 'n verskeidenheid van name versprei. Die tendens was om 'n nuusblad te transformeer kort nadat 'n nuwe dominee bevestig is (kyk die beknopte brokkies geskiedenis van elke blad hiernaas):

Van **Gemeente Nuusbrief** (1961 – 1964) na **Die Kandelaar** (1965 – 1966) tot **Gemeentebrief** (1970 – 1982) na **Gemeente-Nuusbrief** (1986) en tussendeur **Ooskerk Nuusbrief** (1983) & **Kontak** (1984)

Inisiatiewe vir die uitgee van 'n kwartaallike/meer gereelde nuusbrief, was soms sporadies. Dit het half saamgeval met die kom en gaan van predikante, of die individuele inisiatiewe van gemeentede. Waar ds. Awie Viljoen die eerste treë vir 'n gereelde nuusbrief gegee het met die hulp

Doel met Gemeentebrief

In die eerste Januarie – Maart Gemeentebrief verklaar die redaksie die doel van die gemeentebrief: ... ons wil ons daarop toespits om 'n nouer band tussen ons Gemeente en ons lidmate te hê. Wanneer 'n lidmaat nie meer kerklik meelewe is nie, wil ons gemeentebrief ook een van daardie hande wees wat na daardie lidmaat uitgesteek word...ons wil leiding gee aan hulle wat opreg verlang na verlossing. As ons kinders van die Here tot groter toewyding aan die Heiland kan bring... regverdig ons gemeentebrief sy bestaan. Ook aan gemeentenuus (persoonlike berigte, verenigingslewe...) en algemeen kerklike werksaamhede wil ons, sover moontlik, reg laat geskied.

van 'n paar lidmate, is die naam van die blad gedurende die eerste maande van ds Ben Schutte herdoop na 'n stemmige "Die Kandelaar" wat vanaf Mei 1965 tot Januarie 1966 maandeliks verskyn het. Daarna het die gebruik verval totdat "Gemeentebrief" in ds Labuschagne se bedieningsjare weer 'n instelling geword het, en by geleentheid 'n paar bokspronge gemaak het in naam as *Ooskerk Nuusbrief*, gevolg deur *Kontak*, maar toe na 'n jaar van droogte (1985) spoedig weer terug na wat dit byna was: *Gemeente-Nuusbrief*.



Oos-Nuus voor Soetdorings


Ds Wesley onthou dat hy in 1987 die eerste uitgawes van die Potchefstroom-Oos gemeentebled verbeeldingloos as "Oos -Nuus" gedoop het. Toe die Gemeente egter uitgenooi is om met 'n beskrywende naam vorendag te kom, het 'n tannie Bettie Redelinghuis "Soetdoring Kroniek" voorgestel. Die redaksie het op Soetdorings besluit, omdat dit enersyds die soet en seer simboliseer van 'n mens se bestaan, en andersyds ook verwys na die Soetdoringbome op die kerkterrein.



Soetdorings (1987 – 1990; 1993 – 2001; 2003 – 2007)

Ds Wesley Lamprecht het tydens sy leraarskap vanaf 1987 die gemeentebled van gedaante laat verwissel. Na drie jaar is dit egter sonder rede gestaak, waarna die

blad weer vanaf Maart 1993 lewe gegee is, met Gert van Rooyen as eerste redakteur. Jan Haasbroek het hom opgevolg tot Mei 2001. lewers daarna het die pap op die grond geval en kom daar ook jammerlik nie 'n beloofde feesblad teen einde 2001 van die grond af nie. Ds Wesley het weer ingetree waarop daar vanaf Junie 2003 andermaal 'n uitgawe van Soetdorings verskyn, waarvan die laaste uitgawe in Oktober 2008 versprei is toe die dames daarby betrokke, weens een se verhuising en 'n gevolglike gebrek aan "vrouekrag-arbeiders", "Soetdorings" se stem vir eers moes stilmaak.



Gaatjeponder-Oos (ca Julie 2009)

Met "Soetdorings" andermaal in 'n winterslaap, het ds Fanus Hansen 'n jaar na sy leraarskap by Potch-Oos self leiding geneem in die naamgewing van 'n bykomende nuusblad as 'n "leraars"-maandblad/-rapport: Deftig aangetrek in die eertydse manelstyl van die NG-Kerkraadslede – en gedoop die Gaatjeponder:

Die naam, wel... ons ... vergeet dat ons ... in kerklike kringe bekend staan as die Gaatjeponders. Die naam kom uit die tyd toe die gebruik by die NG-kerk bestaan het dat hulle kerkraadslede manel dra kerk toe. Die spotnaam vir die manel was gat-japon...wat darem oor die jare versag is tot: Gaatjeponder...

Die agterkant van 'n tipiese manel



http://www.blacktieguide.com/White_Tie/White_Tie_Tailcoat.htm.

Die bedoeling met die Gaatjeponder was dalk dat leraars dit as 'n informele geleentheid gebruik om met die gemeente oor verwikkelinge in Potch-Oos gesels. Besige programme het egter daartoe gelei dat slegs twee maandblaaië tussen 2009 en 2011 versprei is.

Dit is te hope dat die Gemeente "Soetdorings" minstens weer 'n somer sal gee, want hierdie ruimte is 'n onontbeerlike hoekie van kosbare inligting rondom die breë gemeentekrante: met aanvullend die Gaatjeponder wat leraars met vrug kan koester as 'n kosbare nalatenskap vanuit pastorieë vir toekomstige geslagte Potch-Oos-lidmate. Teen 2011 egter het die weeklikse afkondigingsblad as enigste kommunikasiestuk van die gemeente gedien.

Op 10 November 1993 rapporteer die Kerkraad dat die Sinode van Wes-Transvaal se besluit gehandhaaf word, naamlik dat daar nie voorskrifte is tot die kleredrag van kerkraadslede nie maar dat 'n "vriendelike" versoek aan diakens gerig word om tydens Nagmaalbediening wel 'n baadjie aan te trek.

Gebedsaksie

Hiernaas is 'n 'n eerste gebedsbrieff van die gemeente. Dit is waarskynlik geskryf in die jare van Ds Wesley Lamprecht waarin daar meer gedoen is om gebedsweke te hê, en gebedsgroepe te vestig. Teen die draai van die eeu is Potch-Oos se gebedsaksies deur 'n gebedskoördineerder bestuur. Verder het 'n telefoongebedsgroep teen 2005 onder leiding van Martie Swanevelder bestaan. Martie het ook vir baie jare gesorg vir geestelik-verrykende bydraes in "Soetdoring". In die nuwe eeu was gebedseminare soms georganiseer. Een hiervan is in April 2006 deur ds Stefaan de Jager aangebied.



Gemeenskapsuitreike:

Armesorg/Diens van Barmhartigheid

Alhoewel min gemeentedelede ten aanvang van die gemeentebedrywighede in 1961 materiële versorging nodig gehad het, het die kerkraad in opdrag van sy lidmate wel jaarliks bydraes aan uitsonderlike gevalle in die gemeente gemaak, so-wel donasies aan behoevende instansies gegee. Hieronder tel kinderhuise (Abraham Kriel; Huis Hebron en Maria Klopper) en die Jan Kriel Skool. Soos wat die gemeente se finansiële vermoëndheid verbeter het, is die lys van skenkings aan behoevende instansies uitgebrei na onder meer die Staanvas-kliniek vir Alkoholiste, skole en die Promosa-kliniek.

Teen 1978 was ouderling MS (Tinus) Ferreira ('n maatskaplike werker van beroep) aan die stuur van die kommissie belas met die Diens van Barmhartigheid, waarna daar meer struktuur in hierdie bediening gekom het. Nog in dieselfde jaar was dit ouderling PJ Nortjé wat gevra het dat Gemeente Potchefstroom-Oos die moontlikheid van die oprigting van 'n tehuis vir verswakke bejaardes na die Ring verwys vir dringende aandag. Dit was ook hy wat betrokke was by fondsinsameling vir die Maria Kloppers-kinderhawe.



Die Mooivallei-ensemble sing by die Barmhartigheidsete, 25 Maart 1994

Gedurende die negentigerjare al was die Barmhartighedsbediening, met die besondere ondersteuning van die Vrouediens ook betrokke by barmhartighedsnaweke of spesifieke projekte. Programme is georganiseer om fondse in te samel. Dit het gewissel van "Omgee"-etefunksies – gekombineer met die deelname van

kunstenaars – tot skynhowe met die kerkraadslede, mini basaars en woonwasaamtrekke. Hierdie fondse is vir verdienstelike sake aangewend soos behoeftes in Huis Anna Viljoen, en met die oog op spesifieke uitreike soos die Dorkas-inisiatief in 1999 en die Sakkie Gelderblom-[niet]fonds van 2000.

Ina Meyer het in vroeg-negentigerjare die inisiatief geneem om skyfies aan behoeftige gesinne te versprei.



Anna Viljoen

Die ontwikkeling van Huis Anna Viljoen

Reeds in 1963 het die bestuur van die Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, Potchefstroom Tak, en die bestuur van Ons Hulde Te huis vir bejaardes begin met die beplanning van 'n nuwe tehuis vir senior burgers. Hierdie inisiatief, waarby mevrou Anna Viljoen as SAVF-bestuurslid betrokke was, lei tot die aankoop van 'n morg HEKTAAR! grond langs Ben Pienaarstraat in Bailliepark van die destydse Departement van Lande teen 'n bedrag van R1725.00. Mevrouw Viljoen se bemiddeling met die Departement Volkswelsyn, loop uit op 'n skenking van R25000 uit die Departementskas. Die bouwerk kon begin, en die eerste sooi is gespit op 24 April 1969. In Augustus 1971 is die bouwerk voltooi. Die eerste Huisbestuur was dan mev AE Viljoen (Voorsitter) Mev SA Klynveld (Vise-Voorsitter) en Mev JH Elsenbroek (Sekretaresse). Mevrouw Viljoen was 'n gesiene en gerespekteerde burger van Potchefstroom, en het op baie rade gedien.

Huis Anna Viljoen is sinoniem met die aktiwiteite die NG-gemeente Potchefstroom-Oos. Hulp, deur veral die vroue, is aangebied met die organiseer en hou van 'n kermis by die Huis om fondse te styf.



Vrywillige dienswerk in Huis Anna Viljoen

Rosa, Elsa en Christo doen op 'n gereelde basis hierdie werk in die verswakte seksie van Huis Anna Viljoen. Dit word geweldig waardeer deur hierdie inwoners aangesien verskeie van hulle nie meer in staat is om self hulle Bybels te lees nie. Hulle kan gevolglik ook nie meer in die kerk kom nie; sommige selfs nie eers meer by die uitsendingsdiens nie.

Dit is dan vir ons drie 'n baie groot voorreg om gedurende ons besoeke vir elkeen uit die Bybel te lees en 'n gebed te doen. Ons probeer ook om met empatie te luister na hulle probleme en leed. Ook deel ons in hul vreugdes wat gewoonlik maar gaan oor prestasie van kinders, kleinkinders en selfs agterkleinkinders. Ons dank ook saam met hulle die Here wanneer hulle siek was en daar weer genesing gekom het. Ons hou hulle ook op hoogte met gebeure en nuus vanuit die kerk. Ons verstaan dat hulle dit graag wil hoor omdat hulle wêreld so klein geword het. Dit bestaan immers nou net uit 'n bed in 'n baie klein kamertjie waaruit baie van hulle slegs met groot moeite kan uit of in beweeg. Ons leer ook baie van hulle aangesien dit so goed is om te sien hoe baie van hulle onder moeilike omstandighede hulle geloof behou en dit ten spyte van hulle ouderdom en selfs siekte. Hulle is dan ook altyd vol lof vir ons Hemelse Vader en hou nooit op om Hom te prys nie. Iets wat ons, met wie dit nog baie beter gaan, soms geneig is om te vergeet.

Herinneringe: Christo en Elise Jordaan, 2011

Teen 2009 het Potchefstroom-Oos al tegnologies so gevorder dat lidmate van Huis Anna Viljoen die oggend-erediens in die gemeente deur beeldsending by die Huis kon sien.

PROJEK DORKAS

In Handeling 9:36-42 lees ons die aangrypende verhaal van Dorkas, die gelowige vrou in Joppe, wat klere gemaak het om die weduwees en armes in die stad te help. Dit was 'n praktiese daad op die terrein van Diens van Barmhartigheid, waardeur die lewensomstandighede van sorgbehoewende mense verbeter is. En toe sy onverwags te sterwe kom, het diegene wat voordeel getrek het uit Dorkas se liefdesdaad vir Petrus kom wys wat hulle deur haar toedoen ontvang het. Hierna het Petrus haar, deur 'n wonderdaad van God se genade, uit die dood opgewek en lewend voor die gelowiges laat staan.

Hierdie Bybelse gebeurtenis word aangehaal om te verduidelik waarom die naam "Projek Dorkas" gekies is vir 'n projek wat onlangs in ons gemeente van stapel gestuur is. 'n Klompie gemeentesusters het bymekaar gestaan en vir twee groepe klere gemaak, juis met die oog op die wintermaande wat ons tans beleef. 'n Aantal kinders van gemeentelede in Promosa, van wie die ouers werkloos is, en die 30 dogters van Huis Hebron, by die Abraham Kriel Kinderhuis, het elkeen twee splinternuwe sweetpakke ontvang en kan nou die winterkoue so 'n bietjie beter trotseer. 'n Ander groep susters het begin om warm serpe vir die inwoners van Huis Hebron te brei en dit is ook reeds by hulle afgelewer.

Die susters beskou dit egter nie as die einde van hulle projek nie, maar wil dit graag laat voortgaan en ook uitbrei na ander terreine waar barmhartigheidsdiens nodig is, soos byvoorbeeld ouetehuse. Wat tot dusver gedoen is, was moontlik gemaak deur ruim skenkings, waarmee die materiaal en ander benodighede aangekoop kon word. 'n Woord van groot dank gaan aan elkeen van hierdie donateurs.

Nou voel die susters dat hulle op eie stoom verdere fondse wil genereer, om van Projek Dorkas 'n voortgaande onderneming te maak. Om hierdie doel te bereik beplan hulle om, met die oog op die volgende winter, kindersweetpakke te maak en teen baie billike pryse te verkoop. Die wins wat hulle hieruit maak, sal hulle dan net so terugploeg in Projek Dorkas.

Ons vertrou die hele projek aan ons Hemelse Vader toe en vra dat u saam met ons sal bid dat sy seënende hand daarop sal rus. Baie dankie aan almal wat reeds meegehelp het, vir u ondersteuning. Die foto's en briefies wat hierby geplaas word, sal u laat sien wat Projek Dorkas in die praktyk beteken.

Potch-Oos was vir jare betrokke (altyd met groot pret) by die kinders van Abraham Kriel se Huis Hebron deelgeneem het as "navigators" vir 'n pretrit wat gewoonlik op Abraham Kriel se gronde geëindig het. Die Vrouediens, en by name Femke asook haar span, het baie gedoen vir die verfraaiing van Huis Hebron – pragtige bedjies, vrolik geveer en helderleurige gordyne en duvets. Charles Theron se konstruksie- en siemaatskappy, Tronkon, het baie gedoen om die badkamers op te gradeer en meer storte en baddens in te sit. Die kinders van Abraham Kriel was ook vir jare 'n bekende gesig by basaars, waar hulle saam gejoel en geëet het. Barend Botha en Daleen het 'n groot rol in hierdie aksies gespeel.

Herinneringe Ds Wesley Lamprecht 2013

Hospitaalbediening/Hospitaalsendingkomitee

Die betrokkenheid van die gemeente in 'n gestruktureerde hospitaalbediening sedert die eerste dekade na afstigting, is nie prominent in kerkraadsbesprekings nie. Dat die predikante hierdie taak hoofsaaklik toe nog as deel van hulle pastorale bediening moes hanteer, is bekend. Vanuit die gemeente was daar nog altyd 'n toegewyde groep. Teen 1978 is genoem dat 'n vorm van sendinghospitaalbediening onder die Sendingkommissie se werksplig was met ouderling CGV Botha en sy vrou Pauline aan die stuur van sake:

Hospitaalsending in die sewentigerjare

Pauline Botha was vanaf 1973 tot 1981 die breinkrag agter die organisasie van die Hospitaalsending van NG-gemeente Potchefstroom-Oos. Sarah Taute het vanaf 1981 die organisatoriese take op haar geneem.

Pauline Botha onthou: oor Sending eertyds in 'n hospitaal vir swart pasiënte:

...Elke Sondagoggend, behalwe met Nagmaalgeleentheid, [word] twee bande met 'n boodskap in Tswana, soms in Sotho gedraai... in die kraamsaal asook die mediese saal. Na die diens oor die band gespeel is, word daar leesstof uitgedeel aan die pasiënte, asook aan die personeel in die taal waarin hul praat... Die werk word gedoen deur 18 lidmate van Oos-gemeente, en dit word gedoen volgens 'n beurtelys. Met Kersfees is gereeld 'n aantal groot koeke aan die personeel aan diens op daardie dag gegee en pakkies met lekkers en klein koekies aan al die pasiënte...

Die hospitaalsending was aan die einde van Pauline Botha se termyn al vir ongeveer 14 jaar aan die gang. In 1986 is gerapporteer dat sewe lidmate by hierdie bediening betrokke is.

Dan is daar ook die herinnering aan lidmate Hettie Slabber, Louise Theron, Elize Loots, Babs en 'n me. Van Rooyen wat gereeld pasiënte in die Potchefstroomse hospitaal Kalie de Haas besoek het en met bemoediging en gebed ondersteun het. Klaarblyklik het fondse vir Bybels en ander literatuur uit hulle uit eie sak gekom – soms uit die opbrengs van talle pannekoekbakgeleentheid, terwyl skenkers ook bygedra het. Intertyd was geen formele vergaderings gehou nie. Hierdie liefdesdiens is spontaan voortgesit, jaar na jaar en veel wyer as net die Kalie de Haas-hospitaal. 'n

Paar hoogtepunte sedert 2001:

- 2001: Die eerste evangelis pastoor Meshack Mani aangestel.
- 2005: Pastoor Isaac Tsokulubane.
- 13 Augustus 2007: Sewe Potchefstroom-gemeentes, waaronder Potchefstroom Oos, verbind hul aan dië hospitaalsending, toe hulle verteenwoordigers en die drie oorlewende stigters, die Potchefstroom Hospitaalsendingkomitee stig onder voorsitterskap van dr Jan Slabber.
- 1 Augustus 2008: Chris Zaayman (evangelis) en Petro Zaayman (berader) is aangestel. Hulle was tot 2011 steeds in diens.
- Sedert 2009 is die Witrand-rehabilitasiesentrum by hierdie uitreik ingesluit.
- 1 Desember 2010: Registreer die komitee as 'n maatskappy sonder winsbejag.
- Elke Sondag van die jaar besoek lede van deelnemende gemeentes pasiënte in die hospitaal en bearbei hul geestelik deur gesprek en die uitdeel van geestelike literatuur.

Tot 2011 is daar op 'n jaarlikse basis geestelike gesprekke met pasiënte gevoer ('n gemiddeld van ongeveer 2 450 per jaar) en ongeveer 300 Bybels uitgegee deur Chris en Petro Zaayman, terwyl berading gebied is aan naastenby 300 pasiënte deur Petro. Die kerndoel vir die Potchefstroom-Oos-hospitaalbediening is om te kan deel hê aan iets tasbaars waarin die uitbreiding van God se koninkryk op aarde aangemoedig word.

Sendinguitreike (Bekend as die Sentrale Sending Kommissie/later net Sendingkommissie)

• Beginjare

Geestelike uitreikinisiatiewe onder veral swartmense op plase (sogenaamde garage/motorhuisgemeentes) in die gemeente-bedieningsgebied (veral die Klipdrift-sending), Vyfhoek en elders (Sibasa-sending en geestelike lektuur vir swart mense) was van meet af aan deel van die Kerkraadagenda. Vir etlike jare is 'n onderskeid getref tussen plaaslike sendingaktiwiteite sowel as komitees en sentrale sendingaktiwiteite. In 1963 al is gerapporteer dat die kerkraad jaarliks 'n R1 000 betaal as gedeeltelike vergoeding vir 'n sendeling se salaris. Alhoewel geen sendingverenigings nog in die gemeente bestaan het nie, het die Bond van Dienaresse (die Vrouehulpdiens van die Gemeente) reeds sedert afstigting in 1961 'n tiende van hulle inkomste, plus die opbrengs van 'n aantal sendingbussies aan sending afgestaan. Fondse vir Bybelverspreiding was ook 'n aparte inisiatief, maar met 'n uitreikfokus.

Sending bedrywighede van die KJV: Tertius van Zyl, Kobus Kirstein, Carl Campher en die folk Johannes en kinders wat deel is van die KJV Sendingsondagskool



Op 27 Maart 1961 se gekombineerde kerkraadsvergadering is versoek dat 'n derde sen- dingleraar beroep word sonder enige verpligting van die plaaslike gemeentes. Die Gemeente se eerste verteenwoordigers op die Sentrale Sendingkommissie (SKK) was JD Verwey en later ook GP Ooshuizen. 'n Eerwaarde Du Plessis was aanvanklik NG-Gemeente Potchefstroom se verantwoordelikheid, maar vanaf middel 1961 het Potchefstroom-Oos hierdie verantwoordelikheid gedeel. 'n Eerwaarde Fourie was ook ter sake in Desember 1961 toe genoem is dat 'n Kleurlingwerkkring gestig is en die Gemeente se voorbidding gevra word. Van tyd tot tyd het die kerkraad, namens die Gemeente, skenkings aan sendinggemeentes gemaak. Toerusting soos kateders, tafels en stoele is ook gratis aangebied, asook grond na die versoek daarvan deur sendingpredikant Samuel Mbebe.

- *Sendingaktiwiteite kry momentum*

Ook onder Indiërs is sendingarbeid ondersteun. In Junie 1974 is ds G Lubbe van die Indiër-sendinggemeente byvoorbeeld deur NG-gemeente Potchefstroom-Oos genooi om 'n erediens by die gemeente waar te neem, waartydens 'n spesiale kollekte vir Indiër-sending gehou is. 'n Politiekery het van tyd tot tyd in kerkaktiwiteite deurgeskemer, ongeag die sigbaarheid van soveel wat gedoen is om lidmate (oud en jonk) bewus te maak van die geestelike en materiële nood buite die veilige grense en geestelike ruimtes van tradisionele kerkwees. So byvoorbeeld die geval van ds Hlakoane wat in Februarie 1976 toestemming van die Kerkraad verkry het om die KJA-Jeug toe te spreek, terwyl 'n paar kerkraadslede laat notuleer het dat dit nie hulle wens is nie. Uit die negatiewe ondertoon darem ook die positiewe toe die Sendingkerk van Gelukspan toestemming gekry het om in die Gemeente se oppersaal van hulle handewerk te kom uitstal.

Sendingbearbeiding is ook by geleentheid op Sondagoggende in hospitale gedoen. Rapport oor wat in 1978 gedoen is, spreek boekdele:

Die jeug versprei traktaatjies onder swart mense... die aankoop van traktaatjies om te versprei gedurende die vakansies word versoek. Goedkeuring word gevra vir die intekening op 10 Ligstrale vir Ikageng Tlokwe-gemeente en 10 Voorligters vir Promosa-gemeente... Hulp is ook nog dringend nodig vir sendingwerk onder die swart huishulpe van die Hoërskool F. Postma. 'n Versoek sal aan die susters in die Gemeente gerig word om dit as 'n gesamentlike projek aan te pak...

NG-gemeente Potchefstroom-Oos het jaarliks 'n donasie aan die Tlokwe-gemeente gemaak om die tydskrif "Ligstrale" aan te skaf.

Dan was Sendingnaweke in Februarie 'n jaarlikse instelling, en het die Gemeente geleentheid gekry om op 'n sigbare wyse geestelik met ander groepe te verbind of deur die bril van sendingwerkers meer te hoor van wat op ander plekke en sendingprogramme vermag word. In 1986 het die Kerkraad evangelis MD Phalatsi en MJ Makume van die NG-Sendingkerk van Afrika verneem dat die Tlokwe-gemeente wat hulle bedien, mank gaan aan kerkfasiliteite. Die Kerkraad het gehoor, maar dit

val nie op dat enige konstruktiewe hulp gebied is nie. Met 'n swaar skuld las weens die bou van die Gemeentesentrum, het die Kerkraad waarskynlik besluit om die gordel eers styf te trek, veral in die lig van 'n sukkelende Suid-Afrikaanse ekonomie. 'n Betrokkenheid op ander terreine van die Tlokwe-gemeente het eers na die draai van die eeu momentum gekry.

In Februarie 1991 het ds. JW Brooks 'n Evangelisasie-aksie by die NG-Gemeente Lyttelton-Noord in Centurion (Voorheen Verwoerdburgstad, Pretoria) waargeneem.



'n Gemeentelid, Elizabeth Jordaan, by ds Josef Brooks tydens 'n naweek waarin sy die Gemeente ingelig het oor haar betrokkenheid by die wêreldbekende evangelisasie-organisasie: Operasie Mobilisasie

Die Sendingkommissie van die Gemeente was in die vroeg-negentigerjare besonder aktief en gemoeid by fondsinsamelingsaksies, die Klipdrift-sending, Otjiwarongo-uitreik, Hereroland-Wes, die jaarlikse Evangelisasieweek in Februarie en om geestelike kassette te versprei aan taxi-bestuurders. Die inisiatiewe van die eertydse sekretaris van die Sendingkommissie, Elizabeth Jordaan, is opvallend.

*Een van ons jongmense, Bennie Steyn, het 'n besonder mooi kanselkleed geskets vir ons besoek aan Hereroland-Wes, met die inwyding van die Kerk aldaar. Dit het 'n Herero-vrou voorgestel, wat by 'n kruis kom kniel. Die Herero's is besonder matriargaal ingestel en die die skets het dus dubbele betekenis gehad omdat die vrou onder die gesag van die Woord gebuig het – kopdoek inkluis. Persone wat die kunstaaldwerk van die Herero's in hulle huise het, sal die logo kan wys. Ek het dit ingewerk as deel van die etiket – **Ngaturitunge**: Herero vir "ons maak dit self", met ook die uitgebreide betekenis van selfgenoegsaamheid, opbou, selfsorg. Ek dink amper dit was hierdie simbool - die knielende Herero-vrou by die kruis, wat later deur Kitty van der Walt ge-apliek was op 'n kanselkleed. Oom Piet Delpoort het 'n reuse rol gespeel het in die oprig van die kerkgebou in Okakarara.*

Herinneringe: Wesley Lamprecht, Sept 2013

• *Sendingwerk in 'n nuwe eeu*


Om te gee en te doen vir sendingaktiwiteite was die harte van die Gemeentelede nog altyd wyd oop. Ewesom die gesindheid van die Kerkbestuur wat voortdurend daarvan bewus is dat hierdie nie 'n plig is nie, maar 'n Bybelse opdrag. Sendingwerk in die Potchefstroom-Oos gemeente is op alle bedieningsvlakke sigbaar.

Lawrette en ds Stefaan het ... 'n bus gereël met lidmate vir 'n besoek aan 'n sendingstasie in Natal genaamd KwaSiza Bantu. Dit was voorwaar 'n voorreg omdat ek die boek gelees het oor die ontstaan daarvan en dit graag wou besoek het en nie geweet het hoe nie. Dit was 'n belewenis wat ek nooit sal vergeet nie. Die Vrouediens het dan ook in Oktober 2003 onder leiding van Daleen Botha huishulpe soontoe vergesel. Iemand wat nog nie daar was nie mis baie en besef nie hoe kosbaar die werk is wat hulle doen nie. Dit is uniek en daar ervaar jy hoe die Here mense gebruik om ander te help met bevryding en regtig te besef wat dit beteken om jou hart vir die Here te gee.

Herinneringe: Femke Krüger, 2011

Uitreike van Potchefstroom-Oos teen 2005

- Skoleprojekte (n Selgroep)
- Projek Zansi (Vrouediens)
- Jesus-film (n Selgroep)
- Biblia-Hawesending Walvisbaai (Gemeentelede en die Sendingkommissie skenk altesaam R22 000 vir Bybel-aankope)
- Potchefstroom uitreik (individuele lidmate-bydraes; Totaal R12 600)
- Hospitaalsending (pastoor Tsokulubane)
- Sri Lanka-sendingondersteuning
- Ander sendingwerk en prediking: Eerwaarde D Leeuw (by Tsepisong, Ikageng Potchefstroom)
- Sending Rusland: Subsidiëring van Andrey Yagin-salaris van die Sevastopol-gemeente in die Oekraïne
- Eilande-sending
- Projek Tswelelopele
- Vroue Bybelstudie Promosa ('n lidmaat)
- Huis Anna Viljoen (Vereniging Aksie 60 plus)
- KwaSiza Bantu (lidmate algemeen)



UITREIK POTCHEFSTROOM DIE NAASTE "SENDINGVELD" DALK VERDER AS DIE VERSTE STER?


Die "ver" sendingveld

'n Evangelis het eenmaal aan lede van 'n getuïenisaksie vertel van 'n sendingveld wat so ver van ons af is, dat meeste van ons maar nog skaars daarvan gehoor het.

Dié sendingveld se naam, het hy gesê, is *Ikageng*. Baie van ons het al daarvan gehoor, maar baie min van ons was al daar. Al is dit net anderkant die oorbrug, is dit vir baie van ons so ver soos die verste ster, so min kennis het ons van wat werklik daar aangaan.


Nog 'n woonbuurt wat vlak onder ons neuse lê, is *Promosa*. Hierdie woonbuurt ervaar groot nood as gevolg van sosio-ekonomiese omstandighede: Daar is groot plakkerbuurte in sy onmiddellike omgewing. Drank- en dwelmissbruik is aan die orde van die dag. Gewelddadige kom algemeen voor. Werkloosheid en gesinsverbrokkeling is algemeen.

As gevolg van die groot plakkersdorp, is daar 'n baie hoë bevolkingsdigtheid in die omgewing van *Ikageng* en *Promosa*: daar bly duisende mense per vierkante kilometer. Omdat baie van die mense van die dorp en veral van die omliggende plakkersdorp maar 'n vae godsbegrip het en dit duidelik uit hulle lewenswyse blyk dat hulle ver van die Here af lewe, kan met reg gesê word dat die naaste sendingvelde rondom Potchefstroom lê.



'n Werkkrag vir die noodsituasie

In *Promosa*, met sy skreiende maatskaplike en geestelike nood, is daar 'n kerngroep pragtige gelowiges, waarvan sommige lidmate is van die VGKSA, 'n jong kerk in die NG Kerk-familie. Hierdie gemeente was tot die koms van Ds. Van der Merwe herderloos. Tog het dit moedig oorleef! Met die koms van Ds. Gawie van der Merwe as leraar van die *Promosa*-gemeente, het 'n nuwe tydvak vir hulle aangebreek: Daar is nuwe vastigheid en ook 'n nuwe visie by lidmate te bespeur. Daar word alreeds beplan om uit te reik na die inwoners van die plakkerskampe.



Tydens ds Gawie van der Merwe se leraarskap in die gemeente – en selfs nog na sy vertrek na Australië – is sendingwerk in Okakarara, Otjiwarongo, Namibië ondersteun. Dan is daar Potch-Oos se betrokkenheid by die skoling van 245 Kerkraadslede van onder meer die NGKA Phororo. 'n Suksesvolle Kerkbankprojek is ook in Junie 2008 in die Piet-Plessis-omgewing van stapel gestuur toe drie ander NGKA-gemeentes (naamlik Tswelelopele, Morokweng en Benede-Oranje) met kerkbanke toegerus is. Ds Gerrie Lamprecht het hierin voorgegaan.

Evangeliebediening

In die eerste dekades van die Gemeente Potchefstroom-Oos se bestaan was 'n evangelisasiekommissie veral verantwoordelik om toe te sien dat kerkraadslede se kerkbesoek deurentyd bo verdenking is. In 'n stadium na 1975 was die besorgdheid dat kerkraadslede nie aan die Gemeente die voorbeeld stel nie. Ouderling J.J.L. Fourie as voorsitter van die evangelisasiekommissie was getaak om kontrole toe te pas. Ondermeer is besluit dat die voorsitter van die evangelisasie ook op die Dagbestuur sal dien om terugvoer te gee ten opsigte van ouderlinge se huisbesoeke, veral voor Nagmaal. Kort voor lank was daar 'n ontevredenheid onder kerkraadslede oor die verpligte "roukol"-benadering en die wyse van kontrole of huisbesoek voor Nagmaalgeleenthede gedoen is.

Evangelisasie deur middel van baie spesifieke verrykingsgeleenthede skemer algaande deur soos wat die jare aangestap het. Onder meer was daar in 1981 die Lidmaat-Toerustingsprogram (LTP) op Sondagaande, tot die Ontdekjou Gawes-kursus teen 2001 wat ds Gawie van der Merwe aangebied het. Kleiner verrykingsgeleenthede in wyke het ook bestaan. Om weer verder terug te kyk: Teen 1983 was daar nege Bybelstudiegroepe in Potch-Oos. In 1986 is 'n huisgodsdienprogram ook gevestig, en is wyksbyeenkomste vanaf 1987 'n kans gegee. Die rede vir meer konkrete aksies het waarskynlik ook te doen gehad met die Kommissie Ampsbediening en Evangelisasie se bevindinge in 1986:

Op 22 Oktober 1986 het die Kommissie Ampsbediening en Evangelisasie rapporteer: Die Kommissie besef dat die geestelike lewe van ons Gemeente 'n geweldige laagtepunt beleef. Ons vra die Kerkraad se ernstige voorbidding, meelewing en voorbeeld in hierdie verband.

Kerkraadsnotule, 22 Okt 1986

Dit was nie net NG-Potchefstroom-Oos wat nuut moes kyk na die geestelike wel-syn en belewing van die Gemeente nie. Landwyd was kerkgangers gedompel in 'n politieke krisis, en ekonomiese opdraendes wat algaande meer eise gestel het aan die rol en funksie van die kerk. Kort hierna het die NG-Kerk se *Kerk en Samelewing*-publikasie die lig gesien as getuie en rigtingwyser vir die pad vorentoe.

Soos die jare verby gegaan het, is wyksbyeenkomste en Bybelstudiegroepe verder getransformeer in selgemeentes om op 'n ander, of bykomende manier, gehoor te gee aan 'n gekombineerde vorm van pastorale bediening, omgee en evangelisasie in 'n kleiner gemeentegroep. 'n Veranderende kerkraadmodel na 2000 het waarskynlik hierdie bedieningsvorm verder aangemoedig.

Selgroepe en Evangelievissers

Vroeg in 1999 het ds Gawie van der Merwe en Robert du Toit belangstellendes genooi om 'n kliniek vir selgemeentes onder leiding van Marius Potgieter en Willem Badenhorst in George by te woon. Wat 'n voorreg was dit nie! Die rit in Robert se kombi, heen en terug, het al klaar gesorg vir besondere bande met ons nuwe – tot nog toe onbekende – gemeentede, wat spontaan en gemaklik gesmee is. Robert en Daleen Botha het veral vir baie entoesiasme in die aksie en die vestiging van ons eerste selgemeentes in Potch-Oos gesorg.

As koördineerder en organiseerder van ons selgemeentes, het Robert se leiding baie beteken. Ek onthou nog sy gereelde, soms onverwagse besoeke by die individuele herderleiers (d.i. die leiers van die selgemeentes) – 'n tersaaklike gesprek en 'n gebed sommer daar in die tuin of onder die lapa! Voeg hier by hierdie toegewyde ouderling se kaalvoet-en-kortbroek bywoning van die eredienste Sondae (vir stoere ouderlinge was dit iets om te verwerk!) toe hy ernstige voetbeserings opgedoen het, en jy kry 'n idee van hoe groot Robert se impak in ons en andere se lewens was.

...Die gesamentlike familiefeeste met NG-Noord en ook met VGK-Promosa het verdere besondere bydraes gelewer tot hoe Christene in Christene se teenwoordigheid groei en mekaar geestelik verryk. Met Promosa se VGK het wedersydse betrokkenheid by basargeleenthede gerealiseer en van hul lidmate het ook by geleenthede aan ons Nagmaalvieringe deelgeneem...

Inisiatiewe van der ds Gawie v d Merwe en Ico Henning het ook gesorg dat ons by die biduuraksies vir kleingroepies vrywillig en ongenooi ingeskakel het. Vroegoggend voor werk het 2 of 3 lidmate een keer per week bymekaar gekom, man en vrou in aparte groepies, en saam gebid. Die geestelike bande met onder meer Louis en Jack wat hier gevestig is, is iets wat nog steeds aangename herinneringe oproep.

Herinneringe: Roelf en Heleen van Rooyen, Oktober 2011

Teen die laat negentigerjare het ds Gawie self ook 'n selgroep gelei, terwyl vier ander selgroepe bestaan het. Ouderling Bets Marais het in Junie 2000 'n klub vir die seniorbediening gevestig vir lidmate ouer as 60 jaar wat as'tware in die gees van selgemeente-wees gefunksioneer het. Die Woemadae na 2003 het ook op die versterking van selgroepe konsentreer.

In die dae van Ds Wesley...

...Toe ons inwonertal by Tuinhuis aftreeoord (Huis Anna Viljoen) begin toeneem, het ek dadelik lede begin werf vir 'n Bybelstudie-groep. Van Huis Anna Viljoen se inwoners het dit ook gereeld bygewoon. Ds. Wesley Lamprecht het ons gelei en ons groepie het gegroei... tot 34 – 38 lede.... Verskillende leraars het met tye kom lei en het ons weer met ywer aangegaan en selfs lede van buite Tuinhuis gewerf om by aan te sluit. Na ds Stefaan se vertrek het ds Fanus Hansen oorgeneem. Ons groep het weer mooi begin groei...

Herinneringe: Martie Swanevelder, 2011

Van die selgroepe:



Vlnr: ds Fanus Hansen, Hannes Gelderblom, Piet van Rensburg, Annie Jacobs (en ander selgroeplede)



Agter vlnr: Annatjie Oberholster, Mara Cromhout
Voor vlnr: Elsa Erasmus, Annamarie Schülenburg, Elsa Coetzee, Rosa Knobel, Driekie Baird, Martie Swanevelder, Driekie Snyman

Agter, vlnr: Jordi, Langpiet Terblanché, Chrissie Blume, Kokkie en Betta Fourie
Voor: Mardine en Pieter J van Rensburg

Ander lede van die selgroep nie op die foto nie: Annie Jacobs, Louw Erasmus, Hannes en Bettie Gelderblom en Elsa Erasmus



Vlnr: Voor: Marie Strydom en Vanessa Knobel
Middel: Susan Bester, Antoinette Vermeulen, Corinne Strydom (selleier), Erna Matthee
Agter: Jan Vermeulen, Herman Strydom, Jeanette van Zyl, Jannie Erasmus, Danie Matthee



Agter vlnr: S Kotze, J Lamprecht, G Lamprecht, P Benade
Voor: K Elsenbroek en J Benade

Geborg deur: Alfred en Ralie Rossouw en gesin

'Preekwerkgroepe' 'n verrykende nuwe fase in die bediening en prediking

Die eredienste in Potch-Oos is vir my persoonlike belewenisse. Vir soveel jare het ek gedroom van 'preekwerkgroepe'. Die Gemeente het dit met entoesiasme omarm. Woensdae en Donderdae kom ek agter hoeveel ure ingesit is tydens selgroepbyeenkomste en Bybelstudiegroepe in die teks vir volgende Sondag. Die teks leef die hele week in ons harte. Die Gees spreek tot ons almal en Sondag kan ons saam hoor wat God vir ons wil sê. Ons sang is geesvervuld hartlik. Dit is heerlik om saam met Babette Viljoen, ons nuwe orrelis, aan die liturgie te werk, sy bly entoesiasties en het altyd nog 'n plan oor hoe ons 'n spesifieke lied net nog mooier kan sing.

Herinneringe (verwerk): Ds SS Hansen, 2011 feesgeleentheid en Gaatjeponder-Oos, ca Julie 2009

Die Woemadae van Potchefstroom-Oos, was in 2000 'n inisiatief deur die lidmate Roelf en Heleen van Rooyen wat op 'n toer na die Passiespele 'n gesprek met die toerleier gehad het oor hulle gemeente en wat hulle doen om gesprek en verryking te bevorder. Die uiteinde was om iets soortgelyks vir Potchefstroom-Oos te begin. Die Kerkraad was gewillig om die inisiatief 'n kans te gee toe dit op hulle tafel vir goedkeuring beland. Daarop is die Woemadae vanaf 2003 begin as 'n gereelde aktiwiteit op die jaarlikse kalender. Flip Botha en Neels Jansen het in hierdie jare baie van die organisasie op hulle geneem.

Woemadae gee dryfkrag-insigte

Die kerkraad in my tyd het al meer die behoefte aangevoel dat daar opleidingsgeleenthede vir ons Kerkraad moet wees... die begrip "Woemadag" is gebore, om ons te help woema gee! So het bv dr Theo Marais van Constantiakuin een jaar gekom om met ons te deel oor strategiese beplanning. Die geboorte van die bestuursplan het hier sy ontstaan gehad. Nou was dit nie net meer die leraars wat beplan vir die Gemeente nie: Elke Donderdagaand het hierdie drie of vier manne saam met die leraars bymekaargekom om deurlopend oor gemeentesake te praat. Ds Dirkie van der Spuy van Moreletapark het ons op 'n ander Woemadag kom leer oor selgroepe, wat definitief 'n inspuiting vir ons bestaande selgroepe was.

Herinneringe: Ds Stefaan de Jager, 2013

Tussen 2003 en 2009 is die volgende Woemadageleenthede georganiseer:

WOEMADAE

Jaar	Tema	Spreker	Plek	Uitkoms
2003	Organisasiestrukture vir die bestuur van die kerk	Dr Theo Marais	Ontspanningsterrein van die weermag (Artillerie 4)	Bestuurstruktuur van Gemeente word hersien
2004	Heilige chaos	Ds Jannie Swart	Ontspanningsterrein van die weermag (Artillerie 4)	Die Kingfisher-model kry inslag in Gemeente
2005	Meelewing en omgee	Ds Dirkie van der Spuy	Gemeentesentrum/Kerk-saal	Selgroepvestiging in die Gemeente verstewig
2006	Lewensvreugde	Dr Leon Steenkamp	Rietfontein plaas	

2007	Verantwoordelike vernuwing in die kerk	Ds Gert Cordier	Christa Galli	Die bepaling dat die Gemeente 'n Programgrootte kerk is, en bedieninge daarvolgens beoefen
2009	Watter kerk wil Potch-Oos wees?	Ds Fanus Hansen	Potch-Oos Gemeentesentrum	Sang, liedere, begeleiding en die versoek vir die voor-sangers het onder meer aandag gekry.

Teen 2011 is ander vorme van geestelike verryking verken.

Geestelike verryking in Potchefstroom-Oos kry verder momentum


Ons het in November 1998 by Potch-Oos ingeskakel. In hierdie Gemeente het ons geestelike groei beleef wat ons as egpaar nie in die vorige gemeentes waarin ons was, ervaar het nie. In al die gemeentes was ons op die kerkrade en het Heleen gereeld die Bybelstudies en vroueak-sies bygewoon. In hierdie Gemeente het ons eers die ware werklikheid ervaar dat Christene ander Christene nodig het om geestelik te groei en daarom moet 'n mens se betrokkenheid as lidmaat van 'n gemeente beslis nie beperk word tot die amptelike erdiens en die bywoning van 'n biduurgeleentheid of twee per jaar nie. Hier beleef ons die seën dat ons predikante, sedert ds De Jager se tyd, self ons Bybelstudiegeleenthede lei. Ds Hansen het ons bekendgestel aan die konsep van 'preekwerkgroepe' – gebaseer op die amptelike leesrooster wat op die kerkjaar gebaseer is – en dit spoor ons aan tot deegliker voorbereiding... Ons Bybel- studies is stimulerend, verrykend! Ons is baie dankbaar dat die Woord op hierdie wyse vir ons 'oopen-breek' word...

Herinneringe: Roelf en Heleen van Rooyen, Oktober 2011.

Die “omgee” waaroor ds Dirkie van der Spuy tydens 'n Woemadag gesels het, is prakties op etlike terreine uitgeleef. Onder meer was sosiale geleenthede georganiseer, byvoorbeeld die rolbalbyeenkoms vir lidmate in 2005, georganiseer deur Wally Kruger. Dan ook 'n eerste tennismiddag gereël deur Nico de Lange.



'n Sosiale rolbalbyeenkoms vir lidmate



Sosiale tennis

Geborg deur: Marius van Deventer en gesin

Omgewingsverfraaiing as 'n "bediening"

Van die beginjare van die Gemeente was daar altyd 'n komitee of kommissie wat pa moes staan vir die terrein en behoeftes wat van tyd tot tyd in die Kerkraad hanteer is. Algaande was daar ook individue (en soms aksies in groepverband) wat hulle oor die "tuin" ontferm het. Omgewingsverfraaiing was nooit 'n bediening nie, maar spontaan opgelê aan hulle wat 'n verantwoordelike sin en passie daarvoor gehad het. Iewers in tyd was 'n plekkie of 'n hoekie onder iemand se sorg, die tuin van ... iemand.

• **Die Tuin van**

Alom kan 1963 beskou word as die jaar waarin die NG-gemeente Potchefstroom-Oos besonder bedrywig was om sigwaarde aan die bestaan van die Gemeente te gee. Met 'n basiese kerkgebou wat bestem was om in Oktober met trots ingewy te word, het die res van die noodsaaklike wenslys gevolg om te probeer gereed te wees vir hierdie groot dag. Onder meer was dit die kerkgronde wat moes aandag kry voordat enigsins daaraan gedink kon word om matte in die kerk te installeer. Van die eerste aanbevelings wat in Augustus 1963 aangeteken is, was dat paadjies om die kerk aangebring moet word teen 'n koste van R400. 'n Randsteen langs die parkeerterrein was 'n ander behoefte en ook 'n strook wat geteer word (alles vir R600), asook die aanbring van ligte op perseel. Die Geboue en Gronde-komitee is eertyds hiermee getaak. Later het waterpompe en boorgate bygekom. 'n Derde boorgat is in 1973 gesink teen 'n 68-voet (sowat 20.7 meter) diepte. Bome is toe ook aangeplant en ouderling CGV Botha was daarvoor verantwoordelik. In ouderling WJJ van Rensburg se voorsitterskapstermyn het die Eiendomskommissie aandag gegee aan die omheining van die Gemeentegrond. Boompies is ook teen die noordelike grens aangeplant.

Reeds vanaf 1971 het ds Labuschagne se vrou Marietjie teen R10 00 per maand na die pastorietuin (en waarskynlik ook die kerktuin) omgesien. Diaken P Le R Rossouw het in hierdie tyd sy hulp aangebied om die tuin te beplan.

Femke Krüger skryf oor Marietjie Labuschagne:

Sy is 'n wonderlike innemende mens en was vir ons 'n wonderlike inspirasie en voorbeeld. Sy het ook gekyk na die pastorietuin en later ook na van die beddings in die kerk se tuin. Die rooi malvas was haar trots en toe ds Labuschagne oorlede is en sy weggetrek het, het ek belowe om mooi daarna te kyk. Later het ons van hulle oorgeplant by die muur aan die noordekant van die kerk. 'n leder en 'n elk wou 'n steggie hê en sommige het net gepluk, en so het hulle mettertyd verdwyn. Omdat daar op daardie stadium nie iemand belanggestel het in die tuin nie, het ek met die toestemming van die kerkraad beddings netjies gemaak en heelwat plante van my tuin op die plot oorgeplant. Dit was vir my heerlik om plantjies te plant en omdat die ou besproeiingstelsel nie gewerk het nie, is daar 'n paar tuinslange aangekoop.

Ons het 'n ma-en-dogter-roosplantdag gehou en vir 'n hele paar jaar was daar pragtige wit rose voor die kerk. Met die doringbome wat al groter geword het, is dié ook toe vervang. Meer gemeentelede het begin belangstel en heelwat nuwe idees is gebore.

Herinneringe: Marietjie Labuschagne, 2011

Nadat mevrou Labuschagne die Gemeente in 1987 verlaat het, het Femke en andere hulle oor die Gemeente-tuin ontferm:



Femke se tuintjie



Danie se gedenk tuin



*Magde se
vetyplanttuintjie*



*Kobus en
Petro se tuin*



Agnes se deel



Geborg deur: Peet Oberholster en gesin

Die plant van 101 broodbome in vroeg 2011 was 'n groepsinisiatief, en vir 'n baie bepaalde doel: Dis die 50ste feesjaar!

101 broodbome ... vir Oom Piet

'Manne, ons moet iets aan die kerk se tuin doen vir die feesjaar'. Dit was die wens van oom Piet Nortjé tydens die vleisverwerking in Augustus 2010. Niemand het kans gesien vir die taak nie want die kerkterrein is sowat 1,32 hektaar groot en hoe kikker jy so 'n groot tuin binne 'n paar maande op!

Kerstyd 2010 sit ek op die stoep van my vrou se niggie se huis op hul plaas in Nelspruit en staar oor haar pragtige kwekery vol broodbome. Oom Piet se woorde kom by my op en hier lê die antwoord voor my – kom ons simboliseer die "Brood van die Lewe" met 'n tuin vol broodbome! Een vir elk van die 50 jaar van ons gemeente se bestaan (dit was die mikpunt), maar gaan die gemeentelede so 'n projek steun want broodbome is nie goedkoop nie.

Die reaksie van die Gemeente was bo verwagting. Eerstens betrek ons vir Magda van Rensburg om te help want sy ken mos van tuinuitleg en sy kán opdragte gee. Die gemeentelede koop bome, skenk geld vir kunsmis en Anton van Rooyen laai sommer 'n paar maande se voorraad 2:3:2 by die tuinstoor af. Die mikpunt van 50 bome word gou oortref en my bors kry sulke steekpyne – wie gaan die gate grou vir al die bome? Die kerk se grond is klipperig en hard en als sal in een dag gedoen moet word!

Maar 'n boer maak 'n plan. Gerrit Dippenaar en Bubé Pienaar bring 'n trekker en boor en grou die gate binne 'n dag. Janneman van der Merwe bring sy span werkers en saam met die groep op die foto maak ons oom Piet se wens waar en plant 101 bome op Saterdag 29 Januarie 2011 onder Magda se bevel. Ek het net gekyk en wors gebrui.

Ons wonder wie die klein broodboompie geskenk het: dit is vir ons 'n simbool van die arm weduwee wat haar alles gegee het. Dankie aan almal wat op een of ander manier by die projek betrokke was.

Herinneringe: Louis Botha en Magda van Rensburg, 24 November 2011



Tuinwerkers Enoch Marongo en David Siko wat teen 2011 in diens van die Gemeente was





101 broodbome is op 29 Januarie 2011 geplant



“Oom Piet se broodboom” geplant ter ere aan die inisieerder Piet Nortje, wat ‘n dag voor dié groot geleentheid, op 28 Januarie 2011, oorlede is



Geborg deur: Wallie en Alida Kruger

6

Jeugaksies en -bediening 1961 – 2011 (deel II)

Alle jeugaksies het nog altyd ten doel gehad om die jeug te skool in die Woord van God, en as'tware 'n eienaarskap by hulle te ontwikkel vir hulle ruimte en bydrae in kerkwees (sosialisering met medegelowiges, evangelisering en 'n sending-bewustheid). Soos ander gemeentes, beskik Potchefstroom-Oos ook oor 'n ryk geskiedenis van jeugaktiwiteite. 'n Voëlvlugblik in die 50 jaar van bestaan word in die volgende dele gegee.

- **Kinderkrans-, Sondagskool en Katkisasiedae**

Die jeug van die sestigs

Die koshuiseuns van onder meer die Hoër Tegniese Skool en ook die eertydse Handelskool was reeds in die stigtingsjare van Potchefstroom-Oos as doop- en belydende lidmate bedien. Aanvanklik het die Moedergemeente die finale belydenisklas hanteer, maar reeds in Julie 1961 is besluit dat die nuwe dominee AC Viljoen, sal oorvat. Ds Viljoen deel in 1963 sy kommer dat 'n klompie jongmense kerkafvallig is en nie die erns van belydenisaflegging besef nie. PG de Beer was kort na afstigting van die Gemeente benoem as algemene sekretaris van al die Sondagskoolklasse en Katkiserende jeug.

Geestelike bedieninge (Sondagskool, Katkisasie en Bybelstudie) was by die Hoër Tegniese Skool ingestel, en so word ook melding gemaak van Sondagskoolbedrywighede by Vyfhoekskool met diaken OJ Victor aan die spits van die Gemeente se jeugaksies. Die eerste katkisasiemeesters vanaf 1961 – 1962 was mnre DC Klopper en RW Mills, asook mevrou EA Koen. Nege ander gemeentedele het hulle bygestaan, terwyl sowat 10 lidmate met die Sondagskoolaktiwiteite gehelp het. Benevens Vyfhoek, was daar ook katkisasieklasse in Vyfhoek-Suid; Klipdrift, Klipdrift-Noord en Hartebeestpoort. 'n Vrywillige Bybelkenniseksaamen was in die 1960's jaarliks deel van die Sondagskoolverrigtinge vir kinders vanaf grade 4 tot 7, asook die katkisante (grade 8 tot 11). Tot Februarie 1966 is die skoliere van die Hoër Tegniese Skool om 17:00 deur die gemeente met 'n volwaardige erediens bedien. Hierdie gebruik het daarna weggeval en die Skool is aangemoedig om ander reëlins te tref.

Teen 1970 was JA de Beer die Sondagskoolhoof. In hierdie jaar is 49 belydende katkisante bevestig. Dit kom voor asof die handjievool Kerkjeugvereniglede (KJV)

in hierdie stadium taamlik aktief was. Fondsinsamelingsaktiwiteite om hulle aksies te borg is gereeld in kerkraadsvergaderings ter sprake. Hulle kon ook dan op 'n gereelde basis peil trek op 'n verdere donasie van R50 deur die kerkraad.

Kinderkransdae en Sondagskool soos van ouds

As pasgetroude paartjie het ek en Theuns in 1969 in Potch-Oos gemeentelidmate geword. Ons het in Mooivallei op 'n plot gebly en ons vier kinders is almal gebore en gedoop in ons gemeente. My dogter Monica is toe ook vanuit die kerk getroud. Vir jare was ek eers betrokke by die Kinderkrans wat vir my 'n blote plesier en voorreg was omdat onder andere my eie kinders ook almal op 'n stadium daar was. Toe ek gereeld op kraamverlof moes gaan het die omgewing se kinders sommer op 'n Woensdagmiddag na ons huis op die plot gekom. Op daardie stadium was daar gedurende die ere-diens niemand om te kyk na die kleuters nie. Ons het toe 'n klompie ma's bymekaar gebring en beurte gemaak om na hulle te kyk – toe in die bo-vertrek wat bokant die konsistorie geleë was. Dit was ook op daardie stadium die kerkkantoor. Daar was toe nog nie 'n saal nie. Een Sondag terwyl dit my beurt was om na die kleuters te kyk het ek soos gewoonlik 'n storie vir die kinders gelees, saggies liedjies gesing en 'n gebed gedoen. Een van die kinders het 'n bal gebring en nouja, hoekom nie so 'n bietjie bal speel nie? Vir eers is die bal net gerol en toe laat wip en gegooi vir mekaar. Dit was nie lank toe hoor ons sulke swaar voetstappe die trappe opkom nie. Dit was 'n baie ernstige oom ouderling wat kom hoor het wat aan-gaan. Die doef-doef van die bal se wip was hoorbaar in die kerk en almal het gewonder wat dit was. Ons het dit toe liever nie weer gedoen nie! Daarna het 'n behoefte ontstaan vir kinders van St 4 en 5 [grade 6-7] (wat te groot was vir die Kinderkrans) om as 'n groepie bymekaar te kom. Ek noem dit toe "Aksie 4 + 5" wat in die aande na die ere-diens bymekaar gekom het in die kamertjie langs die huidige kerkkantoor. Nie besef hoe verskil seuns en dogters se behoeftes op daardie ouderdom nie. Geweldig interessant en die kinders het baie vrae gehad om te vra. Baie keer verskil ouers in dit wat hulle sê en doen en die kinders is verward. Ek het ook die aand se preek vereenvoudig en tienersake met hulle bespreek. Dit was vir my 'n groot voorreg om die kinders te begelei in hulle geestelike lewe. Dit was vir myself ook tot groot seën...

Herinneringe: Femke Krüger, 2011

Ds Pieter Conradie se vrou Anna het vanaf 21 Januarie 1976 as voorsitster van die Kinderkrans gedien. Die eerste Kinderkransgeleentheid is toe gehou. Vanaf hierdie jaar is moeite gedoen om hierdie groepie behoorlik op dreef te kry.



Mevrou Anna Conradie by 'n kinderkransgroepie in 1983

- **KJV, SKJA & BKJA**

Op 20 September 1961 is die eerste Kerkjeugvereniging van gemeente Potchefstroom-Oos gestig. In die kerkraad is genoem dat die jong mense ywerig is en “groot dinge” van hulle verwag word.

Eerste KJV-bestuur

Voorsitter: Mnr PJ Stassen

Vise-voorsitter: Mnr J van Wyk

Sekretaresse: Me Kitty Lemmer

Tesouriere: Me Johanna Broekhuizen

Sondagskool is Sondagoggende in die ou Vyfhoek laerskooltjie gehou, terwyl katkisasie in die klaskamers van Hoërskool Tegnies aangebied is. In weeksaande was die Belydenisklas ook by HTS ontvang waar ds Viljoen hulle onder hande geneem het.

‘n KJV is gestig en my suster, Kittie Lemmer, was die eerste voorsitter wat Dinsdagaande by die Tegniese Skool in een van die klaskamers vergader het.

Herinneringe: Hannes Lemmer, 2011 (aangepas)

‘n Groepie KJV-lede het in 1963 begin met die organisasie van Sondagskooltjies vir swart kinders op plase.

KJV Sendingsondagskool vanaf sestigerjare

Sondagmiddae het ons op ‘n plot op Elandsheuwel, op die Modderdampad, Sondagskool vir swart kindertjies gehou. Daar was twee tolke wat om die beurt elke Sondag kom tolk het. Sal ek ooit my eerste gebed saam met ‘n tolk vergeet! Ek het begin en alles gaan goed. Ek bid paar woorde, die tolk doen sy ding en dan haak ek vas en maak so ‘n geluid en daar tolk die man wragtig ook die geluid! Toe is die wind skoon uit my seile. Vinnig is daar by die amen uitgekom!

Herinneringe: Hannes Lemmer, 2011

Bron: earthstone.com

Tertius op die “preekstoel” in die Sondagskool



Ons het gereeld KJV-kampe gehou by Boskopdam onderkant die wal, later by ons eie kamp-terrein op my pa se plaas met die tradisionele kampvuurkonsert op Saterdaggaande. Die KJV van die sestigerjare was 'n op-en-wakker groep.

Herinneringe: Hannes Lemmer, 2011

Ons ouers, Frans en Myrtel Badenhorst, en ons dogters het elke diens bygewoon. Pappa was jare in die kerkraad en Mamma het in die koor gesing. Sondae is daar altyd by die pastorie tee gedrink, grootmense binne by ds en mev Viljoen, en ons jongklomp buite op die gras. Ons het aan die SKJA behoort, en het gereeld bokant die konsistorie byeen gekom. My suster Rina was lank die sekretaresse. Die Junior KJV het Vrydagmiddae by die kerk vergader en het uit hoërskoolleerlinge bestaan.

Herinneringe: Japie en Annatjie Cronjé



Boskop Dam, Department of Water Affairs and Forestry

Die Boskop Natuureservaat

Bron: www.parksnorthwest.co.za/boskop/

Senior KJV in 1968: Vlnr: Tertuis van Zyl, Bets Cronje, Cules Delport, Hannes Lemmer



Junior KJV in 1968: Vlnr: Carl Campher, Elize van Rooyen, Jakkals Herbs, Hettie Dupper, Kobus Kirstein

'n Nuwe Sondagskoolstelsel soos deur die Algemene Sinode bepaal, is vir 1972 beplan. Die nuwe stelsel, so is gesê, sou baie meer klem lê op Bybelse geskiedenis as openbaringsgeskiedenis van "God se Wil en Plan" met die mens. Toe al is ook besef dat lesse meer by die kind se ontwikkelingspeil moet aanpas en dat die Sondagskool voortaan in ses aparte groepe volgens ouderdom en aparte leerplanne ingedeel sal word. Verder is deur die Sinode bepaal dat die katkisantajaar vanaf ouderdom 12 moet begin (die ou std. 5/huidige Graad 7-jaar). Omdat dit onprakties sou wees om hierdie leerders by die kategesebedrywighede van die Hoër Tegniese Skool in te skakel, is hulle vir eers by die byeenkomste van die Sondagskool gehelp.

Soveel gewillige hande en voete het oor dekades heen onder die jeug gearbei. Om maar hier en daar 'n naam te noem: In 1976 was daar Titia Ballot, Ernst Breet, Jan van Niekerk en Manie Taute by die Hoër Tegniese Skool en Ferdinand Postma.


Voorts was daar gedurende die sewentigerjare gereeld 'n wipplankryery oor kategesetye. Skoliere van Hoër Tegnies is selfs 'n tyd lank deur die skool verbied om Sondagaande se ere-

dienste by te woon, omdat dit kontrole by die koshuis 'n onbegonne taak gemaak het.

Ouderling CH (Hentie) Boshoff was teen 1972 – 1973 die Kategesehoof. In Augustus 1973 is gerapporteer dat sowat 94 nuwe lidmate toegevoeg is toe hulle belydenis van geloof afgelê het. Ouderling W Mouton het vanaf 1974 die verantwoordelikheid as kategesehoof op hom geneem. In hierdie jaar (ook in Augustus) is 77 nuwe lidmate aan die Gemeente voorgestel.

Teen einde 1974 is besluit om die hoofbelydenisaflegging te skuif na die November Nagmaal (benewens die drie ander moontlikhede per jaar) en dat die indeling van die Junior en Senior Kategese ipv Junie na 31 Desember verander. Hierdie besluit is weer in 1975 heroorweeg met ds Conradie as dienende Jeugleraar. Die belydende lidmate was toe merendeels sy verantwoordelikheid. Ouderling PJ Nortjé het in 1978 hiermee gehelp. Andermaal, in 1981, het die maand van Belydenisaflegging verander na 'n Algemene Sinode besluit in dié verband. Toe is bepaal dat in Januarie tot vroeg Februarie in die daaropvolgende jaar 'n beter tyd is om te verseker dat die Belydenisgroep 'n volle jaar katekiseer.

Hiermee 'n profiel van die jong belydende lidmate wat jaarliks 'n belydenis van geloof afgelê het:



Denise Crous en Hester Nortje as kampkokke

Jeugkampe in ds Conradie se tyd

Die goeie geloofsekuriteite van jeugkampe met die Conradiepastoriegesin was absoluut die NG Kerk JARE vooruit. Ons het gekamp langs die Vaalrivier, blitskrieket gespeel en gejol dat dit bars ... in die jaar 1978 het ons al kinder- omgeegroepes geniet! Roereiers en spek met 'toast' was die stapelvoedsel. So het ons stadig maar seker die nes op Potchefstroom verlaat. 'n Veiligeplek met kommerlose KJV aande van Sondagaande huis toe stap...

Herinneringe: Ds Jan Heenop van Stilbaai (oud-lidmaat), Oktober 2011



'n 1976-Staptoer met ds Conradie

Gedurende ds Conradie se eerste jaar van bediening in die NG-Potchefstroom-Oos-gemeente (1975) is etlike jeugkampe en staptoere georganiseer, selfs 'n Kerkraadkamp in Augustus van daardie jaar, asook 'n kamp vir gesinne van Kerkraadslede in Oktober. Die naweke wat ds Conradie tuis was kon seker op een hand getel word. Sy aktiewe jeuwerk het daartoe gelei dat die Kerkraad vanaf 1976 twee plaaswyke waarvoor ds Conradie onder meer verantwoordelik was, aan ds Labuschagne oorgedra het sodat die Jeugwerk nie skade lei nie.



Die 1976-belydenisklas van NG-gemeente Potchefstroom-Oos... en die jong Conradies wat dit ook geniet!



Willem en Louise Schoombie – twee altyd-gewillige helpers tydens voetslaangeleenthede – geniet die Blyderivierspoort



Ds Conradie met katkisanter vir 'n naweek in die Suikerbosrante, ca vroeg-tagtigerjare



Die belydeniskamp, Viljoenskroon, 1975

Baie van my werk in Potch-Oos is aan jongmense gewy. Daar is twee skole in die Gemeente. My samewerking met dr Jim Cameron van HTS sal altyd 'n hoogtepunt bly. Hy was 'n hoof soos die onderwyser in die film 'Dead Poets Society'... My taak in die Gemeente was o.a. die jongmense in HTS en F Postma. Twee aande in die week het ek 'n belydenisklas gehad. Met die manne van die HTS moes jy jou storie ken anders gee hulle nie aandag nie. 'n Paar van hulle het gereeld laat gekom. Na mooipraat en waarskuwings het twee ... op 'n keer weer laat opgedaag. Dis toe wat ek my leiband afhaal en elkeen drie van die bestes gee! Ek het die volgende dag 'n oproep van mnr. Jim Cameron, die hoof, of van die seuns se ouers, ver wag. Dit het ongelukkig nooit gebeur nie! Vyf-en-twintig jaar later het ek een van hierdie seuns in die Kolonade-winkelsentrum in Pretoria raakgeloop wat my kom groet het. Blykbaar het die roede wat nie 'gespaar' is nie darem nie skade gedoen nie.

Herinneringe: Ds Pieter Conradie, 2011



Staptoergroep van ds Conradie na Blydepoot

'n Ander historiese klemskuif rakende die jeug is in November 1975 deur die Kerkraad goedgekeur, naamlik die sitting op die Kerkraad van twee jeugdiakens, onder leiding van ds Conradie. Jeugdiakens Bennie Smith en Alwyn Bester is verkies uit die HTS-koshuise se twee pas-gevormde "gemeentewyke", onderskeidelik vir Uniehuis en Fickhuis. As jeugdiakens het hulle ook reg op deelname in die Jeugkommissie verkry. In 1978 is ook vermeld dat die Gemeente 'n jeugorganiseerder finansiële gedra het.



Die versindheid van die kerkraad dat daar toe reeds 'n Jeugkerkraad was, het my geweldig beïndruk. Ek het geleer dat jongmense so gou moontlik vertrou en verantwoordelikheid gegee moet word in die Kerk van Jesus Christus. Sal die Here altyd dankbaar wees oor die wonderlike groeityd wat ek as jong student kon hê.

Herinneringe: Ds Jurgens de Jager, Admissiestudent in diens van Potchefstroom-Oos, 1976-1979

In 1977 is 'n tak van die Belydende Kerkjeugaksie (BKJA) vir werkende jong mense in NG-gemeente Potchefstroom-Oos gevestig. Die voorsitter daarvan in 1986 was Jan Heenop. Sondagskool en Kategese in hierdie tyd was bekend as die junior en senior kategese. Die jarelange arbeid van ouderling Willie Mouton in die junior kategese is genoem.

Die gemeente se jongklomp het dikwels saamgetrek op Hennie en Marie Lemmer se plaas. Daar is kompetisies en speletjies gereël en Hannes Cronjé en Hennie Lemmer kon ons soms ure vermaak met hul konserthouery. Ons het dit baie geniet!

Herinneringe: Marietjie Labuschagne, 2011

Staptoere met die jeug vanaf 1987 was volop. Nog in hierdie jaar het ons groep die Lekgalemeetse Wandelroete gaan stap, in 1989 die Wolkeberge, daarna in 1990 die Blyderivierspoort en die Swartberge. Enkele jare later was dit in 1995 Duiwelskloof en by verskeie geleenthede Venterskroon en ander mooi (dag)roetes.

Herinneringe: Ds Wesley Lamprecht, 2013

- **'n Toenterlydse “konsertbediening” vir senior lidmate**

Dit kom voor asof die teenwoordigheid van spitsvondige jong leiers se inisiatiewe, onder meer die Lemmers, in die jeug se kerkaksies een van die groot redes is waarom dié klomp van die jare sestig en sewentig beskryf word as 'n op-en-wakker-spulletjie. Konserthouery was 'n groot gunsteling, en so af en toe het hierdie “bediening” ook pad gevat na Huis Anna Viljoen (na 1971). Hannes Lemmer onthou:

Met 'n verskeidenheidskonsert by Huis Anna Viljoen het ons 'n bandmasjien geneem en die kenwysie van 'Vir Oupa en Ouma' wat Vrydae 12 uur oor die radio uitgesaai word, opgeneem. My broer, Cronjé, was die 'omroeper' en hy het my as oom Kerneels van Loggerenberg voorgestel. Ek het die volgende storie in 'n oumens gemaakte stemmetjie vertel:

'Ek en my oorle broer Jakobus het gaan wild skiet daarbo by Ellisras. Ons het vroeg opgestaan en plek ingeneem op 'n koppie nie ver van 'n watergat. Ons lê en wag vir die wild om water te kom drink. Skielik stamp oorle Jakobus aan my, wys vir my dat daar 'n pragtige koedoe op pad water toe is. Ons hou die bul dop en dié kom rustig water suip. Ek stamp aan oorle Jakobus en wys dat daar 'n leeu besig is om die bok te bekrui. Ons lê nog so toe sien ons 'n ander leeu bekrui die bok van die anderkant af. Die bok staan rustig en water suip en weet van geen gevaar nie. Meteens besluit die twee leeus om gelyk na die bok te spring. Die bok was te rats en spring weg en die twee leeus spring in mekaar vas. Die een leeu is so kwaad vir die ander een dat hy na hom hap. Julle sal my nie glo nie, die ander leeu laat nie op hom wag nie en byt terug. Hulle vreet mekaar op dat net die twee sterte oorgebly het.'

'n Ou tannie wat aandagtig na die storie geluister het, het hier teen die einde op haar skoot geklap en kliphard gesê: 'Nou lieg jy!' Ek en Cronjé het agter die bandmasjien ingesak en ons byna pap gelag!

Ons jong klomp (KJV) het gereeld ou Kersaand by ouermense in die gemeente kersliedere gaan sing. Ons het 'n vragmotor gekry, almal agterop en daar gaan ons. By een van die geleenthede het ons 'n vragmotor gekry wat aan die brand gestoot moes word, om alles te kroon was die knaldemper ook nog stukkend. Die vragmotor is so 'n ent van die betrokke huis afgeskakel en het vry geloop tot by die huis. Ons het 'n paar liedjies gesing, die meisies het op die vragmotor gebly, terwyl die jong manne die vragmotor met die vrag meisies aan die brand moet stoot. As die vragmotor aan die gang kom, spring almal op en daar gaan ons met die stukkende uitlaatpyp en al. As die mense nie wakker geword het van die sang nie was hulle beslis wakker van die donderende lawaai van die vragmotor. So teen 02:00 die oggend word daar waatlemoen geëet en koffie gedrink. Almal jaag huis toe net om gou te gaan regmaak vir die Kersdiens wat 06:00 begin...

Herinneringe: Hannes Lemmer, 2011



'n Jeugdige Hannes Lemmer

In 1986 was Douw Vorster die leier van die Junior Kerkjeugaksie.

KJA het die kerk se dam versier met akrielsketse van die skeppingverhaal. Dit was jare daarna nog duidelik en was iets waarop ek baie trots was.

Herinneringe: Wesley Lamprecht, Sept 2013

Teen 1991 was CA van der Walt as hoof van die Kategese benoem. 'n Besorgdheid in hierdie stadium was dat kinders se kerkbywoning net sowat 75% is. Hierdie negatiewe tendens was geensins 'n afskrikmiddel of 'n "moedeloosmaker nie". Etlike helpers onder die senior en junior lidmate het toegewyd hulle kant gebring om die jeug geestelik te versterk. Teen 1995 was dit Renier Janse van Rensburg wat as Kategesehoof leiding geneem het, gevolg deur Barend Botha.


In Mei 1993 verleen die Kerkraad goedkeuring aan die vestiging van 'n Kleuterkerk. 'n Mevrou Wilken het die projek koördineer.

Die lekkerste belydenisklaskamp wat ek waarskynlik ooit beleef het, was in 2001, toe ons groep katkisant (en die "oumense") saam die Venterskroon Kruinroete gaan stap het. Eskapades was daar natuurlik ook, soos Johann (die dominee se seun, natuurlik) en 'n maat wat glo "verdwaal" het. As straf moes hulle al die ander se skottelgoed was.

Herinneringe: Ds Wesley Lamprecht, Sept. 2013

JEUG IN DIE TAGTGERJARE

BELYDENIS VAN GELOOF-GROEP CA. VROEG-TAGTGERJARE



JEUG KERKKAMPE



DS WESLEY HELP KOSMAAK, BELYDENSKAMP 2002



DS WESLEY BESIG MET DIE JEUG BY KERKKAMP



HOË PLESIERIGHEID OP DIE 2002 BELYDENSKAMP



S STEFAAN DE JAGER BY BELYDENSKAMP, 2001



KERKKAMPKRIEKET!

- **Die kerk en jeug van die 21e eeu**

Dit is asof die Kerk en die jonger ouers van die NG-gemeente Potchefstroom-Oos die dekades voor en na die draai van die 20e eeu, meer veeleisend beleef het met die jeug van die tyd as jare tevore. 'n Era van beleef: visueel, prakties, dinamies en akkommodierend in alle opsigte, het aangebreek. Hersiene, meer-vir-die-tyd-ontwikkelde geestelike inhoude vir die jeug het verskyn waaraan jeugleiers en die jong en senior kategete blootgestel is. In die gees van 'n nuwe manier van doen,



is kinderkerke begin en 'n kleuterkerk ook ontwikkel. Dit was die jare van die Paidion-kinderbedieningsvernuwing en van die senior kategeese wat op eksperimentele basis oorgeskakel het na die Kruislogika-model, wat ook baie aan die Modkatsprogram herinner. Die tradisionele styl van kategeesebediening is teen 2009 nagestreef met vol-



wasse raadgewers as mentors vir sinvolle gesprekke in kleingroepe. Die tyd sal leer of hierdie vernuwing 'n tree vorentoe is.

Sosiale, geestelike en sendinguitreike van die JKJA, soos teen 2003, was steeds sigbaar en as prettig sowel as bevredigend beleef. Om 'n hawelose in Ikageng te help huis opsit nadat 'n brand dit verwoes het, of om saam met senior lidmate in Huis Anna Viljoen Nagmaal te hou, of om sommer maar net sosiaal as byvoorbeeld 'boemelaars' uit te haak, het bygedra om brûe te bou in gemeenteverband. Dit is gedoen tussen LAN-partytjies (virtuele rekenaarspeletjies) deur.

Tradisionele maniere van doen, het nie heeltemal in onbruik verval nie. Kinders het steeds erg gehad aan die eindjaar afsluitingspiekniekgeleentheid wat 'n verskeidenheid van vorme aangeneem het. Getroue of gereelde bywoning van kategete-geleentheid is steeds aangemoedig en soms bespreek, maar 'n meer sagtehand-benadering waarin die jongeling se persoonlike omstandighede in ag geneem is, was ter sake. Getrouheidsertifikate teen jaareinde was en is teen die half-eeufees steeds 'n vorm van aansporing vir kategete om byeenkomste gereeld by te woon. Jarelange lidmaat en ouderling, mnr Hannes Gelderblom, was in 2005 die leier kategeet: 'n Taak wat Flip Botha teen 2008 op hom geneem. Ds Fanus Hansen het in hierdie jaar sy eerste belydenisgroep in Potch-Oos onderrig. Dit was 'n jaar met 'n tikkie andersheid, soos baie ander fasette van die Gemeente.

Belydenisaflegging met 'n verskil. Die belydenisklas van 2008 gaan later vanjaar voor die Gemeente staan en een vir een belydenis van geloof aflê. In plaas daarvan dat ons dit as 'n groep doen, sal elkeen sy eie stuk voorberei oor sy geloof in die Drie-enige-God en dit dan hardop voor die gemeente bely ...

'N PANORAMA BEELD VAN DIE JEUG, 2008-2011: SO WORD ONTHOU:

Kidz @ 



KAMPTYD EN SPEELTYD!



CANOPY TOER 2008



Geborg deur: Annemarie Schülenburg

JEUGKONSERT 2009



Geborg deur: Fanus en Tessa Hansen en gesin

OUPA EN OUMA DAG



BELYDENSKLAS 2011



Henrico Lazenby, Melissa Jansen, Karen Engelbrecht, Anchen Liebenberg, Melissa Combrink, Ruan Viljoen, Marco van Vuuren, Alfred Rossouw, Lyndan Schutte, Corné Munnik, Ds Fanus Hansen

Ek is baie trots op ons jeugwerk, die KIDZ@ is baie goed aan die gang. Tania Louw help ons deesdae met die musiekbediening en daar is 12 dames en 'n hele aantal tieners wat help met die bediening van ons klein kinders. Die tieners geniet die aanddienste wat ook dien as kategeese. Tania help ook in die aande daar, en die geleenthede groei. Dit is inderdaad 'n voorreg om dit saam met ds Jackie van Rensburg van Bult NG-gemeente te mag aanbied. Die feit dat ons die tiengroepe saamgegooi het, maak dat dit net hartliker is. Persoonlik dink ek ons kort 'n goeie nadink oor ons totale jeugwerk, met die oog op die volgende 50 jaar.

Herinneringe (verwerk): Ds SS Hansen, 2011 feesgeleentheid



Geborg deur: Ernst en Mariske Drewes en gesin

7

2011– Feestelikhede en nuwe uitdagings

- **Soveel beplanning, soveel aksies!**

Om 50 jaar van bestaan te vier, verg tyd, beplanning, spanwerk en geld. Die meeste aksies van 2011 het hierdie groter doel in gedagte gehad in alles wat georganiseer is. Die “kersie-op-die -koek”-afteldag was 4 September. Voor dan moes 'n hele paar fondsinsamelingsgeleenthede ondersteun word as deel van die jaarlikse feeste van dank en genade. Die volgende grepe herinner aan NG-Potchefstroom-Oos se halfeeueverrigtinge, en aan besoekers, oud-predikante, oud-lidmate van oral oor, asook aktiewe lidmates wat deel was van hierdie spesiale geleentheid en jaar.

◇ *Van die Wintermark, na die Basaar, en soveel ander mondvul sosiale pret in 2011!*

Die Wintermark in 2011 was 'n eerste. Anneke van Schalkwyk, Annemarie Kleingeld en hul spanne het leiding geneem. Dit is 'n geleentheid wat ingegraveer is in die sosiale kalender van Potchefstroom. Die kuieraande is heerlik, en bewys dat Potch-Oos heerlik gesellig kan saamkuier (soos in die pioniersjare van ds AC Viljoen). Piet Dreyer en sy spanne is sinoniem met die voorbereiding van smaaklike kos.

Herinneringe (verwerk): Ds SS Hansen, 2011 feesgeleentheid

◇ *Gholfdagorganiseerders...*

'n Jaarlikse gholfdag in Augustusmaand, om addisionele fondse (en vanaf 2007 as deel van die groter Dankfeesaktiwiteite) in te samel, is in 2000 begin as 'n wykspoging. Sedertien is Anton van Rooyen, Marius Liebenberg, Nico van Eck en Kobus Venter by dié dag betrokke en in 2011 was Flip Botha ook verantwoordelik.



Agter vlnr: Flip Botha, Anton van Rooyen, Nico van Eck
Voor: Ronél Botha en Hanneltjie van Rooyen



Pretloop, 2011

- **Die oomblik breek aan ...**

Dit is 2011. Tipies in 'n koninklike aard, nooi die gasheer die gaste uit na 'n mylpaalfees wat anderdag nuwe toeskouers en lidmate sal prikkel. Wat vorentoe herinneringe sal wees van gewillige en passievolle arbeiders in Sy oes:

Die 50 jaar Gedenkfees lê voor die deur. Almal is gereed, die braaiers vir die spitbraai onder leiding van Piet Dreyer staan gereed; Gerhard Dippenaar het by skoonpa Piet oorgevat by die vleisetafel en daar gaan weer eens hard gewerk word, ons gaan heerlik basaar hou by vele tafels en stalletjies, Johanna Müller se poedingtafel is 'n "moet besoek", Magda van Rensburg se koektafel gaan kreun onder die gebak, die Rotmans se brood en beskuiettafel is altyd 'n wenner, Annemarie Kleingeld is weer die restauranteer, Mariette Jacobs gaan 'n glimlaggie op elke suikerbekkie plaas, Femke Krüger het weer die heerlikste kerrie laat maak by Mr Salad, Marieta Dreyer verkoop hoender- en bees-sosaties, Johannes Benade hanteer die speletjies om die kerk, Lynette Marais het haar pannekoektafel gereël voordat sy Amerika toe is, Louis Botha smous die feeswyn (teen 'n donasie) en vir Sondagoggend na kerk staan Annalet Rönchen se gasvryheidsbediening gereed met tee en koek, ... die koor is reg, die gras is gesny, die rooi tapyt is uitgerol, die stoep is gepoleer; die mure is geverf, ... en die gaste daag op... Dit is 4 September!

◇ ***Van die gaste:***



Ds Eljam Vosloo: Voorsitter Ring van Potchefstroom (en leraar van NG-Vyfhoek-gemeente)



Ds Jackie van Rensburg: Predikant Sinodale Bediening, NGK-Wes-Transvaal

SEËNWENSE VIR DIE NGK POTCHEFSTROOM-OOS

Ons dank die Here vir julle en julle leiers se besondere plek in die Wes-Transvaalse familie van NG Kerke oor 50 jaar van genade.

Om te dink dat julle met ons is uit die tyd toe ponde, sjielings en pennies rand en sent geword het, toe Suid-Afrika 'n Republiek geword het. Ons het opgemerk hoe julle oor die jare gedien het, maar net die ewigheid sal openbaar hoe julle al 'n verskil gemaak het. Veral omdat julle vir soveel jongmense 'n lanseerbasis in die Koninkryk was. En dit, terwyl julle besondere leiers op elke terrein van kerk en samelewing geestelik versorg het. Ons eer julle vir die leiers wat julle met die sinode gedeel het. Dankie vir elke offer wat gebring is in Potchefstroom en Suid-Afrika.

Ons glo dat die beste nog vir julle voorlê. Mag julle die genade ontvang om telkens die Here se mense met die Blye Boodskap te bedien. Vars en eietyds. Mag julle 'n soos die stad op die berg wees wat 'n baken vir kerk en samelewing is.

Jackie van Rensburg

Predikant Sinodale Bediening - NGK Wes-Transvaal

13 Mei 2011

GELUKWENSING MET DIE VYFTIGJARE FEESVIERINGE VAN DIE NED. Geref. GEMEENTE POTCHEFSTROOM-OOS VAN DIE NED. Geref. RING VAN POTCHEFSTROOM

Die Ned. Geref. Gemeentes van Potchefstroom en Ventersdorp - Potchefstroom-Moeder, Mooirivier, Miederpark, Suiderkruis, Potchefstroom-Wes, Potchefstroom-Noord, Vyfhoek, Grimbeekpark, Ventersdorp-Moeder en Ventersdorp-Oos - wens graag die gemeente Potchefstroom-Oos hartlik geluk het hul vyftigste bestaansjaar. Dit is 'n baken van die getrouheid en oorwinning van die Koning van die kerk waaroor ons ons saam met julle verbly!

Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood (1 Petr. 1:3). By die kruis en die oop graf begin die lewe van elke lid van sy kerk wat Jesus as Here ken. En sedertdien het Hy met sy kerk opweg gegaan en kon miljoene gelowiges se onverskrokke belydenis die afgelope 2000 jaar nie stilgemaak word nie.

Die pad van 50 jaar wat die gelowiges van Potchefstroom-Oos gestap het, is deel van Jesus Christus se oorwinningstog na die groot Begin. Mag julle, maar ook die res van die gelowiges van Potchefstroom en Ventersdorp juigend volhard op hierdie pad.

Ds Eljam Vosloo (NG-Vyfhoek)

Voorsitter - Ring van Potchefstroom

Mei 2011

Herinneringe aan die halfeeupees, 2-4 September 2011

... die groot makietie het al Vrydagaand afgeskop met 'n skaap-spitbraai. Daar was feeswyn, wat geskenk was om te koop – nie om oor boord te gaan nie, maar gesellig saam te kuier. Die kuieraande van Potch-Oos was en is steeds baie lekker en gesellige aande. So leer ons die nuwe lidmate ken en hulle voel sommer tuis.

Saterdag 3 September, het die feesnaweek in alle erns begin met ons jaarlikse Basaar – en wat 'n fees vir die oog!! Tafels wat kreun met beskuit, brood, koeke en terte, kleinkoekies en poedings!! Te kies en te keur – te veel om op te noem. Die geur van pannekoek was my eerste gewaarwording- wat is enige basaar dan sonder pannekoek en poeding?... Annie Jacobs en Annatjie Oberholzer het pragtige gordyne en tafeldoekie vir die saal gemaak... monumente is nagelaat wat nog 'n 50 jaar plus tot ons sal spreek...

4 September 2011: Uiteindelik het hierdie groot gebeurtenis aangebreek waarna ons so lank uitgesien het. Ek glo dat niemand, wie nie self betrokke was met die voorbereidings van alles wat gedoen was, ooit sal besef wat dit geverg het, om dit wat ons nou sien, tot stand te bring nie. Sondag se feesdiens was 'n onbeskryflike ontmoeting met die Here van meer as twee uur lank. Na die verwelkoming van ouderling Thinus Jacobs is feesgroetes gebring deur ds Eljam Vosloo namens die Ring van Potchefstroom en ds Jackie van Rensburg, moderator van die Sinode van Wes-Transvaal. Ds Wesley Lamprecht het op die trompet "Nader my God" gespeel en ds Giepie Peens het die wet tot met die geloofsbelydens hanteer. Ds Stefaan de Jager het die Woordverkondiging gebring oor 2 Kronieke 25 vers 1 – 16. Die doop is bedien deur ds Fanus Hansen waarna mev Marietjie Labuschagne 'n voordrag lewer. Ds Pieter Conradie lees die Nagmaalsformulier en bedien die Nagmaal, waarna ds Fanus Hansen die formulier lees vir die openbare belydenis van geloof aflê. Hierna word die erediens afgesluit met die preekuitsending deur ds Gerrie Lamprecht na die opneem van die dankoffer ...

Herinneringe: Martie Swanevelder, 2011



Vlnr: Ds Pieter Conradie, Anna Conradie, ds Giepie Peens, Jeneken Lamprecht, ds Wesley Lamprecht, Femke en Theuns Krüger (lg. lidmate sedert die eerste dekade van kerkstigting)



Marietjie Labuschagne-de Jager



Tinus Jacobs leier-ouderling

Geborg deur: Frik Kirsten

OUD/HUDIGE Leraars en Lidmate



Ds. Fanus en Tessa Hansen
Clarissa en Fanus Jnr.




Ds. Gerrie en Janie Lamprecht
Gertjie en Mienie



Ds Stefaan de Jager en Gesin



Ds Chris Craus en Gesin



Ds Wesley Lamprecht en Gesin



Geborg deur: Louis en Elsabé Botha



Hannes Gelderblom, Giepie Peens, Bettie Gelderblom, Corrie Brooks, Theuns Krüger, Femke Krüger



Geborg deur: Renier en Magda van Rensburg en gesin



Geborg deur: Renier en Marilyn van Rensburg



FEESPROGRAM, 4 September 2011

VOORSANGERS

Ronel Stander
Luzanne Veldsman
Christo Jordaan



VERWELKOMING

Oudl Tinus Jacobs

FEESGROETE

Voorsitter – Ring van Potchefstroom
Ds Eljam Vosloo



Moderator – Sinode van Wes-Transvaal
Ds Jacie van Rensburg

NADER TOT GOD

Ds Wesley Lamprecht

Votum:

Ds Wesley Lamprecht



Introitus:

"Laat die loflied opklink" - Koor

Seëngroet:

Trinitaries

Vredesgroet:

Gemeente deel die groet onderling

Lofprysing:

Olv Babette Viljoen en kamerorkes
LB 201 (Lofsing die Heer, buig voor hom neer)
LB 190 (Grote God, aan u die eer)
LB 184 (Lofsing die Here, die ewige)
Ps 33 (Sing juigend)
LB 200 (U goedheid, Heer)
Ps 100 (Juig al wat leef)
LB 215 (Besing die lof van Jesus)



Ds Giepie Peens



Wet:

Dekaloog

Skuldbelydenis:

Stil gebed

Litanie:

LB 241:1

Genadeverkondiging:

Ds Peens

Lofprysing:

Tienerliedere olv Tania Louw
In die hemel is die Heer
Blessed be your Name
One way!

Geloofsbelydenis:

Apostolicum



WOORDVERKONDIGING

Ds Stefaan de Jager

Epiklese:

Gebed vir die opening van die Woord

LB 209

Skriflesing:

2 Kronieke 25:1-16

Prediking:

"Met my hele hart" - Oor die verskil tussen 'n halfhartige - en 'n heelhartige doen wat die Here vra.

Slotgebed:

Ds de Jager

DOOP

Ds Fanus Hansen



Doopformulier:

Doopbediening aan:

Jacobus Coenraad van Aswegen & Anjané Smith

Koorsang:

"Laat Heer u seën op hul daal"

VOORDRAG

Tannie Marietjie Labuschagne de Jager



NAGMAAL

Ds Pieter Conradie



Nagmaalformulier:	nav 1 Kor 11
Tafel in gereedheid:	Anna en Theuns en Femke Krüger sit aan die tafel
Lied:	LB 295:1
Kommunie:	Uitdeel van die tekens
Dankgebed:	Ds Conradie
Lied:	LB 295:3

BELYDENIS VAN GELOOF

Ds Fanus Hansen



Formulier:	
Openbare Belydenis van Geloof:	

Melissa Jansen
Karen Engelbrecht
Henrico Lazenby
Anchen Liebenberg
Melissa Combrinck
Ruan Viljoen
Marco van Vuuren
Corne Munnik
Alfred Roussouw
Lyndan Schutte
"Gaan dan heen!"

Seënbede:

UITSENDING

Ds Gerrie Lamprecht



Dankoffer:	Orkes begelei
Uitsending:	"Kerk van die Woord"
Slotsang:	LB 281:1 tot 3
Seën:	Ds Lamprecht
Beaming:	"Amen"
Uitstap:	olv orkes



Koorlede - voor regs: Petro Benadé, Johanna Müller, Starr Veldsman, Petro Pretorius met Babette Viljoen as orrelis

Geborg deur: Dirk en Anneke van Schalkwyk en gesin

Kerkkoor

Kol 3:16 – “Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing”.

Babette aan die woord:

Met die oog op die gemeente se 50-jaar-bestaansvieringe, is 'n kerkkoor op die been gebring (volgens oorlewering, die eerste kerkkoor na jare se afwesigheid). Sodoen- de was meer gemeentelede, op musikale wyse, deel van die feesvieringe van danksegging. Die belangstelling was verbasend groot, en sommer gou is 'n koor met 25 lede in Mei 2011 onder leiding van die orrelis, Babette Viljoen, gestig. Die jongste lid in die koor is 17 jaar oud, en die oudste, 87 jaar. Die koor sing vierstemmig, en het hul debuut by vanjaar se feesvieringe op uitbundige wyse gemaak met “Laat die loflied opklink!” Die kerkkoor het ook by die kerssangdiens opgetree en beplan om ook by ander geestelike hoogtepunte, byvoorbeeld die nagmaal, Paasfees, ens. te sing. Die kerkkoor se doel is om enigteen wat wil sing, van die hoogs musikaal opgeleides, tot die met geen musikale opleiding, te verwelkom om die opdrag van Kol 3:16 uit te leef.

4 SEPTEMBER – TEE EN VERVERSINGS IN DIE SAAL





Die feesjaar sluit af met die Kerssangdiens 2011

(Jesaja 60:1) Kom, Jerusalem, laat skyn jou lig! Vir jou het die lig gekom, die magtige teenwoordigheid van die Here het vir jou lig gebring. Daar is donkerte oor die aarde, duisternis oor die nasies, maar oor jou gee die Here lig, oor jou verskyn sy magtige teenwoordigheid." **(Jesaja 49:6b)** Ek maak jou 'n lig vir die nasies sodat die redding wat Ek bewerk, die uithoeke van die aarde sal bereik.

'Lig vir die wêreld' was die kern van vanjaar se kerssangdiens. Die kinderbediening het in uitrustings, in die styl van die herders uit die Bybelse tyd, die gemeente ingewag en programme uitgedeel en ook later 'Al was ek nie daar nie' met oorgawe gesing. 'n Stampvol kerkgebou het nostalgies en hartlik die tradisionele kersliedere gesing. 'Betlehemster', 'Laat die loflied opklink' en 'Met middernag' was deel van die kerkkoor se repertoire. 'n Ensemble en verskeie duette, deur Steffie Le Roux, Ronel Stander, Andries D'Alebout, Dirk Cilliers, Luzanne Veldsman en Tertia Hindley, het ook bygedra tot die feestelikeheid. Voorlesings uit die Bybel deur Femke Krüger en Schalk Marx en 'n kort boodskap deur Ds. Fanus Hansen het die opdrag van 'versprei die lig vir die wêreld' beklemtoon. Die aand is op 'n simboliese wyse afgesluit waar die gemeentelede die lig versprei het deur elkeen 'n kers aan te steek by die persoon langs aan, en "Helder skyn U lig vir die nasies" gesing is. In 'n donker kerkgebou, met net die gemeente se kersliggies wat brand, is daar met 'Stille nag' afgesluit.



Herinneringe: Babette Viljoen, Julie 2012 (Verwerk)

- **‘n Terugblik en nuwe uitdagings**

Ds AC Viljoen, die eerste leraar van NG-gemeente Potchefstroom-Oos, het in sy intreepreek – Julie 1961 – immergroen gedagtes met die jong Gemeente gedeel:

...geliefde gemeente, bid vir ons! Hou aan om vir ons te bid!...die werk is groot en ons het werklik elkeen se ernstige voorbidding nodig, en ook elkeen se hartlike ondersteuning. Moet tog nie sê: 'Ek is te oud of ek is sieklik of ek isd nog jonk, of ek is te besig, of ek is nie geleerd nie, of ek is te arm'. Nee! Elkeen kan iets doen om die Gemeente op te bou...

Gebed en tyd is en bly die sleutel tot 'n gesonde en hegte geestelike gesin. Die leiers wat voor gevat het hierin, word opsommend onthou:

‘n Dankbare refleksie op die ankers van weleer in die ‘akker van God’

Tydens 'n feesgeleentheid is dit lekker om terug te kyk. Dit sou onverskillig wees as ons voorgangers nie erken word vir die werk wat hulle hier in Potchefstroom-Oos, in hierdie besondere 'akker van God' verrig het nie. Dit is heerlik om die verhale te hoor van dr Ben, so statig, korrek, deeglik, vertel almal met 'n glimlag; Lappies wat almal se vriend was, so nederig; Pieter met sy rustige kalm manier waarop hulle 'n kollegaspan gevorm het, Gawie met sy ywer vir die onbereiktes, Chris, die kort een wat altyd nog 'n plan gehad het; Josef wat die kerk, konsistorie en kerktuin vol gepreek het; Wesley se pastorale bewoënheid, sy ekstra myl saamloop en Stefaan wat dinge kom rustig maak het ...

Herinneringe (verwerk): Ds SS Hansen, 2011 feesgeleentheid.

Lidmate onthou ook, veral hulle wat 'n goeie klompie jare se lojale pad met die Gemeente gestap het, en ervaring met wysheid kan deel met die oog op die toekoms:

Geesdrif vir Christus gloedvol sigbaar

Ten slotte is dit belangrik om te beseef dat ten spyte van op-en afdraendes in elke Gemeente is dit hoe ons dit hanteer, bid daarvoor en mekaar ruimte gee om te mag verskil. My gebed vir Potch-Oos gemeente is dat die Here ons sal seën, dat ons 'n gemeente sal wees wat lief is vir Hom en mekaar en dat ons dit wat ons elke Sondag ontvang sal uitleef en uitdra en tot seën sal wees vir ander! Dat ons mekaar sal bystaan en help sodat ons kan verander en wees soos die Here wil hê ons moet wees. Dat daar strukture sal wees maar dat dit nie in die pad sal staan van die ware bedoeling van gemeente-wees nie. Om uit te reik met suiwer bedoelings, om te gee sonder om terug te ontvang.

Dankie vir elke leraarspaar wat hulle bydrae gelewer het al die jare en dan ook nou aan ds. Fanus en Tessa vir hulle hartlikheid en 'n kononoia wat hulle gebring het in ons Gemeente. Daar het al soveel verbeterings en veranderings gebeur in en om ons kerkgebou en Gemeente en daarvoor sê ons baie dankie!

Herinneringe: Femke Krüger, 2011.

Inderdaad was en is daar altyd beter tye en moeiliker tye, hartseerdae en oomblikke van vreugde. Lidmate van die NG-gemeente Potchefstroom-Oos sedert 1961 tot 2011, en hulle wat hierna volg, sal daarvan kan getuig. Die leraars eweso. Elk het 'n seisoenale verhaal. Om te midde van, en ongeag, te kan sê “ek en my huis sal die Here dien”, is die suiwerste vorm van kind wees op alle terreine van geestelike deelname.






AREND MÜLLER ARGITEKTE & MEDEWERKERS
 B.Arch CUM LAUDE UV 1972, DIPL.MUSEUMKUNDE UP 1978

SACAP 5927 SAIAT8008 NWPIA 1121

POSTNET#40, PRIVAATSAK X1288, POTCHEFSTROOM 2520
 MOZARTWEG 23, VD HOFFPARK POTCHEFSTROOM 2531

SEL: 083 447 5010



POTCHEFSTROOM

Auto Glass • Mirror • Building Glass
Showers • Tinting • Patio Doors

Tel: (018) 293-0532 / 3

1 Walter Sisulu Ave

CALL 0860 03 03 03

*As leiers in die bedryf glo ons nie net
dat gesonder grond ook gesonder kos
produseer nie, maar meer belangrik 'n
gesonder toekoms.*



POWERED BY

PROFERT

VOLHOUBARE GROND-OPLOSSINGS

*Vir meer inligting oor ons Pro-gro Verrykingsprogram en
Profert produkte, stuur vir ons 'n epos ons na
info@profert.co.za, of skakel ons by:*

Hoof kantoor: 018 293 3530, Sentrale area: 056 212 9565

Kaap: 021 555 2310, Kwazulu-natal: 032 486 1571,

Oos Kaap: 041 486 2365

of besoek ons webwerf by www.profert.co.za



Tel: (018) 294 6544
Faks: (018) 293 2391
E-mail: krugerthg@gmail.com
Retiefstr 63
Potchefstroom
2531

TG Krüger Eiendomsagentskap (Edms) Bpk. BTW/VAT # 454 024 8285 Reg # 2004/006122/07

Eiendomsagent Waardeerder Stadsbeplanner

TG Krüger Eiendomsagentskap is 'n derde-geslag familiebesigheid wat sedert 1952 in Potchefstroom werksaam is

Die besigheid word deur drie eienaars besit en bestuur, en spesialiseer in die verkoop, verhuring en waardasie van alle tipes vaste eiendomme

Theuns Snr en Rumpff is geregistreeerde Professionele Waardeerders, en Theuns Jnr 'n geregistreeerde Stads- en Streeksbeplanner

Kontak ons gerus vir enige hulp met u eiendomsake. Ons het dekades ervaring, en is trots daarop om met integriteit en realisme u tot hulp te wees

Hoop jy al jou harde werk bring jou iets in die sak?

Waarvoor jy ookal hoop, maak seker dat jy die regte plan daarvoor inspan. Ek kan jou deur die besluite lei wat jou finansiële toekoms sal beïnvloed. Met Sanlam se omvattende portefeulje oplossings kan ek voorstelle maak oor wat jy werklik nodig het.

- Spaar en beleggings
- Persoonlike dekking
- Voorsiening vir jou kinders se opvoeding
- Aftreevoorsiening
- Testamente en trusts

Bel my vir deskundige advies, aangevul deur korttermynversekering en selfs belasting-ontleding indien nodig.



Cecil de Villiers
018 290 7829
083 456 8769
cecildevilliers@sanlam4u.co.za

Sanlam CIO06ICS3413BPA

SANLAM LEWENS IS 'N GELISENSEEERDE VERSKAFFER VAN FINANSIËLE DIENSTE

 **Sanlam**
Ons dink vooruit

Pick n Play

Van der Hoff Park

**Dankie, NG Kerk Potchefstroom Oos,
vir jul dienswilligheid om God se liefde
met ons gemeenskap te deel.**

Dankie vir jul getroue ondersteuning.

Ons wens jul menige vrugbare jare!

Veels geluk!



Geweer- en boogjag

Huisvesting vir 8 persone.

Lapa, koelkamer en
slaggeriewe.

Kom beleef 'n persoonlike
jagervaring te voet

Francois en Cornelia Squirra

083 5244 084

053 573 0185

Posbus 3723 Diamond 8305

www.plain-game.co.za

BOSHOFF DISTRIK

Vlooiemark

**walter Sisulustr 223
en Du Plooystraat 55
Potchefstroom**



Pandwinkel
 018 294 5503
Meubelwinkel
 018 294 5505

Posbus 1886
Potchefstroom
2520

Gerrit van Niekerk
(Eienaar)

Sel: 082 930 8009

E-pos: santavn@webmail.co.za

Gratis kwotasies
Ons koop en verkoop

Afslaers **UBIQUE** *Auctioneers*

Poortmanstr 37

Potch Industria (Direk langs N12)

Ubique Afslaers spesialiseer in die vinnige en veilige verkoop van plase, residensiële-, en kommersiële eiendomme. Ons nuwe adres leen hom daartoe om op gereelde basis ook losgoedere te verkoop:



Ons kontakbesonderhede:

Rudi Müller: 082 490 7686: Anria Gerber: 082 905 7563

Anton Müller: 018 294 7391

***GELUK AAN DIE NG GEMEENTE POTCH OOS MET DIE
UITGEE VAN HIERDIE GEDENKBLAD TER VIERING VAN
JULLE 50 JARIGE BESTAAN.***

TEROINON

ULTRA AUTO


ULTRA
CENTRALE



RASSIE
082 648 4494



100 Beyers Naude Ln, Potchefstroom
(018) 297 5928
Anton 082 773 7945



Anton de Waal
Nuwe Eienaar

ONS KOOP MOTORS KONTANT AAN

ANNIC VERSPREIDERS B.K.

T/A Ultra Liquors Central
78 James Moroka Ln
Potchefstroom
2520

018 2930 580/1
FAX 018 2930 581
O827737945



RJ VERSPREIDERS